JOE SLOVO
'N OOP GESPREK

# Vrye Weekblad

14 - 20 MEI 1993 R3,00 (BTW INGESLUIT)



Top-Broeder se skokbedanking

Die storie van 'n plaaswerker


Hillary-bashing: dis suur druiwe

Constand Viljoen se tweelingbroer Braam oor boere en generaals

## DIE GENERAALS EN DIE 'WEGHOL-REVOLUSIE'

# INHOUD N° 220

14 - 20 MEI 1993




**8 - 11 Constand en Abraham Viljoen** is 'n identiese tweeling. En identies is in hulle geval werklik identies - selfs hul stemme klink dieselfde. Boonop is albei boere. Tog is daar 'n kloof so groot soos die Suid-Afrikaanse werklikheid tussen hulle. Ons het dié week met albei broers gesels

**13 - 15** Neither violence nor murder nor the 'cabal of generals' can be allowed to immobilise the negotiation process, **Joe Slovo** tells **WALLY MBHELE.** Slovo talks about the ANC's response to the right wing, his view of State President FW de Klerk, Cosag's future in the negotiation process and Apla's continued attacks

18 & 19 Jy het gedink net Boere kan 'n broedertwis hê? **MAX DU PREEZ** kyk na die jongste twis tussen die *Sunday Times* en *The Star*



**30 & 31 Barney Simon,** one of the kingpins in the South African theatre story - workshop guru, artistic director of the Market Theatre, renowned playwright, actor's kind of director, sometimes even a film scriptwriter and lyricist - talks to **CHARL BLIGNAUT**





## AKTUEEL
4 - 7 DIÉ WEEK
12 DINGE WOEL BY DIE WORLD TRADE CENTRE

## MENSE
17 CISSIE GOOL VAN DISTRIK SES
20 ROOS SKOSANA VAN AFGROND

## INTERNASIONAAL
22 HILLARY BASHING: THE TRAVAILS OF A POWER WIFE

## RUBRIEKE & MENINGS
3 VRYDAGOGGEND SAAM MET MAX DU PREEZ
24 BRIEWE VAN ONS LESERS
26 BROLLOKS
27 NETTIE PIKEUR
36 KLIPOOG OOR DIE WEEK SE TV

## BOEKE
28 WAT VIR 'N DING IS 'GAY LETTERKUNDE' NOU EINTLIK?
29 CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN RESENSEER *POSSESSION*

## KUNS EN VERMAAK
32 TEATER- EN FILMRESENSIES
34 FRED VAN STADEN OOR TRUK SE *CONSERVATOIRE* EN *LA SYLPHIDE*
35 CHARL BLIGNAUT PRAAT MET KENDELL GEERS
36 FILMRESENSIES
37 CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN OOR *VALMONT*
38 VRYE KEUSE EN ROLPRENTGIDSE



Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk
(Reg. No. 88/40168/06).

**WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:**
Breestraat 153, Newtown, Johannesburg.
**POSADRES:** Posbus 177, Newtown 2113.
**TELEFOON:** (011) 836-2151
**FAKS:** 838- 5901

**PRETORIA-KANTOOR** (012) 83-4879

**REDAKTEUR:** Max du Preez
**ASSISTENT-REDAKTEUR:** Ina van der Linde
**POLITIEKE KORRESPONDENT:** Hennie Serfontein
**SUB-REDAKTEUR:** Ryk Hattingh
**KOPIEREDAKTEUR:** Johannes Bruwer
**ONTWERP:** Anton Sassenberg
**VERSLAGGEWERS:** Esma Anderson, Wally Mbhele, Charl Blignaut, Christi van der Westhuizen, Virginia Keppler, Beverley Mitchell
**OMGEWINGSKONSULTANT:** Tienie du Plessis
**REDAKSIE-ASSISTENT:** Nicolette Viljoen
**FOTOREDAKTEUR:** Sally Shorkend

**FINANSIËLE BESTUURDER:** Mark Beare
**BESTUURDER (BEMARKING):** Elize Viljoen

**KANTOOR-ASSISTENTE:** Joseph Moetaesi, Vernon Zulu

# so sê hulle

"Constand Viljoen is die man wat die manne bymekaar gaan bring." - Onafhanklike LP **KOOS VAN DER MERWE**

"I don't want it to run on like a silly soap opera." - **PRINSES DIANA** *oor haar mislukte huwelik op 'n geheime bandopname van 'n gesprek met haar man*

"We love you." - *'n vrou met 'n Europese aksent aan die vermeende moordenaar van Chris Hani, Janusz Walus, in die hof*

"Onderhandelinge sloer reeds so lank, daar is beslis fout - en nie net aan die kant van die vyand nie." **WINNIE MANDELA** *in 'n onderhoud met CCV-TV*

"Toe sê ek aan hom: 'Jou klein donnertjie, nou steek ek jou dood!'"
Die 71-jarige **JUDITH ALBERTS** *van Bloemfontein wat vertel hoe sy 'n inbreker uit die huis gegooi het*

"Yes, sir, during my term absolutely."
**CHRISTO VILJOEN,** *voorsitter van die SAUK-raad, op 'n vraag van die paneel regslui of die SAUK objektief was.*

"The SABC has over the years been a foreign and unsympathetic medium as far as black people are concerned, always comforting those in power and rubbing salt in the wounds inflicted by apartheid." - **SOWETAN** *in redaksionele kommentaar*

"Ek het al Suid-Afrika se nasionale simbool van boosheid geword."
**NATANIËL** *oor die kontroversie wat rondom sy White Soul-vertoning losgebars het.*





Dov Fedler in *The Star*

# het jy geweet?

**Die jongste teorie oor drome is dat elektriese seine wat lukraak in die harsingstam opgewek word, 'n toevallige mengsel van beelde en gevoelens stimuleer en dat die brein dan 'n verhaal - die droom - saamflans in 'n poging om dié prikkels te verduidelik.**

**Op 31 Desember 1991 was daar wêreldwyd 420 kernreaktors in werking en 76 in aanbou. Die VSA het verreweg die meeste kernreaktors - op dié datum was daar 111 in werking en 3 in aanbou; gevolg deur Frankryk met 56 in werking en 5 in aanbou; die voormalige Sowjet-Unie met 45 in werking en 25 in aanbou; Japan met 42 in werking en 10 in aanbou; die Verenigde Koninkryk met 37 in werking en 1 in aanbou; Duitsland met 21 in werking; en Kanada met 20 in werking en 2 in aanbou.**



# vrydagoggend
## MET MAX DU PREEZ

## OPE BRIEF AAN CONSTAND VILJOEN

Beste Generaal,

Miljoene wit en bruin Suid-Afrikaners van alle politieke skakeringe het vandeesweek stilletjies die kop instemmend geknik toe jy jou agenda op TV1 verduidelik het.

Jy het op 'n eenvoudige manier verwoord wat só baie mense voel: ons wil praat en onderhandel, ons is nie ongeneë tot 'n demokratiese skikking in een Suid-Afrika nie, maar ons kan dit nie in die revolusionêre klimaat om ons en met al die geweld en onveiligheid doen nie.

En jy was so billik, so hoflik en bedaard. So anders as die ander regse leiers wat so vol haat en nyd en fascistiese parafernalia hul rassisme verkondig. Ek het gevoel jy is 'n man met wie ek kan praat.

Ek dink nie jy is 'n bullshitter nie. Ek het al 'n hele paar keer as militêre korrespondent en selfs een keer as dienspligtige met jou te doene gehad, en jy het vir my gelyk na 'n man wat reguit praat en reguit skiet. Jou broer Braam sê vir my jy is 'n man van integriteit, so ek aanvaar dit, want Braam is 'n man van groot integriteit.

Maar ná ek na jou geluister het en gelees het wat jy vir kollega Ina van der Linde gesê het, krap daar 'n hele paar dinge aan my.

**MISKIEN MOET** ek sê dit is duidelik dat jou politieke ervaring dié van 'n soldaat en 'n boer is. Dit smaak my nie jy verstaan die nuwe politiek ná Februarie 1990, die nuwe internasionale situasie, die verhouding tussen politiek en ekonomie en van die aard en wese van die swart politiek baie goed nie.

Miskien moet jy vir 'n oomblik jou soldaat-pet opsit en weer dink. As generaal het jy mos al by geleentheid in Angola moes besluit om jou magte eerder strategies te onttrek en te konsolideer as om in 'n onmoontlike situasie in te gaan waar jy nie kan wen nie. Dink só daaraan: Politiek, nes oorlogvoering, is die kuns van die moontlike.

Julle mense wat so lank en ernstig aan apartheid geglo en met julle lewens verdedig het, moet nou waaragtig begin besef julle het die stryd verloor. Kom ons laat die morele oorwegings eers eenkant; die eenvoudige waarheid is dat Afrikaner-nasionaliste soos jy self vier dekades lank apartheid probeer toepas en maak werk het, en julle kon nie. As 'n ideologie en 'n regeringstelsel het dit misluk. Jou eie Totale Aanslag-mentor, PW Botha, het dit al deeglik besef. Die oormag van binnelandse weerstand, geweld, buitelandse isolasie en 'n verswakkende ekonomie was eenvoudig te groot.

Die enigste manier waarop jy die gety sou kon keer, sou wees om krygswet af te kondig, alle vryhede vir alle burgers op te skort, "ethnic cleansing" soos in Bosnië-Herzegovina toe te pas, miljoene mense dood te skiet en op te sluit, en terug te trek in 'n laer van geïsoleerde primitiwiteit.

Dis mos nie 'n lewe wat jy en ek of enige ander Afrikaner of Suid-Afrikaner in die land van ons geboorte wil lei nie, of hoe?

**AS JY SOVER** met my saamstem, kom ons kyk na die alternatief. As die status quo nie gewerk het nie en 'n Bosnië-primitiwiteit nie aanvaarbaar is nie, dan is die enigste alternatief mos om mense hul vryheid te gee en die gemeenskap oop en regverdig te maak - om die wortel van die kwaad uit te roei. Dit beteken gelyke burgerregte - dus ook stemreg - vir alle Suid-Afrikaners. Ek is seker dit het vir FW de Klerk sooibrand gegee, maar dit was die enigste keuse voor hom toe hy by PW oorgevat het en die keuse wat hy, genadiglik vir almal van ons, uitgeoefen het. En nou, drie jaar later, kan ons dit nie ongedaan maak nie - al blaas en dreig en skreeu ons tot die perde horings kry.

Jy het jou hele lewe lank met troepe gewerk, so jy ken mense. Ek hoor jy is ook 'n man met kennis van die geskiedenis. Dan moet jy mos weet dit was onvermydelik dat daar 'n sekere minimum morsigheid en onstabiliteit sou kom as 'n mens 'n staatsbestel van soveel geslagte eensklaps verander en 30 miljoen mense wat eeue lank net onderdrukking geken het, vrymaak. Dis soos 'n vrou wat geboorte gee: dis 'n wonderlike ding, maar sonder pyn kan dit nie gebeur nie.

Dis waar ons nou is. Die "revolusionêre klimaat" waarvan jy praat; die onsmaaklike uitlatinge; die alewige getoyi-toyi deur die strate is alles die energie wat noodwendig vrygestel moet word wanneer daar vinnig verandering kom.

**DIS HALF ERG,** ek weet, maar dis ook nie onverwags nie en dit is so min of meer onvermydelik. Al wat 'n mens daaraan kan doen, is om dit op hanteerbare vlakke te hou. Ons is inderdaad midde-in 'n soort revolusie, maar dank die Vader dit is grotendeels 'n onderhandelde revolusie.

(Terloops, jou ontleding dat die Kommuniste agter alles sit, is regtig baie ver van die kol. Kommunisme is régtig dood, generaal.)

Apartheid, die droogte en die wêreld-resessie het ons arm gemaak. Dit, saam met die onstabiliteit waarvan ek gepraat het, het gelei tot 'n vlaag van misdadigheid soos ons nog nooit ervaar het nie. Die oorgrote meerderheid aanvalle op boere en hul gesinne is bloot deel van dié verskynsel.

Hoe is dit dat julle boere dit nie kan verstaan nie, en dit alles op FW de Klerk se brood smeer? Ek het groot simpatie daarmee dat dit vir 'n gesin op 'n afgeleë plaas verskriklik is om gedurig in vrees te lewe. En dis reg dat julle jul stemme dik maak daaroor. Maar om dit 'n rasse- en politieke kleur te gee eerder as om dit as 'n veiligheidsprobleem te sien, is myns insiens dom en onverantwoordelik. Hoekom kom julle boere en julle werkers nie liewer bymekaar in die verskillende streke nie en ontmoet afvaardigings van die plaaslike ANC en PAC en civics en bespreek julle probleem met hulle? Is julle boere deur die jare só deur die Nasionale Party-regerings opgepiep dat julle nie meer self 'n probleem kan oplos nie? As jy wil hê ek moet jou help om sulke vergaderings te reël, bel my net.

**EK MOET SÊ,** julle vergadering op Potchefstroom met al sy rassistiese uitsprake en plakkate en dreigemente het julle saak g'n niks goed gedoen nie. Julle isoleer julle net al verder van die res van Suid-Afrika se bevolking.

Op 'n politieke vlak sê jy onderhandelinge moet eers gestaak word tot die geweld oor is. Nee man, sit nou weer jou generaalspet op. Dis mos nou nie 'n strategie wat gaan werk nie. Dis juis die gebrek aan 'n verteenwoordigende regering en mede-seggenskap wat aan die wortel van die geweld lê. As ons onderhandelinge uitstel, dan stel ons mos die bereiking van dié ideale ook uit, en dan kan geweld mos net erger word. Slim taktiek, glo ek, sal juis wees om die onderhandelinge vinniger te laat vlot. Kom ons kry die bleddie probleem agter die rug.


Oor julle drome van 'n volkstaat of 'n wit tuisland kan ons op 'n ander keer praat. Laat ek nou volstaan deur te sê as julle dalk dié droom bewaarheid gaan kry, gaan dit deur onderhandelinge wees en nie deur rassistiese regse mass action en bloedvergieting nie.

Ek is nogtans bly jy het jou gesig in die politiek kom wys. Daar is baie duisende ordentlike konserwatiewe mense wat beter verdien as die rassistiese clowns wat hulle as leiers het.

Ek sien uit daarna om jou rol dop te hou as 'n koelkop-onderhandelaar wat gaan help om gemoedere te laat bedaar en werklike oplossings te soek eerder as om die spel van die linkse radikale te probeer speel en die politieke temperatuur verder te laat styg.

Groetnis en sterkte.

## CHRISTO VILJOEN IN DIE SPERVUUR



Christo Viljoen

**DIE** eerste keer sedert sy bestaan is daar in die openbaar onderhoude gevoer met kandidate wat benoem is vir die SAUK-Raad. Dié stap volg nadat die Raad uit verskeie oorde gekritiseer is as onverteenwoordigend en daarop aangedring is dat die proses waardeur die Raad aangewys word, deursigtig moet wees en die publiek die reg het om dit by te woon.

Die 86 kandidate op die kortlys word tot Saterdag deur 'n paneel regsgeleerdes onder leiding van die Kodesa-regters Ismail Mohammed en Piet Schabort ondervra, waarna die Raad op 31 Mei bekend gemaak sal word.

Een van die belangrikste onderhoude - en sekerlik ook die interessantste - was dié met die huidige voorsitter van die SAUK-Raad, prof Christo Viljoen, wat veral deur Mohammed gepeper is in Nüremberg-styl.

Viljoen het 'n patetiese prentjie gevorm toe Mohammed hom uitvra oor die eensydige beriggewing van die SAUK en hul voorkeur aan wit parlementêre politiek en wit politieke belange.

Na heelparty vrae aan Viljoen van ander paneellede oor die partydige "nuusbeleid" van die SAUK, waarin hy enige partydigheid ontken het en gesê het die SAUK moes ook onder die media-beperkinge van die Noodtoestand funksioneer, het Mohammed hom eindelik in 'n hoek gekeer oor die SAUK se beleid om nie buite-parlementêre politiek uit te saai nie.

"Was die buite-parlementêre politieke standpunte dan almal onwettig?" het Mohammed gevra, waarop Viljoen geantwoord het: "Sommige was."

Mohammed het Viljoen daarna gevra of swartmense kon stem vir verteenwoordigers in die parlement, waarop Viljoen "nee" moes antwoord. Mohammed het aan Viljoen gevra of swartmense se politieke betrokkenheid dan nie tot buiteparlementêre politiek beperk was nie. Viljoen was sprakeloos.

Op die vraag of dit nie 'n verkeerde beleid was en of hy nie spyt is nie, het Viljoen gesê dat dit wel verkeerd was en dat hy spyt is daaroor. Hy het homself verdedig deur te sê die Raad het onafhanklik sy beleid verander en dat die SAUK nie meer dieselfde organisasie is as voor 1990 nie. Mohammed het sarkasties opgemerk dat dit 'n "merkwaardige toeval" is dat dié besluit net 'n maand voor die regering se ommekeer gekom het.

Dit is jammer dat al die kandidate egter nie aan dié soort ondervraging onderwerp is nie, veral aangesien politieke korrektheid so hoog op die agenda van die kandidate was en 'n mens sou wou weet hoeveel daarvan blote lippetaal is.

Die meeste vrae aan kandidate het gehandel oor hul moontlike lidmaatskap van politieke partye of geheime organisasies, hul siening van regstellende aksie, sensuur, die belang van die onpartydigheid van die Raad. Die vraag wat egter die meeste gevra is, was oor die noodsaaklikheid dat die Raad meer verteenwoordigend van die algehele bevolking moet wees en hoe die kandidate hul rol binne so 'n Raad sien en hoe die Raad moet funksioneer. - ESMA ANDERSON

## 'A SLAP COULD GET ONE SUSPENDED,' MLANGENI TELLS TORTURE INVESTIGATION

### The third Commission of Inquiry into allegations of torture and cruelty in ANC camps got underway yesterday. **WALLY MBHELE** reports

**ONE** of the famous Rivonia trialists, Andrew Mlangeni, who was on Robben Island with Nelson Mandela, was once allegedly suspended from the African National Congress for "slapping" another political prisoner on the island.

Mlangeni gave this evidence at the third Commission of Inquiry into allegations that ANC prisoners in camps in Tanzania and Angola suffered cruelty and human rights abuse by the ANC members. He said the ANC has always been concerned about the dignity of other prisoners.

Appointed by the ANC president, the Commission is chaired by the former Nafcoc president, Dr Sam Motsuenyane, assisted by Margaret Burnham, a professor of Law at Massachussets Institute of Technology and David Zamchiya, an advocate of the High court in Zimbabwe.

The Motsuenyane Commission is the third to investigate the conditions of the former prisoners and detainees at the ANC camps. It follows hot on the heels of the Stuart Commission, Skweyiya Commission and the Douglas Commission which was appointed by the rightwing International Freedom Foundation. Amnesty International, which observed the Skweyiya Commission, has also recently released its own report into the abuses of human rights at ANC camps.

**AMONG THE** allegations that the Commission is investigating is that senior officials of the ANC were aware of the alleged cruel and brutal acts and failed to act against the perpetrators; and that former prisoners have gone missing and have not been accounted for. The Commission is to investigate whether certain ANC members have breached its code of conduct and whether certain members have acted in any manner which brings it into disrepute or justifies disciplinary action.

In his opening statement Counsel for the Commission, Vincent Maleka, said his team would use sworn statements from various witnesses, the ANC's own Code of Conduct, the Geneva Convention on the treatment of prisoners and the ANC's Freedom Charter and reports of previous commissions which looked into the same matter.

Dullar Omar, the legal representative for the ANC members against whom the allegations have been made, said his team would "try to assist to seek the truth and get to the bottom of the matter" and not to indulge in cross examination.

Saying his team does not contend that no violations took place, Omar said he would paint the conditions which existed outside and inside South Africa to bring attention to the background conditions that could have led to torture.

Referring to the ANC's adoption of a Code of conduct in 1985 - after hearing of abuses and because of the organisations committment to Human Rights - Omar said that no liberation movement in the "world has ever adopted the kind of code of conduct adopted by the ANC."

**OMAR SAID** although the ANC was part of the Geneva Convention, he would argue that not a single one of the former detainees qualifies to be a prisoner of war.

Replying to a question from Omar, Andrew Mlangeni, the first witness at yesterday's hearing, said: "Even in prison, there was a Code of Conduct to deal with ill behaviour." While he was in prison, he said, "I was once suspended from the organisation for slapping another comrade. The ANC has always been concerned about the dignity of other prisoners".

Mlangeni, who visited various ANC camps after his release from Pollsmore prison in 1989, told the commission he was not told of any torture when he visited camps, first shortly after his release and again after Mandela's release.

Asked if he knew of violations of human rights in ANC camps when he was released, Mlangeni said all he had known about was that some members were detained after jumping the fence at night to buy dagga at nearby villages. He said such detainees served a sentence of between three to nine months.

The commission is to call 33 witnesses including the high ranking ANC officials who have been specifically named.

## ONS TEATERS IS LEEG!

VERSKEIE verslae dié week wys daarop dat mense in Johannesburg net nie meer moeite doen om teater by te woon nie. Regdeur die week het gehore gewissel van niemand tot sowat tien mense - en Computicket wil nie eens syfers aan die koerante verskaf nie. Truk se teaters is leeg, die Mark is leeg, selfs Toerien kry nie meer as veertig mense 'n aand gedurende die week nie.

Pryswenners, beroemde ou tekste, opwindende nuwe tekste - dit help niks. Selfs waar ontvlugtingsvermaak soos musiekblyspele aangebied word, speel dit vir driekwart leë gehore. Die min uitsonderings is lighartige Amerikaanse musiekblyspel-agtige shows.

Nietemin geniet teater baie dekking in koerante - vir niemand anders nie as die teaterwerkers self, sê kritici. Hulle sê dis omdat mense net nie lus is om hul huise te verlaat nie. Histories gesproke is dit nie eintlik 'n baie hoopvolle toestand as die mense nie meer teater bywoon nie. In die begin was dit 'n godsdienstige, selfs rituele ervaring. Vandag bly die teater 'n spieël op die samelewing - maar die mense wil nie meer na hul toestand kyk nie.

Regisseur Marthinus Basson sou sê dat die teater nooit sal doodbloei nie, dis 'n soort baster-kind van die samelewing wat altyd onderhou sal word. Regisseur Barney Simon sou sê ons moet nou vergeet van teater as 'n stedelike verhoog-verskynsel en kyk na die kultuur van die breër samelewing. Maar die meeste mense wat reklame vir die teater behartig, sê dis 'n krisis. As dit so aangaan, sal self ons mees gevestigde teaters hul deure moet sluit. - CHARL BLIGNAUT

# TOP-BROER SE SKOK-BEDANKING

DIE aangewese rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof Andreas van Wyk, het uit die Afrikaner Broederbond bedank. Sy bedanking het dié week skokgolwe deur die akademiese en Afrikaner-establishment gestuur.

"Die uur van waarheid het vir die geheime Afrikaner Broederbond aangebreek. As persone van die statuur van Andreas van Wyk uit die organisasie bedank, is die skrif vir die AB aan die muur," sê Sakkie Louw, die uitgesproke anti-Broederbond NP-LP vir Newton Park.



Andreas van Wyk... die skrif is aan die muur vir die Broederbond

Van Wyk het gister net gesê: "Ek bevestig dat ek reeds 'n geruime tyd gelede my buiteverbintenisse begin verminder het en dat ek tans nie lid van enige geheime of vertroulike organisasie is nie."

Van Wyk se bedanking vestig die aandag verder op die toenemende krisis in AB-geledere sedert die reeks onhullinge deur VWB sedert die begin van die jaar.

Daar het die afgelope maande verskeie vooraanstaande lede van die AB in akademiese, politieke en sakekringe bedank. Dit sluit in die top-leierskap van die Universiteit van Pretoria, Universiteit van die Oranje Vrystaat, asook die Randse Afrikaanse Universiteit.

Maar die bedanking van Van Wyk kom as 'n spesiale skok. Hy was die uitverkorene, die aangewese kroonprins om JP de Lange as voorsitter van die AB by die volgende bondsraad - wat tot later vanjaar vervroeg is - op te volg.

Hoewel Van Wyk die afgelope jaar kwaai onder kritiek van studente en dosente deurgeloop het weens sy lidmaatskap van en prominensie in die AB, het hy "koppig volhard" om selfs te oorweeg om te bedank. Trouens in akademiese kringe is dit bekend dat Van Wyk by meer as een geleentheid vol selfvertroue gesê het dat as hy moes kies tussen die AB en US, hy die AB sou kies. Ingeligte persone in Afrikaner-geledere met wie VWB gepraat het kon nie glo dat Van Wyk "inderdaad die wit vlag gehys het en onder druk gekapituleer het nie" - soos een akademikus met groot genoeë opgemerk het.

"Die druk vanuit akademiese sirkels op Van Wyk om uit die AB te bedank moes die afgelope tyd enorme afmetings aangeneem het," word gesê. Daar was toenemende besware dat Van Wyk en die Broederbond-kliek van US 'n "eksklusiewe akademiese Afrikaner-eiland in 'n swart Suid-Afrika wou maak".

Sakkie Louw sê: "Die tyd het aangebreek dat die AB ontbind. Te lank was dit 'n bron van verdeeldheid onder Afrikaners. Die feit dat so baie vooraanstaande mense nou skielik uit die AB bedank, bewys dat die organisasie in die nuwe Suid-Afrika totaal irrelevant geword het."

Sampie Terreblanche, professor in Ekonomie aan die US en self ook 'n gewese lid van die AB, sê: "Die bedanking van Van Wyk word verwelkom, maar dis jammer dat dit nie reeds 'n jaar vantevore gebeur het nie. My vermoede is dat met die Van Wyk-bedanking die AB gedwing sal word om teen die einde van die jaar sy geheimhouding te laat vaar, iets wat wesenlik die einde van die organisasie sal beteken. - HENNIE SERFONTEIN

# GIFTIGE AFVAL ONTSTOOK INWONERS

**VIES** inwoners van Kemptonpark, Midrand en Tembisa het laasweek op 'n vergadering geëis dat bouwerk aan 'n sogenaamde Klas 1-stortingsterrein vir toksiese afvalstowwe by Chloorkop op die ou Pretoria-Johannesburg-pad onmiddellik gestaak word.

Op 'n openbare vergadering bygewoon deur 300 mense is die Departement Waterwese gesê om die permit vir 'n grondopgevulde gebied wat uitgereik is aan die Waste-tech-maatskappy, terug te trek. Inwoners is ook nie daarvoor te vinde dat die terrein in 'n Klas 2-stortingsterrein omgeskep word nie omdat daar reeds so 'n stortingsterrein in die omgewing bestaan.

'n Klas 2-stortingsterrein is bedoel vir gewone huishoudelike en nie-giftige nywerheidsafvalstowwe, terwyl 'n Klas 1-stortingsterrein bedoel is vir gevaarlike toksiese stowwe en dit moet aan sekere streng ontwerp-voorwaardes voldoen.

"Ons baklei nie oor die bestaan van toksiese afval of dat dit êrens gestort moet word nie, maar oor die onverantwoordelike keuse wat gemaak is om dit 1,1 km van 'n skool en 400 m van die naaste beoogde woongebied vir informele behuising te plaas," sê Felicity de Wit van Aksiegroep, wat op die been gebring is om te kyk na omgewingskwessies wat die gebied raak.

Volgens 'n impakstudie wat Waste-tech deur 'n groep deskundiges laat doen het, is daar geen gevaar dat die giftige stowwe na die grondwater sal deursyfer of dat inwoners in die omgewing daardeur besmet kan word nie. Afvalstowwe gaan in betonkapsules gesit word en daarna begrawe word.

Maar, sê Natalie Haagen van Earthlife Africa (Midrand), hulle is nie tevrede met die impakstudie nie. Ontploffings vind gereeld plaas by die Modderfontein-dinamietfabriek in Kemptonpark en dit stuur trillings regdeur die gebied. Voorsiening word ook nie gemaak vir die moontlikheid van aardbewings of ernstige oorstromings nie. - INA VAN DER LINDE

# ONDERWYSKRISIS SLEEP VOORT

**DIE KRISIS** in swart onderwys sleep voort. Ná laasweek se aanvanklike optimisme oor vooruitsigte vir 'n moontlike skikking tussen die regering, die National Education Coordinating Committee (NECC) en Cosas oor die kwessie van 'n onderwys-onderhandelingsforum en die afskaffing van eksamenfooie, is 'n oplossing nog nie in sig nie.

Die regering het aangekondig dat 'n informele werkgroep ondersoek gaan instel na die wenslikheid van 'n onderwysforum en verskeie organisasies genooi sal word om daaraan deel te neem. Die NECC is versigtig optimisties dat dit dalk kan help, sê Desmond Thompson, nasionale inligtingsbeampte van dié organisasie.

Die bywoning van skole het egter vandeesweek in sommige streke genormaliseer, behalwe streke soos Oos-Kaapland, dele van Natal en Wes-Kaapland. Cosas-leiers in die plofbare Wes-Kaapland het dié week geweier om ag te slaan op Allan Boesak, Wes-Kaaplandse ANC-leier, se beroep op leerlinge om terug te keer skool toe omdat "hy uit voeling is".

Om alles te kroon, wil die South African Democratic Teachers Union (Sadtu) môre (Saterdag) 'n nasionale staking aankondig weens ongelukkigheid met die salarisverhogings van 5 persent wat deur die regering aangekondig is.

Die regering staan tans nog onwrikbaar by sy besluit dat leerlinge by skole van die Departement van Onderwys en Opleiding (DOO) hul eksamengeld van R48 moet betaal.


Corrie Rademeyer, direkteur van kommunikasie van die DOO, het dié week aangekondig dat leerlinge wat registrasievorms ingegee het maar nie die eksamenfooi betaal het nie, dit per poswissel aan hul plaaslike eksamenbeampte kan stuur na berigte ontvang is dat skoolhoofde gedwing word om registrasievorms sonder die eksamengeld te aanvaar en sommige gedreig is om die geld wat reeds betaal is, terug te betaal.

Rademeyer sê in 'n verklaring hy wil nie hê leerlinge moet die besluit oor eksamengeld vooruit loop nie. Die regering sê ingevolge die beginsel dat onderwys nie eensydig gestruktureer behoort te word nie, raadpleeg hulle nou weer opnuut daaroor en kan hulle nie eksamengeld eensydig afskaf nie.

Volgens Thompson is die eensydige vermindering van die eksamengeld juis een van Cosas en die NECC se besware, omdat hulle nie in dié besluit geraadpleeg is nie. Vroeër die week het Ahmed Essop van die ANC se onderwysdepartement ook daarop gewys dat die regering nie nodig het om eksamengeld af te skaf nie, maar net op te skort tot 'n onderwysforum tot stand gekom het.

Intussen het die onderwyskrisis in 'n woordewisseling ontaard. Sommige Cosas-leiers het dié week gesê hulle gaan hul veldtog verskerp tot die regering ingee, waarop Piet Marais, minister van Nasionale Opvoeding, gesê het dat die regering nie sal toelaat dat hulle afgedreig word nie. "Herrangskikking en herstruktureing van onderwys is 'n professionele en tegniese kwessie en moenie verpolitiseer word nie."

Sam de Beer, minister van Onderwys en Opleiding, sê die NECC en Cosas het kans gehad om 'n opbouende bydrae te lewer maar het dit nie gedoen nie. "Dit wil dus voorkom of hulle die konfrontasie en krisis verkies." Staatspresident FW de Klerk het ook in reaksie gesê die regering sal nie toelaat dat die onderhandelingsproses deur "mannetjies van Cosas en 'n lunetic fringe" geveto word nie. - ESMA ANDERSON




# AS JY WIL LOER...

WIL jy graag op jou bure spioeneer? Die WNNR het nou die ideale ding daarvoor ontwikkel - die Keen Eye, 'n afstand-beheerde verkenningsvliegtuigie wat met 'n videokamera toegerus kan word. Die vliegtuig kan 600 km ver vlieg op 'n hoogte van 3 000 meter. Dit kan meer as 6 uur teen 110 - 120 km/h in die lug rond vlieg en het 'n maksimum vliegspoed van 130-140 km/h en 'n minimum spoed van 70-80 km/h.

Die Keen Eye se lugraam is van saamgestelde materiaal gemaak en dit word deur 'n tweeslag-enjin aangedryf. Dit het 'n vlerkspan van 4 meter en is omtrent 2,5 meter lank.

Die vliegtuig kan 'n vrag van 25 kg dra. Dit is toegerus met 'n outomatiese stuur wat vooraf geprogrammeer kan word om 'n sekere roete te vlieg. Dit word aangebied as 'n goedkoop alternatief vir toepassings soos algemene verkenning, die meet van mynhope en lugfotografie.

- VIRGINIA KEPPLER.




CANNES - 'n Gesinnetjie stap verby 'n advertensieplakkaat van die Franse regisseur Claude Miller se jongste rolprent, *Le Sourire (Die glimlag)*, dié week in Cannes waar die 46ste Internasionale Rolprentfees tans aan die gang is. (Foto: AP)

## RESERVATION RAP

**INDIAANSE** rapmusiek? Die jongste reklamefoefie van een of ander opportunistiese platemaatskappy?

Nee, Indiaanse musiek (Powwow soos dit in die VSA bekendstaan) beleef die afgelope paar dekades reeds 'n oplewing in Amerika en word gereeld gespeel by groot stamvergaderings. Van die inheemse musikante het ook reeds die afgelope paar jaar hul merk op die kontemporêre hoofstroommusiek gemaak. Die jazz-saxofoonspeler Jim Peppers se "Witchi Tia To", wat op die peyote-dreunsang gegrond is, was 'n treffer in die sestigerjare, en rockgroepe soos Xit en Redbone het Indiaanse dreunsange in hul musiek gebruik. Dan is daar nog mense soos Buffy Sainte-Marie, Patrick Sky en A Paul Ortega wat 'n groot bydrae gelewer het in die vestiging van die inheemse Amerikaanse stem.

Nou is daar The Boyz from the Rez, 'n geïntegreerde Indiaans/Afro-Amerikaanse rapband wat die volle register van Indiaanse musiek betrek. Die leier van die groep, Robby Bee, is die seun van Tom Bee - leier van die eerste volbloed Indiaanse orkes, Xit, wat in 1971 'n kontrak met Motown onderteken het en wêreldwyd bekend geword het.

"Indiaanse musiek is die uitdrukking van 'n lewende kultuur. Om dit lewend te hou moet jy die ou weë respekteer, maar jy moet ook genoeg ruimte laat vir kontemporêre uitlewing," sê Robby. "Die meeste mense dink aan die Indiane as 'n agterlike klomp mense wat in reservate woon en in Hollywood-rolprente geromantiseer word. Maar min weet hulle dat daar net soveel Indiane in Los Angeles is as in die reservate."

Robert Doyle, president van Cannon Records, sê sy maatskappy het reeds meer as 400 titels van inheemse groepe op hul voorradelys. "Daar is 'n groot belangstelling in inheemse musiek, veral na *Dances with Wolves*," sê Doyle.

Die Powwow-musiek van die Groot Vlaktes, met die hipnotiese tromritmes, kom die naaste aan Hollywood se idee van Indiaanse musiek, maar dit is net een aspek van die musikale kultuur van die inheemse mense van Amerika. Die musiekstyl wat die meeste aanklank by nie-inheemse mense sal vind, is die sogenaamde "hoenderskrop" of waila, die partytjiemusiek van die Tohono O'odham-stam van Arizona.

## PERSKOR TÓÓN 'N WINS

**NA** aanleiding van 'n berig in *VWB* van 26 Maart 1993, "*Die Transvaler* kwyn weg", het die Perskorporasie van Suid-Afrika Beperk (Perskor) en sy verwante maatskappye (Perskorgroep) opdrag aan sy prokureurs gegee om 'n brief aan *VWB* te skryf.

Volgens die brief van die prokureursfirma Couzyn, Hertzog & Horak bevat die berig in *VWB* die volgende foute:

* "Die besluit volg nadat Perskor geruime tyd teen 'n verlies bedryf word en veral met *Die Transvaler* geld verloor. Die bedryfsverlies het glo in die laaste boekjaar met R8 miljoen tot R27 miljoen toegeneem."

* "Perskor het ook die laaste twee jaar 'n groot hoeveelheid van sy staatskontrakte verloor; terwyl dié van Nasionale Pers toegeneem het."

* "Hy wou ook nie gerugte bevestig dat *The Citizen*, wat glo ook teen 'n aansienlike bedryfsverlies uitgegee word, dalk toegemaak kan word nie."

Volgens die prokureursbrief toon Perskor se halfjaar aangekondigde wins aan dat sy netto inkomste toeskryfbaar aan aandeelhouers met 26,1 persent toegeneem het en R14 miljoen vir die ses maande-tydperk geëindig 31 Desember 1992, teenoor R11 miljoen vir die ooreenstemmende vorige ses maande-tydperk, oorskry.

Staatskontrakte is in 'n mate gesny, lui die brief, wat uiteraard alle tenderaars raak, insluitende Nasionale Pers. Perskor is egter nie bewus van 'n enkele geval van 'n staatskontrak wat hy verloor het wat aan Nasionale Pers toegesê is nie.

Perskor is nie bewus van enige gerugte nie en daar is geen sprake daarvan dat *The Citizen* dalk toegemaak sal word nie.

*The Citizen* se syfers word gepubliseer, wat ten aansien van die fiskale jaar geëindig 30 Junie 1991, 'n wins van R916 234,00 getoon het en ten aansien van die fiskale jaar geëindig 30 Junie 1992, 'n verlies van R227 884,00 getoon het.

In die vooropstelling is dit totaal onwaar dat *The Citizen* teen 'n aansienlike bedryfsverlies uitgegee word, soos in u berig beweer, lui die brief.

* Die Redakteur antwoord: Ons aanvaar Perskor se verduideliking. Dit is jammer dat Perskor se hoof, Koos Buitendag, nie wou kommentaar lewer toe ons verslaggeefster hom met die aanvanklike berig genader het nie. Hy kon toe al die werklike syfers aan ons gestel het, en ons sou dit so aangebied het. Terloops: die gerugte oor *The Citizen* se wankelende toekoms kom uit die kantore van *The Citizen* self, so ook die inligting oor die bedryfsverlies. Ons is verheug om te sien dat *The Citizen* net 'n bietjie meer as 'n kwartmiljoen rand verloor het verlede jaar - dit is inderdaad nie "aansienlik" in koeranttermе nie. Ons sou nie graag nog 'n koerant wou sien sluit nie.

## GENCOR LOS FILIALE

**DIE** mynreus Gencor gaan sy bates van R20 miljard verdeel in vyf onafhanklike maatskappye. Gencor sal die mynbelange behartig, maar vier filiale sal voortaan op eie voete staan: die energiegroep Engen, die papier- en pulpvervaardiger Sappi, die nywerheidsgroep Mabak en die beleggingsgroep Genbel.

Volgens Gencor se voorsitter, Brian Gilberson, word dié filiale reeds as onafhanklike maatskappye bedryf en kan Gencor nie veel bydra tot hul werkverrigting nie.


Die verdelingsproses - wat teen 1 September, die begin van Gencor se volgende finansiële jaar - afgehandel sal wees, strek die vier filiale se aandeelhouers tot voordeel. Gencor se aandele in dié maatskappye, altesaam R8 miljard werd, sal gratis aan hul aandeelhouers uitgedeel word.

Met dié stap volg Gencor 'n wêreldwye neiging by konglomerate soos Lonrho om van gediversifiseerde filiale ontslae te raak en eerder op hul kern-aktiwiteite te konsentreer.

Gencor se verdeling is die grootste ontbondeling van 'n konglomeraat in die ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika - en hou ook politieke voordele vir Gencor in. Die ANC staan die ontbondeling van konglomerate voor omdat dit volgens dié organisasie 'n dekonsentrasie van mag meebring.

Nelson Mandela het pas in Londen kritiek gelewer op die feit dat die Johannesburgse Effektebeurs deur vier konglomerate beheer word - Anglo American, Sanlam, Old Mutual en Rembrandt. Daar kan geen vrye handel in aandele wees as 75 persent van die aandele deur vier groepe besit word nie, het hy gesê.

## A FEW GAY MEN



Norman Schwarzkopf... gays moet in die kas bly (Foto: AP)

**DIÉ** week het Bill Clinton se poging om homoseksuele in die Amerikaanse leër te wettig 'n verdere terugslag gekry. Amerika se bekendste soldaat, Stormin' Norman van Operation Desert Storm-faam het aan 'n Senaatskomitee gesê die verbod moet bly.

Dié mening is nie op "morele verontwaardiging" gegrond nie, sê hy, maar op die trefkrag wat die teenwoordigheid van verklaarde gays op die gewapende magte sal hê. Dit sal 'n verwoestende uitwerking op die "eenhede se samehang hê" - "die belangrikste enkele faktor" in gevegsdoeltreffendheid, sê hy. As gays openlik toegelaat word, sal eenhede onmiddellik gepolariseer word. Groot getalle hoë gehalte weermagslede sal ook hul tasse pak as die verbod gelig word. Norman sal waarskynlik 'n groot invloed hê op dié komitee wat tans die gay-kwessie ondersoek. Dit blyk of die de facto situasie so sal bly, en gays sal maar in die kas moet bly. Miskien maak hulle nog 'n movie hieroor - "A few Gay Men".

## VERSTAAN CONSTAND SÓ



Die rol van genl Constand Viljoen in die regse politiek word "totaal verkeerd gelees", sê Koos van der Merwe, gewese KP-LP en nou 'n onafhanklike.

Viljoen beplan nie oorlog of sabotasie nie, sê Van der Merwe, 'n man met noue bande met die weermag en self 'n offisier in die burgermag. "Constand gaan die onderhandelingsproses help daar waar die regse wa vassteek en waar die regse gevare broei. Constand is die man wat die manne bymekaar kan bring."

Van der Merwe sê Viljoen het deur sy politieke toetrede daarin geslaag om die aandag op die wettige vrese van die Afrikaner te fokus en dat hy die ideale man is om eenheid in konserwatiewe geledere te vestig.

Daar is steeds 'n geweldige lojaliteit jeens Viljoen onder huidige en gewese weermagoffisiere, sê Van der Merwe. "As Constand vandag in groot erns alle huidige en gewese offisiere oproep vir 'n krisisvergadering, sal daar baie duisende opruk - ek ook."

Van der Merwe sê hy was baie opgewonde oor die suksesvolle samesprekinge dié week tussen die regering en die Afrikaner Volksunie, waarby Viljoen teenwoordig was. Dit is 'n deurbraak dat die regering die beginsel van selfbeskikking van die Afrikaner aanvaar het, sê Van der Merwe. "Sy deelname in die AVU se onderhandelingspan en by die gesprekke met die regering sê die totstandkoming van 'n soewereine Afrikanerstaat is nie meer praktiese politiek nie, maar daar is plek vir 'n Afrikaner-deelstaat deur onderhandelinge in 'n groter federasie waar apartheid nie meer bestaan nie."

Hy sien Viljoen as 'n katalisator: "Hy kan vir regse Afrikaners iets konkreets in die vooruitsig stel. Dit mag miskien nie die eerste prys wees nie, maar dit mag voldoende wees vir ons om ons 303s in die kaste weg te sluit." - HENNIE SERFONTEIN

## PENSIOEN OF TREKPAS?

**GENL TIENIE GROENEWALD,** sameroeper van die Komitee van Generaals wat Afrikaner-eenheid onder regse partye tot stand wil bring, het met vervroegde pensioen by die Departement van Inligting afgetree nadat sy seun verbind is met die moord op twee swartmans, beweer 'n voormalige kollega van Groenewald.

Hy beweer Groenewald is nie weg, soos verlede week in *VWB* gesê is, omdat hy nie langer vir Staatspresident FW de Klerk kon ondersteun nie.

*VWB* het intussen vasgestel Groenewald se seun, Pieter Hendrik Groenewald, 32, het op 15 Mei 1990 in die Pretoriase Hooggeregshof verskyn in verband met die sogenaamde "Wit Wolf-moorde" tien dae tevore. Dit was sowat 'n maand voordat die generaal afgetree het.

Groenewald (jnr), destyds 'n privatespeurder, en Brain Chester-Browne, destyds 'n ingenieurstudent, het na bewering 'n motor met drie swart mans net buite Mamelodi van die pad gedwing. Hulle wou glo van Simon Koba, Petrus Mbakena en Xavier Lekgoate weet wat hulle "van die Wit Wolwe dink". Daarna het hulle die mans glo geskiet.

Koba en Mbakena het aan hul wonde beswyk. Lekgoate is vir behandeling weens 'n skietwond in die maag in die hospitaal opgeneem en later ontslaan.

Die saak is in Februarie 1991 onbepaald uitgestel nadat Groenewald, wat op borgtog van R10 000 uit is, die land verlaat het.

Die generaal was gister heeldag in vergaderings en kon nie met VWB praat nie. Sy adjudant, Koos van Rensburg, het ontken dat druk op Groenewald uitgeoefen is om te bedank omdat die voorval met sy seun 'n verleentheid vir die Buro geword het. "Dit vat minstens drie maande om met vervroegde pensioen af te tree en 'n pa kan tog nie verantwoordelik gehou word vir alles wat sy kinders doen nie."

• Intussen is vasgestel dat genl Groenewald die broer is van Jan Groenewald, bekende regse wat op 20 Mei 1989 uit die AWB geskors is nadat hy en prof Alkmaar Swart na die Jani Allen-voorval, daarop aangedring het dat Eugene Terre-Blanche bedank. Hy en Swart het daarna die Boerevryheidsbeweging gestig.

Maar dit lyk of ou vyandskappe tussen die twee intussen geheel is, want TerreBlanche het Donderdag in volle uniform by 'n vergadering van die Komitee van Generaals opgedaag, waar Jan Groenewald ook teenwoordig was. - INA VAN DER LINDE



Helikopters is dié week ingespan om verwondes uit die beleërde stad Zepa in Bosnië na 'n hospitaal in Zenica te vervoer. Hier dra Franse VVO-soldate een van die vlugteling uit Zepa na 'n ambulans. (Foto: AP)

## ANC WERF AFRIKANER-STEUN

**DIE ANC** is tans besig om 'n landwye veldtog te loods om steun onder Afrikaners te werf.

Toesprake deur Carl Niehaus, media-beampte van die ANC, dié week op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch en op Parow, 'n gebied waar daar sterk konserwatiewe gevoelens is, vorm deel van die veldtog.

Daarmee saam beplan Afrikaanse simpatiseerders van die ANC 'n reklameveldtog in die media om druk op die regering te plaas om daadwerklik teen regses op te tree weens onlangse rassistiese en ander omstrede uitlatinge.

*VWB* verneem dié veldtog onder Afrikaners is die gevolg van 'n verbasende toename in navrae van Afrikaners oor die ANC na die moord op Chris Hani.

'n ANC bron sê: "In die openbaar is ons erg deur regeringsleiers en sekere dele van die media gekritiseer. Daarom was ons verbaas toe baie gewone Afrikaners daarna ons kantore genader het vir meer inligting oor die ANC.

"Die belangstelling van die Afrikaners was ook vanweë die Hani-moord, maar hulle het gesê dat hulle beïndruk was oor die verantwoordelike en sensitiewe wyse waarop die ANC-leierskap die emosionele situasie rondom die moord hanteer het."

## VLOEK OP RASSIS


**SIDNEY** - 'n Australian Rules voetbal-amptenaar kan bly wees sy rassistiese uitspraak het nie gelei tot die gevreesde "wys-die-been", die tradisionele doodsvloek van die Aborigines nie. Nou sal hy maar 'n ongelukkige jaar moet deursien.


Die president van Collinwood Football Club, Allan McAlister, is tydens 'n onthaal deur 'n wit geverfde Aborigine genader. Die man het 'n spies voor McAlister se gesig geswaai en 'n seremoniële lied gesing om 'n jaar se ongeluk oor hom te bring.

Dié vloek het gevolg op McAlister se uitspraak verlede maand dat Aboriginal voetbalspelers aanvaarbaar is solank hulle hul soos witmense gedra.

# so eenders, so anders

**Constand en Abraham Viljoen** is 'n identiese tweeling. En identies is in hulle geval werklikwaar identies - selfs hul stemme klink dieselfde. Boonop is albei boere. En tog is daar 'n kloof so groot soos die Suid-Afrikaanse werklikheid tussen hulle. Constand was sy lewe lank 'n professionele soldaat en was in die kritieke oorlogsjare die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag. Hy het twee weke gelede ontpop as die "Nuwe Wit Hoop" toe hy en ander generaals 'n komitee gevorm het om regses te probeer verenig.


Abraham Viljoen


Constand Viljoen

Abraham was baie jare lank 'n dosent in die teologie aan Unisa, en daarna 'n ampsdraer by die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika (Idasa). Hy is ook al geruime tyd 'n openlike teenstander van die Nasionale Party-regering - maar van die ander kant af. Vandag is hy 'n senior amptenaar van die vredesekretariaat in Pretoria, 'n Noord-Transvaalse landbouleier en 'n gewilde figuur in KwaNdebele en die townships om Pretoria. (Hy is ook een van die ondertekenaars van die brief van prominente Afrikaners wat 'n spoedige demokratiese verkiesing en optrede teen die regses eis. Dié brief verskyn op bladsy 26.)

***Vrye Weekblad* het dié week met albei broers gesels. Die gesprek met Abraham Viljoen begin op bladsy 10.**

# 'Ek is 'n nice ou en ek wil regtig saamwerk, maar...'

Hy het die 'rustigheid' van sy plaas verlaat en begin doen wat hy nou doen omdat hy gesien het 'dinge loop verkeerd', sê genl **Constand Viljoen** aan **INA VAN DER LINDE.** Hy wil hê die onderhandelings moet gestaak word, en vertel waarom juis generaals volgens hom die leiding moet neem

**AGT** jaar gelede het Constand Viljoen die stof van die paradegrond en van Pretoria van sy voete afgeskud omdat hy geglo het dat hy sy deel gedoen het om die land "veilig" te maak vir sy volk. Vandag is hy terug. Weliswaar nie op die paradegrond nie, maar in 'n kantoor van die Kommissie van Generaals in Val de Grace, in die ooste van Pretoria.

Portrette van ses boeregeneraals van die Zuid-Afrikaansche Republiek hang in netjiese gelid aan die muur. De la Rey, Joubert, Hertzog, Christiaan de Wet - so al asof hulle morele steun moet kom gee vir wat Viljoen glo hom van sy rustige lewe op die plaas gelei het om 'n ander veldslag te kom aandurf: die stryd om die selfbeskikkingsreg van sy volk.

Maar hy's 'n onwillige Moses met 'n ongeoefende tong van die lang jare van stilbly agter die beestroppe aan. Party vrae beantwoord hy amper met 'n vermoeidheid oor hom, terwyl dit lyk of hy sy bruin werkershande met streng dissipline oor sy maag gevou hou.

"Ek is 'n praktiese mens en lief vir die buitelewe. Ek haat ondersoeke en verslae. Ek hou nie van toesprake nie, ek hou nie van personderhoude nie en ek hou nie van televisie nie. Dis nie in my lyn nie en ek kry, soos die Engelsman sal sê, geen kick daaruit nie. Ek is lief vir gewone plat harde werk."

Ek het hom langer en skraler voorgestel. Die vergelyking tussen hom en sy identiese tweelingbroer kom onvermydelik. Hy is effens meer geset en dit lyk of die lewe hom sagter behandel het. Maar die albasterblou oë, die spierwit hare en die manier van praat is so dieselfde dat ek myself soms doelbewus moet herinner dat die generaal anders dink en voel as Abraham. En tog, met tye nie so anders nie.

En, sê die pa van vier seuns en 'n dogter, en oupa van sewe kleinkinders, "Abraham het al die breins gekry en ek is die ou vir die harde werk".

Het mens nie breins nodig om 'n generaal te wees nie?

"Nee." sê hy, "net lojaliteit."

Ons het 20 minute om hom vrae te vra.

**Uit persberigte en TV-gesprekke is dit nog nie vir my duidelik watter strategie u wil volg om Afrikaner-selfbeskikking te bewerkstellig nie. Is dit nou 'n volkstaat, federasie, konfederasie...**

Ons het nie 'n strategie nie. Ons is nou eers in die organisasiefase. Ons besef dat die Afrikaner lank gewag het om deel te word van die onderhandelingsproses en ons besef die bedreiging teen die Afrikaner en die verdeeldheid van die Afrikaner. Ons het vir die Afrikaners gesê kyk, soos die ding nou gaan met die verdeeldheid van ons, gaan ons ons land verloor en ons selfbeskikking verloor. Ons is nou in die organisasiefase en voel ernstig dat vreeslike belangrike dinge besig is om te gebeur en dat die Afrikaner deel moet wees daarvan. As die Afrikaner uitgelaat word en nie deel is van die proses nie, kan ons in die toekoms baie groot moeilikheid kry.

Afrikaners is bekend as mense wat 'n beslistheid het en ons het in die verlede gewys het dat ons in staat is om baie moeilikheid te maak. As van Afrikaners gevra word om op te offer, dan kan hy opoffer.

**U praat deurentyd van Afrikaners asof almal soos u voel. Wat van die 70 persent wat in die referendum ja gestem het?**

Ek is verbaas hoe positief die reaksie is onder alle Afrikaners. Ek weet van NP-ondersteuners wat na my gekom het en gesê het ons mag nie met jou politiek saamstem nie, maar as dit kom by die oorlewing van die Afrikaner en ons kultuur, staan ons by jou. Een het selfs vir my gevra waarom die NP nie ook na Potchefstroom toe genooi is nie.

Ek dink die Afrikaner-verdeeldheid van die verlede is gebaseer op normale klein politieke dinge en in 'n mate persoonlikhede. Al wat ons sê, is wat nou van kardinale belang is, is dat ons bymekaarkom en probeer van Afrikanerkant 'n eenvormige standpunt formuleer.

**Normale klein politieke dinge? Gaan die verdeeldheid nie daaroor dat een groep ge-**




Foto: SALLY SHORKEND

# Die boere se griewe is werklik, maar...

## Braam Viljoen praat met HENNIE SERFONTEIN oor boere se griewe, hul politieke houdings - en oor sy broer

**HOE belangrik was die boere-saamtrek in Potchefstroom verlede week waar jou broer die hoofspreker was?**

Die vier punte onder bespreking was inderdaad vir elke boer in die land en die georganiseerde landbou uiters ernstige sake. Eerstens is daar die probleme rondom die nuwe arbeidswetgewing en die manier waarop min Leon Wessels die saak deurgevoer het. Daar is baie boere wat nie teen sekere arbeidregulasies in die landbou is nie. Maar die probleme is hoe die regering die saak hanteer het. Dit gaan nie oor wát die regering doen nie, maar hóé hulle dit doen.

Die tweede saak wat soos 'n refrein deur die boere se klagtes loop, is die katastrofaal verslegtende toestand van die boere. In 1991 alleen is 700 boere per maand gesekwestreer uit 'n totaal van nie meer nie as 60 000 boere. Derdens is 'n belangrike saak die kwessie van sekuriteit en die ongeëwenaarde aantal moorde op boere op die platteland. Die vierde punt was emosioneel so gelade en word op elke vergadering van boere geopper. Dit gaan oor die kwessie van grondbesit en die gevaar dat hulle hul kaart en transport kan verloor. Dié vrees spruit nie net alleen uit die verslegtende ekonomiese omstandighede nie, maar dit gaan veral om die vrees dat 'n toekomstige ANC-regering kan oorgaan tot grootskaalse nasionalisering, en dat boere tot een, of uiters twee plase beperk gaan word. ANC-uitsprake het onder die aandag van die boere gekom en daar is met reg groot kommer onder blanke boere oor wat gaan gebeur.

Daarby is die nuus dat die regering saam met die Ontwikkelingsbank beplan dat sowat 750 000 swart bestaansboere in die land gevestig moet word. Met plase slegs 'n skamele vyf hektaar groot, is dié bestaansboere tot 'n sukkelbestaan en gewisse ondergang gedoem. Maak 'n mens somme, sien jy dat daar naderhand nie meer veel landbougrond oorbly vir die werklike produksie van voedsel nie. Ek is van mening die vier punte is legitieme vraagstukke waarmee die landbou - veral die georganiseerde landbou - te doen kry.

**Maar wat van die politieke eise by Potch? Gaan die regses by die onderhandelinge uitstap?**

Dié saak is ernstig. Vir baie jare het die regering met alle propagandamiddele tot hul beskikking, veral deur die SAUK en TV, 'n paar keer per dag by ons huise aangekom. Dit het aan ons mense 'n bepaalde program voorgehou oor die finale oplossing en hulle laat glo dat hoewel opofferings gemaak moet word, dit die oplossing vir die probleme was.

Oor die hele politieke spektrum heen is mense met die propagandamasjien gebreinspoel tot op die punt waar hulle die ideologiese sothede aanvaar het. Ongelukkig het die onverwagte politieke ommeswaai van FW de Klerk in 1990 min gedoen om mense in te lig. En hoe lig jy mense in as jy met die Bybel in die een hand vir hulle die evangelie van apartheid verkondig het?

Die regering se breinspoeling deur die jare het ons mense van hul vermoë ontneem om polities selfstandig te dink. Ons het ons mense in 'n posisie gebring waar hulle net nie meer dink nie. In 1990 kom De Klerk met die ommeswaai dat ons onderhandelinge moet aanvaar as die oplossing - onderhandelinge met mense wat uitgekryt is as "terroriste" en "spioene van internasionale kommunisme". Die regering het 'n maatskappy gekweek wat eenvoudig net onbekwaam was om binne 'n jaar of twee die tipiese veranderinge te aanvaar wat hier moet gebeur.

**Maar hoe ernstig is die regse dreigemente van Potchefstroom?**

'n Mens moet onthou die boere voer hoofsaaklik 'n afgesonderde bestaan. Hulle word beïnvloed deur die Afrikaanse koerante, die *Landbou Weekblad*, die kerk, die *Voorligter* en die nuus wat hulle op TV sien. Deur die jare is hulle blootgestel aan skaamtelose anti-ANC propaganda op TV. Die meeste boere het nog dieselfde persepsie oor die ANC. Ek is bevrees die regeringspropaganda is verantwoordelik vir die regse onvermoë om by die hedendaagse nuwe politiek aan te sluit.

Die referendum-uitslag was 'n groot slag vir die konserwatiewes en boere. Maar op die oomblik het jy 'n situasie dat daar nie net by konserwatiewes en boere nie, maar ook by liberale 'n totale nuwe benadering ontstaan het van die vraagtekens wat aan die orde was in die referendum. Prominente liberale Nasionaliste sê nou kaalkop in briewe aan die media hulle sal nie weer Ja stem nie. Die konserwatiewes en boere sê nou: Te hel met al die onderhandelinge, vergeet van samesprekings, dit het vir ons geen heil nie. Ons is net besig om onsself uit te verkoop. De Klerk het beheer verloor - en dit lyk inderdaad of hy 'n groot mate van beheer verloor het. Die boere is besig om dit aan hulle lyf te voel, die totale verval van die ekonomie en die verslegtende situasie vir beide swart en wit in landelike gebiede.

**Maar tog lyk dit asof die boere en die regses by Potchefstroom onderhandelings in beginsel nie verwerp het nie.**

Nee, die mense hét baie duidelike voorbehoude ten opsigte van onderhandelinge. Ons moet nie uitsluit dat hulle hul aan die onderhandelingstafel gaan onttrek nie. Ek vermoed dat hulle een of ander tyd gaan onttrek. Alles sal afhang van hul vennote in Cosag en wat Buthelezi en Mangope doen.

As daar 'n breekspul kom, sal dit wees tydens die sogenaamde uitvoerende oorgangsrade en gesamentlike beheer oor die veiligheidsmagte. Die punt wat my broer op Potch gemaak het ten opsigte van 'n politieke oplossing sluit nie noodwendig onderhandelinge in nie. Hy het dit duidelik gemaak: as die geweld voortgaan, moet die onderhandelingsproses gestop word. Hy en die regses praat van 'n politieke oplossing, maar dan dink hulle in terme van hul vennote in Cosag.

**Maar mense soos Ken Owen (redakteur van die *Sunday Times*) wat op Potch was, het agterna gesê die gebeure was eintlik skadeloos omdat die boere binne die raamwerk van onderhandelinge gaan bly.**

Sedert die Potch-vergadering gebruik ons die woord naïef baie. Ek dink Owen se opmerking is nie net 'n bietjie naïef nie, ek dink dit is baie naïef. Ek dink nie Owen ken ons mense en hul gedetermineerdheid om voort te gaan en aan te gaan nie.

Ek is daarvan oortuig dat die regses die onderhandelingsproses gaan verlaat sodra daar 'n uitvoerende gesag op 'n nie-rassige basis is - iets wat hulle nié gaan aanvaar nie. Tensy daar vir hulle 'n waarborg is van die een of ander vorm van 'n tuisland, waaroor hulle nog self onseker is.

**Beteken die teenwoordigheid van jou broer en die generaals by regse aksies dat hulle op 'n militêre oplossing afstuur?**

By die gebeure by Silverton en daarna is daar twee dinge besig om te gebeur. Eerstens besef die regses dat hulle inherent totaal en al onherroeplik polities verdeeld is. Die doel van die generaals is dus eerstens 'n mobilisasie-proses om eenheid te vestig. Die een strydpunt is dat die Afrikaner deur 'n totale aanslag bedreig word, iets waarmee hulle oor baie jare deur die regering geïndoktrineer is. Maar die strategie om landbou-organisasies by regse aksies te betrek, het ook 'n ander oogmerk. Met die hulp van die generaals wil die regses die mobilisasie-moontlikhede toets. Hulle wil kyk watter steun daar in die land is onder regse groepe, en of hulle 'n massafront kan vorm waar hulle op boere en regses kan staatmaak om dade van burgerlike ongehoorsaamheid te pleeg.

Dan natuurlik is daar nog altyd die dieper vraag wat ons nie eens wil noem nie: of daar uiteindelik genoeg steun gemonster kan word om met 'n militêre staatsgreep te kom. Dis natuurlik iets wat absoluut katastrofale gevolge gaan hê as mense dit sou probeer.

**Hoe sien jy jou broer se rol? Vroeër het jy gesê hy is vandag een van die magtigste en invloedrykste manne in die land.**

Ek kan nie namens hom praat nie. Hy het nog altyd gesê hy is 'n militaris, nie 'n politikus nie. Om die waarheid te sê, hy het 'n kleintjie dood aan politici. Ek dink nie Constand gaan homself in die politiek waag nie. Ek dink hy gaan probeer om instrumenteel te wees om 'n eenheidsfront onder Afrikaners te probeer bewerkstellig. Maar dit is my eie opinie.

**Het julle nog kontak met mekaar?**

Omdat hy in Oos-Transvaal boer, sien ons mekaar nie dikwels nie. Maar as ons bymekaar kom, is daar geen beletsel vir 'n gesprek nie.

**Julle verskil polities, maar julle is mede-boere.**

Ons verskil polities, ja - maar ons kan ook gesels oor die politiek. Dis nie 'n probleem nie. Ek het hom egter sedert Potchefstroom nie gesien nie.

**Kom ons gaan terug na die arbeidswetgewing. Jy sê dit gaan oor die wyse waarop Leon Wessels die wetgewing deur die parlement voer en nié oor die wetgewing self nie?**

Die probleem is dat Wessels die wet deurgevoer het voordat finale vertoë van die kant van die Transvaal- en Vrystaatse Landbou-unies gekom het. Ek aanvaar Wessels wou die boere 'n bietjie voorspring, maar in landboukringe bestaan daar ernstige probleme oor die wetgewing wat ingedien is voordat dit behoorlik uitgetrap is.

**Aanvaar die boere die noodsaaklikheid van sulke wetgewing?**

Wessels het die boere voor 'n fait accompli gesit. Die meeste boere verkies geen wetgewing nie, maar daar is 'n beduidende groep wat aanvaar dat wetgewing op een of ander wyse nodig gaan wees - byvoorbeeld die Wet op Minimum Diensvoorwaardes is nie vir die boere totaal onaanvaarbaar nie.

Maar nou kom daar byvoorbeeld 'n Wet op Minimum Lone waarvolgens 'n plaaswerker ongeag sy opleiding 'n minimum van R750 per maand moet kry. In terme van die waarde van geld is dit sekerlik nog 'n karige loon, maar die meeste boere is in 'n benarde finansiële posisie en dié wet gaan in wese beteken dat 'n hele aantal boere eenvoudig sal moet ophou boer. Die oplossing is ernstige en simpatieke onderhandelinge. Die regering moes bereid gewees het om 'n tweede myl te loop.

Dié eensyige optrede klop ongelukkig met die ondervinding wat ek persoonlik oor die jare as landbouleier in die Pretoria-distrik met die regering gehad het. Die regering besluit eenvoudig 'n ding moet gedoen word, daar vind pro forma raadgewing plaas, maar uiteindelik doen hulle wat hulle wil ongeag die raad wat hulle van die boere kry.

Ek dink basies dat die regering vanaf 1983 besef het dat die boere in elk geval nie meer vir hulle 'n politieke bate is nie.

**Hoe lig jy mense in as jy met die Bybel in die een hand vir hulle die evangelie van apartheid verkondig het?**

**Wat is jou beskouing van die vrese van die boere oor die veiligheidsituasie?**

Die vrese van die boere is legitiem. Die gebeure van die afgelope tye, die moorde op boere en die wreedheid van die aanvalle is sake wat 'n skerp emosionele klimaat by die Potch-besprekings geskep het. Dis iets wat tot feitlik 'n jaar gelede nie bestaan het nie. Dis 'n ernstige situasie want boere vorm 'n gemeenskap wat onbeskermd op afgeleë plase woon.

Dan is daar die kwessie van aanvalle deur Apla en moontlik ook Azanla, waardeur dinge nou 'n politieke kleur gekry het. Dit bevestig wat mense lankal sê: die moorde is nie die gevolg van normale misdaad en armoede nie, maar dit het inderdaad 'n politieke motief.

Die boere het 'n probleem, maar ons moet natuurlik erken dat terwyl geweld nou eers vir die boere 'n realiteit geword het, dit die afgelope jare veel erger gevolge vir swartmense gehad het.

**Constand het nog altyd gesê hy is 'n militaris, nie 'n politikus nie. Om die waarheid te sê, hy het 'n kleintjie dood aan politici. Ek dink nie Constand gaan homself in die politiek waag nie.**

Maar laat ons dit die boere toegee: die geweld teen hulle bly onaanvaarbaar. Ek verstaan baie goed dat die boere nou sê hulle wil hul eie beskerming in hul eie hande neem. Maar dan sal ons ook moet sê dat die geweld binne die swart gemeenskappe ewe onaanvaarbaar is.

Ek wil aan die boereleiers vra: Die vraag van die swart leiers van ons land sedert die eskalering van geweld in Natal en aan die Rand was: is daar dan nie 'n regering was wat die orde kan handhaaf nie? Dit is nou dieselfde vraag van die boere. Dis dieselfde vraag, maar die boere beskou dit as iets unieks.

Dit is ook eenvoudig so dat daar by die swart gemeenskap 'n soort lankmoedigheid, 'n aanvaarding is wat ongelukkig vir 'n lang tyd die geweld laat voortsleep het. Ons boere is minder lankmoedig. Ons is minder verdraagsaam. Noudat dit na ons kant toe kom, eis ons dat daar bepaalde optredes volg, en tereg ook.

**Aanvaar die boere dat hul veiligheid afhang van noue samewerking met hul swart werkers en is daar planne om die werkers in die burgermagstelsel te betrek?**

My broer het in sy toespraak op Potch genoem dat daar 'n volgehoue goeie verhouding moet wees tussen werkgewer en werknemer op die plaas. My probleem is dat so 'n verhouding nie as 'n middel tot 'n doel beskou moet word nie, maar dit moet vanself daar wees. Dan sal die res volg. Ek het nog nêrens die indruk gekry dat daar van die kant van die boere enige vertoë is dat hul werkers in die bepaalde beskermingstrukture opgeneem moet word nie.

**Is daar enige sprake dat die boere die ANC mag nader dat van hul duisende teruggekeerde MK-soldate gebruik word om plase te beskerm?**

Op die oomblik glad nie. Die ding is polities so gepolariseer dat die boere eenvoudig die geweld wat voorkom suiwer op die ANC se rekening plaas. Daar is geen differensiasie ten opsigte van skuld nie. Die ANC word verwerp as 'n terroriste-organisasie. Die feit dat die ANC die gewapende stryd afgesweer het, dat hulle selfs probeer om ander organisasies te oortuig om dieselfde te doen met die oog op onderhandelings, gaan die boere verby. Die boere bly by hul jarelange persepsie dat die ANC 'n terroriste-organisasie is wat anargie, moord en doodslag pleeg. Dié persepsie is sterker as ooit.

**By Potch was daar kritiek op die onderhandelinge, ANC/regering-samewerking en eise vir blanke selfbeskikking in 'n eie staat. Hoe ernstig is die boere hieroor?**

Die politieke dilemma van die boere kan alleen verstaan word in die lig van hul verslegtende ekonomiese posisie. Alle onlangse feite en statistieke bevestig die ekonomiese krisis. As daar daarom nie iets daadwerklik gedoen word aan die boere se finansiële posisie nie, sit ons met 'n voedselproduksieprobleem in die land.

**Maar dekades reeds hou die regering die boere kunsmatig met subsidies aan die gang...**

Dit is die algemene kritiek. Maar oor die hele wêreld is daar subsidiestelsels. Op die een of ander manier moet voedselpryse vir die publiek bekostigbaar gehou word deur boere te subsidieer. Maar die feit is dat in Suid-Afrika die afgelope 10 jaar so-iets soos R15 biljoen in die vorm van subsidies en ander hulp aan die landbou onttrek is. Dit het boere in die verknorsing gelaat wat uniek is wanneer jy dit met die res van die ekonomie vergelyk.

Dié onttrekking het in 1983 begin omdat daar geld nodig was vir die oorlogspoging. Iewers moes geld vandaan kom en dit was gerieflik om dit by die boere te vat, want hulle was nie meer 'n politieke faktor nie.

'n Groot deel van die geld is ook gebruik vir die hoë salarisse van staatsamptenare wat met duisende toegeneem het in die tuislande.

Wat die boere gerieflikheidshalwe vergeet, is dat die beleid van tuislande wat hulleself ondersteun het, 'n bodemlose put geword het wat die regering naderhand heeltemal bankrot gemaak het. As ons boere dit maar wil besef, dan sal ons ook weet dat ons in die bed slaap wat ons self opgemaak het.

# Knoop binne drie weke deurgehak?

## Die nuwe vlaag van optimisme onder senior leiers van die ANC en NP dat die belangrikste besluite in die onderhandelingsproses binne die volgende drie weke geneem kan word, is besig om selfs na onderhandelaars van die Cosag-alliansie uit te brei, skryf **HENNIE SERFONTEIN**



**'N SENIOR** onderhandelaar van Cosag sê dié week aan *Vrye Weekblad*: "Hoewel dit tans baie taai en moeilik mag gaan by die gesprekke, is daar tog 'n positiewe gesindheid onder die afgevaardigdes. Dis miskien omdat ons besef dat ons die maak-of-breek-tydperk in die volgende weke, nie net vir die onderhandelingskonferensie nie, maar ook vir Suid Afrika bereik het."

Verskeie van die onderhandelaars beklemtoon dat die onderhandelingsproses in der waarheid multi-dimensioneel is. Enersyds is daar die amptelike veelparty-onderhandelinge by die World Trade Centre in Kemptonpark met al sy komitees, en andersyds is daar die voordurende bilaterale gesprekke tussen sleutelpartye soos die regering, Inkatha, die ANC en die regse groepe.

Senior onderhandelaars beklemtoon in private gesprekke dat dit uiteindelik in die bilaterale gesprekke is, sommige waarvan die publiek nie eens bewus is nie, waar potensiële dooiepunte ontlont, wantroue uit die weg geruim word en waarsonder vordering by die veelparty-onderhandelinge nie moontlik sou wees nie.

Die hoof-fokus in die bilaterale én die veelparty-gesprekke is op veral twee sake gerig wat die onderhandelings kan laat misluk: geweld en streekregering. Saam met laasgenoemde is daar dan ook die kwessie van "magsdeling" in 'n regering van die nasionale eenheid ná 'n verkiesing en die grondwetlike beginsels in 'n oorgangsgrondwet.

**DIE TWEE HOOFPUNTE** op die agenda komende Dinsdag by die vergadering van die onderhandelingsraad is dan ook die kwessie van geweld en grondwetlike beginsels. Voorrang gaan gegee word aan die kwessie van streeksregerings en die vorm van 'n toekomstige staat.

Die tegniese komitee oor geweld sal verslag doen oor die oorsake van geweld. Maar steeds op die tafel is die onmiddellike aandrang van die IVP dat "private leërs" - by name MK - summier ontbind moet word, iets wat tans vir die ANC polities onaanvaarbaar is en iets waarop die regering nie in dié stadium aandring nie.

Die NP en die ANC hoop dat die hele kwessie van geweld en MK ontlont kan word deur die saak na 'n nuwe tegniese komitee te verwys wat spesifiek aandag aan die veiligheidsmagte en "ander gewapende magte" sal gee.

Die ANC en regering hoop ook om die IVP daarvan te oortuig dat die hele kwessie deur die voorgestelde Uitvoerende Oorgangsrade (TEC's) hanteer moet word. Die TEC's kan reeds in Julie ingestel word as alles vlot verloop.

Maar dit is eintlik die kwessie van streeksregerings waarop alle politieke aandag en energie die afgelope weke agter die skerms in bilaterale gesprekke gerig was.

So het FW de Klerk dit verlede week aan *VWB* uitgespel dat die regering daarvan oortuig is dat Inkatha se besware en halsstarrigheid uit die weg geruim sal word as dié party se vrese oor streeksregte aangespreek word.

*VWB* verneem dat die IVP na intense gesprekke met De Klerk en sy span die regering se bona fides oor streeksregering begin aanvaar en ook dat die ANC bereid is om hul vrese tegemoet te kom.

Die verklarings die afgelope dae deur die ANC waar hulle hul sterk ten gunste van streeksregering uitgespreek het, word as betekenisvol gesien. Die ANC het onderneem om hul standpunte in die verband te verfyn - 'n duidelike poging om die IVP gerus te stel.

Ewe betekenisvol is die verskeringe wat Roelf Meyer vandeesweek aan die Andries Beyers van AVU gegee het - versekeringe wat daartoe gelei het dat die AVU besluit het om in die onderhandelinge te bly.

Die regering het voorgestel dat die hele saak van streekregerings aan 'n kommissie opgedra moet word wat openbare getuienis kan aanhoor.

Maar dit sal afhang wat die tegniese komitee oor grondwetlike beginsels aan die onderhandelingsraad volgende week aanbeveel.

**SENIOR COSAG**-bronne wys daarop dat 'n deurbraak met streeksregerings sal beteken dat veral die IVP se besware teen 'n algemene verkiesing en die TEC's mag wegval.

Privaat is regeringsonderhandelaars bitter oor wat hulle Inkatha se "voetesleep" noem. Een sê: "Ons en Inkatha is ligjare van mekaar af."

ANC-bronne bevestig dat daar agter die skerms steeds die nouste samewerking tussen hulle en die regering is om te sorg dat formules uitgewerk word om probleme tussen hulle en ook die besware van die IVP te kan oorkom.

*VWB* verstaan 'n belangrike stap om IVP-wantroue in beweerde ANC/regering- knoeiery te weerlê, was om Ben Ngubane, 'n senior Inkatha-leier, in te sluit by die klein subkomitee bestaande uit Mac Maharaj van die ANC en Fanie van der Merwe van die regering.

Dié komitee koördineer in die agtergrond die werksaamhede van die beplanningskomitee en trouens alle aspekte van die uitgebreide konferensie-verrigtinge.

'n Belangrike aspek van die hele onderhandelingsproses, wat die neem van spoedige finale besluite teen 3 Junie mag vertraag, is dat die onderhandelingsforum oor die grondwetlike voorstelle as 'n pakket moet besluit en nie oor elke voorstel afsonderlik nie.

Daar moet gesamentlik voldoende konsensus wees oor die drie verwante sake: streeksregering, magsdeling in 'n regering van nasionale eenheid asook oor grondwetlike beginsels in 'n tussentydse grondwet.

Dit word beklemtoon dat daar nie 'n finale besluit oor een aspek geneem kan word en dan later oor die ander nie.

# dit wóél om die onderhandelingstafel

**DAAR** word koorsagtig gewerk by die World Trade Centre sodat die knoop oor 'n aantal omstrede grondwetlik en politieke sake binne die volgende drie weke deurgehak kan word.

Alles wentel rondom die interaksie tussen die sewe tegniese komitees en die Veelparty-onderhandelingsraad met die beplanningskomitee bestaande uit tien persone as koördineerder en tussenganger.

Gister (13 Mei) het die sewe tegniese komitees hul voorstelle en aanbevelings aan die beplanningskomitee oorhandig wat dan op Dinsdag 18 Mei aan die onderhandelingsraad voorgelê sal word. Die Raad kan die voorstelle en aanbevelings aanvaar, verwerp, gedeeltelik aanvaar, of terugstuur na die betrokke komitee vir verdere verfyning en herskrywing van die voorstel.

Verdere vergaderings van die Onderhandelingsraad word ook beplan vir 25 en 28 Mei. Daar word stilweg gehoop dat teen daardie tyd voldoende konsensus sal bestaan sodat 'n pakket van voorstelle op 3 Junie aan die onderhandelingsforum voorgelê kan word. Dit is die datum waarop ooreengekom is en wanneer 'n besluit oor 'n verkiesingsdatum - waarskynlik in April volgende jaar - geneem sal word. Dié forum is die liggaam waar die finale besluite geneem sal word.

Die sewe tegniese komitees fokus op die volgende sake: grondwetlike sake (waar streeksregering en die staatsvorm voorrang geniet); geweld en die oorsake daarvan; fundamentele menseregte tydens die oorgang; die Uitvoerende Oorgangsrade en die sub-rade; die onafhanklike verkiesingskommissie; die onafhanklike media-kommissie; die afskaffing van diskriminerende wette en wette wat vrye politieke aktiwiteite belemmer.

Die komitees bestaan uit deskundiges wat weens hul kundigheid en nie-politieke verbintenisse benoem is. Dit is dié komitees, weg van die openbare fokus en uit die kalklig, wat besig is om die reuse-aanvoorwerk te doen om dit vir die onderhandelingsraad moontlik te maak om wesenlike besluite en aanbevelings te maak.

Die tegniese komitees sal meer doen as om bloot 'n feitelik neutrale uiteensetting van die betrokke saak aan die Raad voor te lê. *VWB* verstaan dat die komitees inderdaad konsepvoorstelle aan die Raad wil voorlê. Dit sal gegrond wees op 'n gedistilleerde kompromie van ál die verskillende voorstelle op die tafel, wat die komitee meen polities haalbaar en vir die raad aanvaarbaar sal wees.

Daar word gesê die sewe komitees is "a deadlock breaking mechanism" wat potensiële dooiepunte kan vermy of ontlont nog voordat dit opduik.

Op dié wyse word gehoop dat verhoed sal word dat die Onderhandelingsraad "misbruik" word vir sogenaamde "grandstanding" en emosionele aanvalle, wat tot dusver veral die strategie van die IVP en sy Cosag-vennote was. Deur die konkrete voorstelle van die onderskeie komitees word gehoop dat die Onderhandelingsraad besprekinge sal fokus op die praktiese uitvoerbaarheid en aanvaarbaarheid daarvan, en nie op openbare retoriek nie.

# 'Hulle haat my omdat ek wit is'

Die naam Joe Slovo is vir die meeste regses soos 'n rooi doek voor 'n bul. Heelwat is die laaste weke gesê oor die demonisering van Chris Hani, wat eers ná sy dood as 'n man van vrede en versoening erken is. Dié proses herhaal homself nou met Slovo, voorsitter van die SA Kommuniste-party en prominente ANC-leier - net dié week is 'n komplot om hom te vermoor, aan die kaak gestel.

Maar die Verskriklike Rooi Terroris is terselfdertyd ook die brein agter die sogenaamde sunset clauses - die ANC-voorstel vir magsdeling oor die volgende vyf jaar wat so ongewild onder linkser elemente in die organisasie is. Selfs sy onderhandelingsopponente erken hom as 'n briljante pragmatis en 'n man wat diep besorg is oor die bloedvergieting in die land.

Verlede week het Slovo weer sy stem dikgemaak oor ANC-leiersfigure wat wilde stellings maak en só in die hande van die regse geweldenaars speel.

Oor die haat jeens hom in die wit gemeenskap sê Slovo in 'n gesprek met VWB se Wally Mbhele (die onderhoud is gevoer voordat die nuwe onthullings gemaak is): "Ek dink hulle sien my as 'n verraaier van my eie velkleur. Mense spaar mos hul diepste haat vir mense van hul eie kleur wat hulle glo verraad pleeg. Maar ek dink hulle verraai my met hulle gedrag. Histories was hulle 'n absolute skande vir die witman."

Die jongste komplot om Slovo te vermoor, is nie die eerste nie. Net twee weke gelede het *Vrye Weekblad* inligting aan hom oorgedra oor 'n moontlike komplot. Terwyl hy in ballingskap was, was daar verskeie sluipmoordpogings op hom. "Dit was omtrent algemene kennis dat ek Openbare Vyand Nommer Een was. My vrou is in 'n pakketbomontploffing dood en ek het geleer om deurentyd daarmee saam te lewe.

"My vrou se dood was vir my 'n baie swaar slag, maar 'n mens moenie toelaat dat jou bitterheid jou benadering oorheers nie."

En dan kom hy met 'n tipiese Slovo-reaksie: "Ek dink die beste ding wat ons met dié kriminele kan doen, is om hulle te dwing om in 'n demokratiese Suid-Afrika te woon. Dis die soort van hel waarmee ons moet wraak neem."

**SLOVO SÊ SEDERT HANI** se dood "kyk hy meer gereeld oor sy skouer" en weet hy dat dit met hom kan gebeur, hoe versigtig hy ook al is. "Maar dit is nie iets wat ek wil hê moet my daaglikse lewe oorheers nie. Dit sal my verlam om elke oomblik te dink hulle gaan my kry. Ons moet doen wat ons moet doen."

Slovo is op 26 Mei 1926 in Litoue gebore en het as agtjarige na Suid-Afrika gekom. In die 1950's het hy aktief geword in die vakbondbeweging en die lot van swart werkers het hom by die Kommunisteparty laat aansluit.

Slovo was 'n regspraktisyn tot hy in 1963 op ANC-aandrang in ballingskap gegaan het. Hy en Nelson Mandela was die eerste bevelvoerders van Umkhonto we Sizwe en het saam die ondergrondse leër help bou. In 1984 is hy aangestel as MK se stafhoof, 'n posisie wat hy aan Chris Hani afgestaan het toe hy in 1987 algemene sekretaris van die SAKP geword het. In 1984 was hy ook die eerste witmens om tot die ANC se hoogste liggaam, die nasionale uitvoerende komitee (NEC), verkies te word. By die eerste konferensie wat die ANC in Suid-Afrika gehou het nadat dit gewettig is, is hy weer tot die NEC verkies - en hy het die derde meeste stemme gekry.



# 'First the elections
## - then the real power struggle'

Neither violence nor murder nor the 'cabal of generals' can be allowed to immobilise the negotiation process, Joe Slovo tells **WALLY MBHELE.** Slovo talks about the ANC's response to the right wing, his view of State President FW de Klerk, Cosag's future in the negotiation process and Apla's continued attacks

**What lessons have you learnt from Chris Hani's assassination?**

Firstly, we really have to re-examine our security. I think there was too much euphoria about our safety and people became too relaxed. The other political lesson we've got to learn is that the right wing in this country does constitute a great potential danger to a democratic transformation and will not take the moves towards democracy lying down. And they mean business. I think we'll have to find ways of responding to that.

It (the Hani-assassination) also indicated that Mandela is a master of the people, not De Klerk. It's Mandela who came out. For a short while he showed that he was a leader who could try to pull things together.

**How can the right-wing violence be curbed?**

At a personal level it needs greater vigilance on our part and greater security. I think the right wing must be dealt with politically. They must be isolated. In the end, although they constitute a danger, there's no way we can eliminate them. I'm not saying we must go into war with them - in fact this is what they would like more than anything else, to force us back to the position of violence. But we've got to move as quickly as possible to bring about the transformation.

Their real objective in doing what they are doing is precisely to prevent that. I think this is part of the whole strategy to destabilise the situation. I believe a lot of it is designed to instigate counter-violence - so that an excuse will be created for not moving towards elections and so on. I know a lot of our people who react in a very emotional way, without intending to, often play into the hands of the right wing by attempting to answer them with an eye for an eye, and a tooth for a tooth. Well, that's a good biblical objective - but it's not neccessarily a good revolutionary strategy.

**What do you think of the group of generals who have pledged their support to the right wing?**

They are a very sinister force. They are trying to become the cement which will give cohesion to the desperate right-wing groups.

They are all people who are living under a golden handshake, who think they have got indemnity... I think really what should be said concerning the people who engage in this kind of activity and who in their lifetime have committed enormous crimes against the people, these people in the army, in the police force and in the intelligence... is that the question of whether they get indemnity or not must surely depend upon their conduct, upon whether they show their readiness to adjust to the new society.

They must not take it for granted that if they are engaging in this kind of activity there'll be reason for any kind of indemnity by the people's government. Whatever they do, will be punished.

**Is President FW de Klerk doing enough to curb the right-wing violence?**

I don't believe that. He's never done enough. First of all, he has harboured the right and he is still harbouring the right at different levels of his own operators. We still have people who are still in jobs at top levels of the army and the police who have been fingered by commissions as having been involved in all kinds of crimes. There is the Matthew Goniwe case which has still not been addressed - and the people concerned are still with the army and in some cases they even get promotion. By not doing anything he is not only creating perhaps a force against us which might suit his objective political purposes, but he is probably also creating a force against himself.

**But why, is he afraid of these people?**

Partly, I think he has reason to fear them. But the way you deal with people you fear is not to allow them to gather strength, but to weaken them. In fact they are a danger to the whole country, to us and to the whole future. In that sense one must fear them. I don't think in the long term it will be productive to do nothing because you fear them, because in the end they will destroy you. They must be dealt with, they must not be allowed to do what they are doing.

**There has been talk of a coup in the air. How would you respond to such a coup?**

Well, a luta continua. If force is taken over by force, which closes once again the possibility of a peaceful transformation, then there can be absolutely no doubt that we would be morally and in every other way justified in meeting force with force. In such circumstances, we can return to the armed struggle. It is absolutely clear.

**Joint control of the security forces has become a stormy issue both in negotiations and parliament.**

If we are going to have a free and fair election, you cannot leave the security forces as the monopoly of the National Party, a private army of the NP. There is no way that elections can be free and fair with the people who maintain law and order being the property of one party in the election. Therefore, we believe it is an absolute precondition for a settlement that some form of joint control under the Transitional Executive Council should take place.

We are not talking about joint control in the sense of a complete joint takeover of the whole forces, but certainly a joint control in relation to those aspects of the activities of the security forces, the army, the police, the intelligence which have a bearing on free and fair elections and free and fair political activity. There must be joint monitoring and control in relation to these aspects.

**What about the integration of all armed formations?**

I don't see it happening effectively until after elections, but certainly steps can be taken even now to begin some form of

**There is very little difference between Barend Strydom and a man who goes and sprays AK-47 bullets in a pub in East London**

inclusion of other forces at all levels, including command structures. But I don't think we should spread the illusion that it is possible to transform these forces before there has been a real democratic transformation. You must remember that there are about 70 000, 80 000 policemen in this country, I don't know how many in the army and numerically at the moment certainly in regard to the people who are trained and so on we can match what they've got. But you can certainly work out methods and structures to ensure that there is some kind of effective control and monitoring of what these forces do - and not just in relation to ordinary crime but also in relation to their responses and their interventions in the political sphere. That is the key issue.

**But Inkatha wants MK disbanded before a settlement can be reached. Cosag includes Apla on that list.**

An arrangement which will include a complete equalisation, which includes government forces, KwaZulu forces, Apla and MK will be acceptable to us. It must not be unilateral, it must not just be Apla and MK. The KwaZulu police is more active as a military force, in actually engaging in violent activities, than Umkhonto, which has suspended the armed struggle. We are not prepared to accept the elimination of MK while the SADF and the SAP remain as they are.

**De Klerk is a skilled and talented person. He's got a greater sense of pragmatism than his predecessors, more of a sense of realism, and that explains why he did what he did. He did break with the past.**

**Coming to negotiations, where is the process currently heading to?**

Negotiations are in a very delicate balance at the moment. I tend to be optimistic. Once the election date is announced, people will accept, even if it's partially, that's there's some seriousness in the process. There's too much cynicism on the ground and the feeling that we are not going anywhere. Therefore it is very important to take this leap and to say the election will be on such and such a date. That election date must be before April next year and that election date will then determine what is to be done between now and the elections. It will inject a completely different sense of pace and urgency into the negotiation process.

The big problem we are going to face is that there are forces within the negotiation process who don't want a constitution to be adopted in the end by an elected body. They think they are the best people to write the constitution even though most of them represent absolutely nothing but themselves. That was one of the big conflicts at Codesa and it continues to be the obstacle in these talks. The Cosag group would like this multiparty forum to write the constitution.

Our position is clear: the constitution will have to be written and adopted by an elected body - and the elections will tell the world who represents the people. We accept certain fundamental constitutional principles which we are prepared to negotiate and which will bind the constitution making body. These are the universal principles of democracy, of multiparty systems, of an independent judiciary. For the rest, the kind of future country that we'll be living in must be decided by the wishes of the people.

Most of them would like to delay the process if they can't get their way. They want this multiparty forum to spend endless months debating the form of state, whether South Africa should be a federal state or unitary state. We are prepared to discuss some of their concerns. We accept there will be regions and they will have some form of powers and that can be negotiated. But in the end the final decision, for example, on the power of the regions - which is one of the key divides between us and Cosag - will have to taken by an elected body.

**What can you do to allay the fears of groups such as Cosag?**

Most of them don't represent any democratic expression. I think they are nervous, and they have reason to be nervous, that their personal futures and their power positions will be undermined when the people have a say. That's their problem. A feeling of insecurity about the future.

We have done everything possible to show them that they are part of the process. We have engaged them in normal democratic debates - but in the end if they don't want to go along with what is universally regarded as a democratic process, as far as I'm concerned they can walk out. The process must go ahead. We can't allow them to blackmail history, which some of them would like to do.


**Will a walkout of this nature not put the whole process in jeopardy?**

It is not something which one looks forward to. It is not something which one wants to have. I am just speculating but there is a limit to how long the process goes on and to what extent some forces are allowed to sabotage the process. There must be a balance between on the one hand giving everyone an opportunity of being heard and of making their point in negotiating. On the other hand we can't envisage a negotiating process in which every group, however minute, has got a veto over decisions that may be taken by the main forces.

**The ANC has always charged that the NP is not prepared to hand over power to the TEC. Are they now prepared for the election date and the TEC?**

I'm not sure how prepared they are subjectively. If you look at the way they have moved in the last nine months, in a way I would say they are being dragged towards some kind of agreement.

People think there is already an agreement between the



Joe Slovo ... 'An eye for an eye may be a good biblical objective - but it's not neccessarily a good revolutionary strategy.' (Pic: SALLY SHORKEND)

ANC and the NP on all the key issues - and that's not the case. We still differ very extensively on some of the fundamental issues. There is a recognition by some of the pragmatists in the NP that time is against us, that we can't go on dragging on and on and on. That at least is something. It does suggest that it may be posssible to move towards a settlement pretty soon.

**How do you feel about sitting down with people who are your political enemies?**

It's mutual. The people I'm sitting down with haven't ceased to be my enemies. They have committed ghastly crimes against the people of SA. I am pleased they have become a little more realistic and are prepared to move away from apartheid.

But they are not yet ready to apologise and concede. The kind of apology De Klerk made is a bit of a joke. He still tries to argue that people like Verwoerd, Botha and Vorster and other racists had the best of intentions when they destroyed the lives of millions of South African people. He says it was wrong because it did not work, not because there was evil intention. As long as he continues to think in that way, he is my political enemy.

**As a president?**

I think he is a skilled person, a talented person. He's got a greater sense of pragmatism than his predecessors, more of a sense of realism, and that explains why he did what he did. He did break with the past.

But I think people must have no illusions. He will do whatever he thinks is possible to retain as much of the old as he can. The difference between him and his right-wing predecessors is that he's got more of a sense of what is going on in the world. The others were living in their own nightmare.

**Are you positive that a settlement is possible before the end of the month?**

Oh no, I'm not positive. And if there's no real major leap forward, a real advance on most of the key questions within the next five weeks, I think we are in trouble. We as the alliance will have to sit back and consider what our responses are going to be.

I think it's clear: we can't go on and on anymore. We will lose credibility with our constituency and our people. Now is the time. The transformation has to be delivered up. If it doesn't happen within the foreseeable future, I think this country is in real deep trouble.

**What trouble are you talking about?**

We have seen and we know what the real mood is on the ground, particularly among the youth, about the prospect of a democratic transformation. If it becomes clear that it is not going to happen, I think all hell will break loose. Everybody must be aware of that.

**You proposed a document called "Strategic Debates", which actually proposed some form of powersharing with the NP for a limited period. Was that a good premise from which to move, especially in view of the heated debate within the alliance about the "sunset clauses"?**

I believe so and the ANC believes so. It has now taken a decision on the question. It accepts that for a period of five years, not more than five years, there should be a government of national unity which on the one hand accommodates the minority interests and on the other hand doesn't give them the right to block advances towards democratic transformation.

So, it's a question of balance between those two objectives. In fact, I think the basis of my approach was the threat especially of a counter-revolution. The fact is that after the transformation, when we win the elections - which I think we'll win - we will not have won power. We will have just won a political office.

There's a big difference between the two. The power will still be largely in the hands of a lot of the existing incumbents. Therefore we will be in a position of dual power when the election is over. It is our job to ensure that we win not only the election but that we can consolidate our political victory in order to use it to begin bringing about the transformation. You won't be able to do that effectively if you say to all forces on the other side, "There's no future for you."

So, it's not a question of allaying the fears of people, it's a question of our survival and the survival of the transformation. I believe the events in the last week show an emergence of an even more organised and coherent right wing through the cabal of the generals. It in fact reinforces the approach I put forward.

**What do you think about attacks on white civilians?**

They are playing into the hands of the right wing. They are playing the game of the enemy. They might not be motivated by the same purpose - but they are playing the game of the right wing.

To me, there is very little difference between Barend Strydom and a man who goes and sprays AK-47 bullets in a pub in East London. It's absolutely without consideration to engage in this kind of activity. Far from helping to bring about liberation, it will create enormous obstacles towards elections.

**In conclusion, how do you see the future?**

I think we must now really stop talking about the future and work for it. That's the essence of it. We must stop expressing hope and work for a real settlement. I believe there is sufficient reason to move forward despite all the major things that are happening, particularly the violence that is wrecking the country.


"My brandy, like my clothes, must have a Superior label."
Connoisseur
V.O. Superior Brandy.
For those who know.
CONNOISSEUR
CONNOISSEUR
A classic blend of style and taste.
Consistently smooth. Distinctive. Discerning.
THE WHITE HOUSE 2100/E

# CISSIE GOOL:
# Distrik Ses se vurige 'Jeanne d'Arc'

Om as vrou 'n politieke mening in die openbaar in Suid-Afrika uit te spreek was ongehoord in die jare dertig. Veral as dié uitdagende stem nog boonop aan 'n Moslem-vrou behoort het. Maar so 'n vrou was Cissie Gool. Sy het haar rug gedraai na alles wat die samelewing as "normaal" wou erken - en die onsekerheid van die politieke woestyn met durf aangepak. **BEVERLEY MITCHELL** vertel meer van dié vryheidsvegter, wat 30 jaar gelede dood is.

**ZAINUNNISA "CISSIE" GOOL** is in 1900 gebore en het in die lewenskragtige en kleurryke gemeenskap van Distrik Ses grootgeword. Haar politieke opvoeding het as kind al begin, aan die voete van haar vader, dr Abdullah Abdurahman. Hoewel sy later die verwagte rol as vrou van moeder en eggenote vertolk het, was dit nie genoeg vir Cissie nie. Sy het met dr AH Gool, 'n mediese praktisyn, getrou en drie kinders grootgemaak - maar haar onversadigbare soektog na geleerdheid het haar na die Universiteit van Kaapstad gedryf.

Haar onblusbare wilskrag het vrugte afgewerp: in 1933 was sy die eerste swart vrou om te gradueer aan UK met 'n meestersgraad in sielkunde. Vandag raak mense nie eens opgewonde oor so iets nie, maar destyds was dit 'n voortreflike prestasie vir 'n swart vrou.

Nieteenstaande haar uithouvermoë en vasberadenheid kon Cissie dié prestasie slegs behaal danksy die ondersteuning van 'n bevoorregte agtergrond. Om aan 'n universiteit te studeer is gewoonlik net die voorreg van die welgesteldes in die samelewing.

Maar Cissie was 'n vrou voor haar tyd gebore. Sy het self dikwels gesê dit is vir haar onmoontlik om nét ma en huisvrou te speel; sy't gemeen dié twee funksies hou vroue gebonde.

Hierdie begrip van haarself as persoon, om haarself as 'n mens uit eie reg te erken, tesame met haar politieke bewustheid en helderheid van siening, het uiteindelik haar rol in die samelewing begin bepaal.

**CISSIE SE TOETREDE** tot die openbare politieke arena het 'n botsing met die owerhede onvermydelik gemaak. In 1930 het sy vir die eerste keer 'n vergadering in die openbaar toegespreek - 'n vergadering wat deur die African Peoples' Organisation (APO) gereël is om protes aan te teken teen die wetsontwerp oor stemregte vir vroue. Kragtens dié wetsontwerp kon net wit vroue op die gemeenskaplike kieserslys opgeneem word.

Ná die vergadering het Cissie 'n opmars van duisende mense na die parlementsgebou gelei. Toe hulle daar aankom, is die ordelike optog binne toegelaat.

Binne die parlementsgebou het Cissie die groep se beswaar teen die wetsontwerp aan die betrokke ministers oorgedra en daarop aangedring om die destydse eerste minister, generaal JB Hertzog, te ontmoet. Sy was oortuig daarvan dat regstreekse konfrontasie die enigste doeltreffende strategie is om enige onregverdigheid te herstel.

Cissie se aandoenlike uitdrukkingsvermoë, haar vernuf en skerp spraak is in haar lang politieke loopbaan altyd as instrumente vir direkte konfrontasie gebruik - 'n strategie wat sy oortuigend aan Suid-Afrika se politieke front benut het.

Lank voor die Nasionale Party - en die hoofargitek van apartheid, Hendrik Verwoerd - aan bewind gekom het, het Cissie voorspel dat fascisme aan die opkom is in Suid-Afrika. Sy het gemeen die enigste manier waarop die onderdruktes hierdie aanslag kon afweer, was om 'n verenigde front van teenstand te vorm.

Dié oortuigdheid van die eenheid van die onderdruktes, sowel as haar lewendige persoonlikheid, het haar in 1936 daartoe gelei om die National Liberation League (NLL) saam met James la Guma en John Gomas te stig. Met die stigting van die NLL is Cissie as president gekies.

Kort ná die stigting van die liga het sy 'n vergadering toegespreek wat deur die Anti-Fascisme Liga en die NLL gereël is om te protesteer teen die Naturelle Verteenwoordigingswet (net blankes kon swartmense verteenwoordig in die parlement), die Ontwikkelingstrust en Grond Wet (waar swart eienaarskap van grond beperk is tot sekere gebiede) en die Wet op Arbeidsgeskille (waardeur die regering in stakings kon toetree).



Cissie Gool spreek 'n openbare byeenkoms in die jare veertig toe.

**TWEE WEKE** ná dié massavergadering het sy weer meer as 2 000 stakende kledingswerkers toegespreek, en daarop aangedring dat IL Bach, een van die grootste klerefabrieke, alle aanklagte teen stakers terugtrek. Terwyl ondersteuning vir die NLL begin groei het, het die lelike gesig van politieke verdeeldheid tussen lede verskyn. Sommige lede het gemeen dit sou beter wees om van binne die regeringstelsel te werk, terwyl ander gemeen het verandering kon net kom deur druk van buite op die regering te plaas.

Omdat Cissie se ideologie en metode as matig gesien kon word, het sy as president van die NLL bedank - maar sy het aangehou om die liga se weeklikse vergaderings toe te spreek. Dié vergaderings het 'n wye reeks onderwerpe omvat, en al was sy nie meer president nie, het Cissie al hoe gewilder geword by die gewone mense.

Ná 1936 begin Cissie se politieke standpunt verander. Haar strydlustigheid en minagting jeens onderhandeling met die blanke regering word getemper met die geloof dat daar aansienlik meer wins sou wees as die stryd van binne die regeringstelsel kon plaasvind.

Hoewel sy nou dié standpunt ingeneem het, het sy aangehou om werkers aan te moedig om hulle óf by 'n unie aan te sluit, óf 'n unie te help stig. Sy het geglo dat verenigde organisasie steeds die vernaamste manier is om sukses te behaal. Die ideologiese onenigheid in die liga het haar daarvan oortuig dat 'n organisasie met 'n breë basis noodsaaklik is om vir die regte van "nie-blankes" te veg.

**AS GEVOLG VAN** hierdie verwikkelinge is die Non-European United Front in 1937 gestig, as sambreel vir 45 organisasies. Tydens 'n byeenkoms gereël deur die NLL is Cissie eenparig as president en voorsitter van die Front gekies.

In 1937 begin sy ook haar veldtog om 'n setel in die Kaapse stadsraad te bekom. Dié stap is as gevolg van 'n verandering in haar benadering van werk binne die stelsel, en die ontevredenheid van Distrik Ses se inwoners met 'n sekere mnr Pickard, hul raadslid. Die werkersklas-gemeenskap van Distrik Ses het haar in haar veldtog gesteun, hoewel 'n paar linksgesinde intellektuele binne die Front haar besluit as "verraad" bestempel het.

Na 'n lang veldtog maak sy geskiedenis as die eerste swart vrou wat 'n wit raadslid uit sy setel lig. Hoewel die meeste raadslede met haar politieke oogpunt verskil, wen sy die respek van baie en raak bekend as die "Jeanne d'Arc" van die sogenaamde "kleurling"-gemeenskap. Meer as twintig jaar dien sy as raadslid vir Distrik Ses.

Sy word 'n sentrale figuur in die Kaapse politiek, veral met betrekking tot die "nie-blanke" gemeenskap. Ondanks haar geskille met die NLL, is sy in 1939 as president van die liga herkies. Dit veroorsaak 'n skeuring binne die liga. In die vroeë veertigerjare breek haar swaer, dr GH Gool, en James La Guma weg om die NEUM - die Non-European Unity Movement te vorm. Dié groepering het haar samewerking met die regering teengestaan en 'n beleid van nie-samewerking gevolg.

In 1939 lei sy 'n anti-segregasieveldtog, wat 'n hoogtepunt bereik met 'n opmars van 20 000 mense na Kaapstad. Hierdie mars word met geweld deur die polisie onderdruk.

In die jare veertig sit sy haar veldtog voort as stembuis vir die verdruktes binne haar gemeenskap en speel 'n hoofrol binne die anti-kleurlingsake veldtog (Anti-CAD campaign).

Met die instelling van die Wet op Asiërs (die "Ghetto Bill") in 1946 sluit sy haar by die Indiërliga aan. Dié wet het die verwydering van Indiërs uit hul handels- en woongebiede gewettig. Massavergaderings is landwyd georganiseer en Cissie reis na Johannesburg om Transvaal se Indian Congress by te woon.

Met haar terugkoms organiseer sy 'n vergadering om steun vir die leidelike versetbeweging in Natal te wen. 'n Leidelike versetsberaad word gestig met Cissie as ondervoorsitter. Haar aktiewe steun vir die versetbeweging lei daartoe dat sy gearresteer en aangehou word. Tydens haar sesmaande-vonnis sterf haar jongste seun en sy word om menslike redes vrygestel.

Met die instelling van die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers deur die Nasionale Party, wat in 1948 aan bewind gekom het, word baie protesvergaderings gehou. Cissie het dikwels die herroeping van hierdie wet in die openbaar bepleit al was dit teen die tyd verbode om vergaderings onwettig te hou. Op 24 April 1948 is sy deur die hof vermaan en later ontslaan.

In 1953 is die Coloured People's Congress (CPC) gevorm as gevolg van die regering se verwydering van kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslys. Dié stap het groot reaksie ontlok en was die begin van 'n verenigde anti-apartheidsveldtog. Cissie was een van die mees aktiewe lede.

**NÁ DIE SHARPEVILLE-SLAGTING** in 1960 het die regering alle teenstand onderdruk en talle mense gearresteer. Cissie is weer in hegtenis geneem, en in afsondering aangehou, hoewel sy al 62 was.

In 1963 het die Universiteit van Kaapstad 'n LLB-graad aan haar toegeken. Sy is tot die balie toegelaat as advokaat - die eerste swart vrou om dié historiese deurbraak na 'n manlike heiligdom te maak.

Terwyl sy voorberei vir haar eerste hofsaak, beswyk sy skielik op 4 Julie 1963 aan 'n beroerte aanval. Haar dood laat 'n leemte in Distrik Ses.

Sy is die enigste vrou wat met 'n opmars deur Kaapstad se strate vereer is met haar begrafnis. Haar begrafnis was die tweede sedert haar pa s'n in 1940 waar bedroefde roubeklaers die roete drie myl ver volgestaan het.

Cissie Gool was 'n vrou wat sonder twyfel haar vasberadenheid in die stryd vir sosio-politiese en ekonomiese geregtigheid bewys het. Tot vandag toe word haar dade besing deur die ouer geslag van die Kaapse vlakte.

# DIE MEDIA ONDER DIE SOEKLIG

# 'n Soort van 'n Brother Twist

**MAX DU PREEZ** kyk na die jongste broedertwis tussen die *Sunday Times* en *The Star* (en jy het gedink net Boere kan 'n broedertwis hê? Hou maar die Engelse dop! Wasp-on-Wasp-conflict is 'n ding om te belewe) en sommer ook na die ander beskuldiginge wat deesdae byna daagliks voor die deur van die media gelê word

**EK** gaan nie eens probeer om dit te ontken nie: Die relletjie tussen Ken Owen, redakteur van die *Sunday Times*, en *The Star* het my groot lekkerkry gegee.

Ek het gevoel soos 'n brak wat al gatvol baklei is en half flenters blaas-blaas eenkant staan en toekyk terwyl twee ander honde mekaar aanvat.

En nie sommer enige twee brakke nie: dit is twee Opreggeteëlde Bulldogs, die Waghonde van Liberalisme, die Kampioenhonde van die Vryemark-ideologie, die Skouhonde van die Vrye Pers.

Ken Owen het die scrap twee weke gelede in sy rubriek begin. Sy pen was, soos gewoonlik, vlymskerp. "The deficiencies of South Africa's English newspapers have been brought into sharp focus by the assassination of Chris Hani and the events that followed... The newspapers stand accused not so much of malice as of muddle, of inadequacy." En dan skaar hy hom by die vrae wat die politieke ontleder Anna Starcke nou die dag gevra het: hoekom het die media, wat Chris Hani as 'n man van geweld gedemoniseer het, nie dié beeld verander toe hy in 'n man van vrede verander het nie? Hoekom wag tot Peter Mokaba die slagkreet Kill a Boer gebruik voordat dié ou verskynsel gerapporteer word?

Owen sê die beriggewing oor die nasleep van die Hanimoord het gekonsentreer op die beperkte geweldpleging deur jong boewe, eerder as die prysenswaardige pogings van ANC-leiers en -marshalls om die vrede te bewaar. "Lack of balance has contributed greatly to the dangerous emotionalism which now threatens this society," voeg hy by.

My thoughts exactly, swaer.

Owen rakel die geskiedenis van die oorlede *Rand Daily Mail* op en sê die eintlike rede vir die *RDM* se geldelike kwale was dat dit ongebalanseerd en ongeloofwaardig was. Die een waardevolle les uit die *RDM*-ervaring, sê hy, is dat 'n onafhanklike koerant winsgewend moet wees.

En dan smeer hy die gif aan die penpunt: "Since the closure of the *RDM* the major newspapers have been turned sharply away from their social and political functions, and have been made into instruments of profit. In order to be profitable, sometimes highly so, newspapers have generally moved downmarket, avoiding the difficult, onerous or costly tasks of good journalism in favour of a frothiness that, at this stage of our history, is almost obscene.

"About 30 years ago *The Star* in Johannesburg was a good, if provincial, newspaper of record; today the closest thing we have to a newspaper of record is the under-funded, rather shabby, rightwing tabloid, the *Citizen*. Only the *Weekly Mail*, launched and controlled by journalists, has unashamedly set itself the aim of journalistic excellence and made its commercial functions serve that end. For the rest, profitability has relegated journalism to second place."

Ek kon dit self nie beter gesê het nie, my dear old chap. Maar daar is nog: "The consequences are pernicious. The difficult tasks of reporting and analysis, whether in politics or health or education or urban decay or human development or taxation or economic growth, have given way to lettuce diets, gossip and such minor diversions as advice on improving sex in marriage."

Hmm. Gaan lees maar net die *Sunday Star* as jy dink Ken overstate sy case.

Ken sluit af: "The press offers more illusion than illumination. Indeed, I greatly fear that when democracy does come to us, the press may prove to be the weak link that causes it to fall."

Sela.



# Newspapers: weak link in the democratic chain?

THE deficiencies of South Africa's ... page as well as, all too often, to individual reports.

## Sunday newspaper editor kicks an 'Owen' goal

**EN ASOF HULLE** deur 'n slang gepik is, kap *The Star* se rubriekskrywer Hector Sauer terug met 'n opskrif: "Sunday newspaper editor kicks an 'Owen' goal." Hector (ten minste het Ken die guts gehad om sy aanval onder sy eie naam te doen. Mind you, Auntie Argus was nog altyd gesigloos) skryf: "Sunday newspaper readers are becoming used to having their repose disturbed by the sound of Ken Owen barking noisily up the wrong tree."

Hector verwys na Owen se "fulminations" (dit kom van die Latyn vir bliksemstraal, fulmen) en sê: "Having branded Chief Justice Corbett's Appeal Court as the biggest danger to individual liberties against apartheid, Owen has now discovered another unlikely threat to democracy - the English language press, which has apparently succumbed to profit-seeking and frothiness. Coming from the editor of SA's frothiest and most profitable newspaper, that's about as hilarious as Satan rebuking sin."

Maar aha! Hector weet 'n juicy bit wat ons nie weet nie: "Among the many bees that buzz around in Ken's bonnet - besides communists, civil servants, American politicians, Wits academics and Afrikaner liberals - is the Argus Company; he's never forgiven it for its role in the demise of the *Sunday Express* when he was its editor. Owen's way of getting even is to rubbish Argus newspapers whenever opportunity presents, while ostensibly lamenting the dismal standards around him."

Half skaam-kwaad kom Hector dan met 'n beskuldiging waarin daar sekerlik waarheid steek: "One minute he's laying about his employers and colleagues for being mired in the past and not rising to the challenges of the market-place; the next he will bewail the trendiness of newspapers, especially those which set out to meet the quite different demands of the television age." (Hector bedoel seker die *Sunday Star* wanneer hy praat van die television age, want *The Star* en *The Argus* kon nog nooit daarvan beskuldig word dat hulle probeer het om quite different demands te meet nie.) Hector sluit af met 'n draai van die mes: "Sauer's view of this unpredictable columnist is no different from Van Zyl Slabbert's - entertaining writer, but rather difficult to take seriously."

Daar het jy dit. Hond eet hond.

(Laat ek vinnig byvoeg dat Hector Sauer 'n baie twyfelagtige reputasie het. Daarvan dra ek persoonlik kennis. 'n Maand of wat gelede berig Hector as 'n bewese feit dat 'n verslaggeefster my 'n tiran genoem het, en toe dank ek haar net daar en dan af net omdat sy dit gesê het en bewys daardeur dat sy reg was. Nou kyk, Hector kan my 'n tiran of 'n bleddie fool of enigiets noem, maar hy kan nie 'n storie uit sy duim suig, dit as die waarheid aanbied en dan sy waarde-oordeel dáárop baseer nie. Daar was doodgewoon nie so 'n insident nie, en ek het in die byna vyf jaar van *VWB* se bestaan nog nie 'n enkele verslaggeefster afgedank nie. So wat sê dit van Hector, wie hy ook al mag wees?)

**TOT SOVER** die plesierigheid. Kom ons kyk watter meriete sit in die bakleiery.

Ek stem heelhartig met Owen saam dat mense wat nie gedemoniseer behoort te gewees het nie, wel gedemoniseer is en andersom, en dat die gebrek aan balans in die media bygedra het tot die gevaarlike emosionaliteit wat ons nou ervaar.

My enigste probleem is dat Owen net so skuldig daaraan is as die volgende koerantmens, of selfs meer. Wie in die Engelse pers - buiten die *Citizen* natuurlik - het die SA Kommunisteparty en selfs die ANC meer gedemoniseer as Ken Owen? Wie anders as die *Sunday Times* het byvoorbeeld die ANC se debat rondom 'n sogenaamde "wealth tax" tot 'n vaste besluit verhef en 'n wit histerie daaroor opgejaag? Was dit nie dieselfde Owen wat 'n heksejag teen Engelse universiteite gevoer het en wat progressiewe Afrikaners soos Van Zyl Slabbert en Wynand Malan by elke moontlike geleentheid verguis het nie?

Maar al gooi Ken sy klippe vanuit 'n glashuis, dit is goed dat hy dié punt opgebring het wat die Argus-koerante so lank uitgemis het, as jy my die beeldspraak sal verskoon.

Die sonde gaan myns insiens baie dieper as die demonisering van Hani, ens. Ek dink al die hoofstroom-koerante, Engels én Afrikaans, het deur die jare die slagoffers van apartheid geword - daar waar dit nie gewillig was nie, was dit minstens sonder veel teenstand.

Koerante het lustig daaraan meegewerk - tot en met 1990 en selfs daarna - om die illusie te skep dat Suid-Afrika eintlik 'n land van witmense is met 'n gesiglose swart massa wat ongelukkig nie

wegredeneer kan word nie. Daar was 'n "rasseprobleem" ja, maar dit is geskilder as die probleem wat witmense met swartmense het. Wit was die wegspringplek. Koerante het munisipale verslaggewers en provinsiale verslaggewers gehad wat in die wit raadsale gesit en oor alles breedvoerig berig het. 'n Senior posisie by alle koerante is dié van politieke korrespondent - in alle gevalle wit, in byna alle gevalle manlik. Dié korrespondente het hul eie kantore in die parlement, is op voornaamterme met die meeste parlementariërs, eet en veral drink daagliks saam met hulle en word selfs intieme vriende. En die swart politiek? Vir 'n baie lang tyd is dit - en is dit nie veelseggend nie - aan die "misdaadverslaggewer" oorgelaat, later aan die "swart sake-verslaggewer".

('n Vinnige anekdote: so in die middel-1980s was ek die Current Affairs-redakteur van die *Financial Mail* toe die destydse redakteur, Steve Mulholland, my opdrag gee om die hoeveelheid "swart nuus" in my seksie met minstens die helfte te verminder.)

In dié valse werklikheid wat geleidelik opgebou is, het veral die Engelse koerante hoog opgegee oor "balans" en die "middelgrond". (Die Afrikaanse koerante was onbeskaamd in diens van apartheid en xenofobiese Afrikaner-nasionalisme. Hulle het selfs hul eie taal- en kultuurgenote met donkerder velle as bywoners behandel.)

Maar die "middel" wat die Engelse koerante in die politieke spektrum gevind het, was die middel van die wit politiek; die balans was 'n "wit" balans, want die parameters van die nasionale politiek het eintlik gestrek van die PAC en die SAKP tot regs van die NP.

Daar wás redakteurs wat aan die swart politiek 'n regmatige plek gegee het - mense soos Donald Woods en Allister Sparks. Hulle is gou gemarginaliseer, deels darem ook weens hul eie style.

**EEN VAN DIE** groot probleme was natuurlik dat die meeste groot koerante "apartheidsuitgawes" gehad het: die wit hoofkoerant en dan 'n "Extra" of 'n "Metro" of 'n "Africa edition" (is die ander een 'n "European edition"?) Daar was selfs koerante (die *Sunday Times* was een) wat verskillende uitgawes vir Indiërs, bruinmense en swartmense naas hul wit uitgawe gehad het - en dié verskynsel is nie heeltemal iets van die verlede nie.

Argumente van "streeknuus" en "gemeenskapsnuus" is ter verdediging vir dié verskynsel aangebied, maar die effek uiteindelik was dat verskillende bevolkingsgroepe net hul "eie" nuus gelees het en nie van mekaar se lewens en drome en vrese gelees het nie.

(Is dit nie ontsettend ironies nie dat so baie, indien nie die meeste nie, "wit" koerante soos die *Citizen*, *Sunday Times* en *The Star* meer swart lesers as wit lesers het?)

Seker die mees onvergeeflike sonde in dié verband is *Die Burger* wat al die jare 'n spesiale uitgawe vir Kleurlinge gehad het. Kyk só daarna: dié mense se huistaal is Afrikaans; hulle woon in dieselfde streek as die wit lesers (tot hulle uitgeskop is, het hulle tussen-in die witmense gewoon); hulle het presies dieselfde kultuur; die meeste van hulle is Christene en baie is lede van die NG Kerk. As dit nie dienstigheid aan apartheid is nie, weet ek nie wat is nie.

Die huidige redakteur, Ebbe Dommisse, het dié apartheidsuitgawe nou genadiglik afgeskaf. En ek hoor *Die Burger* se bruin lesers is aan die toeneem.

Ek hoor ook *Rapport* se bruin leserstal is besig om te groei. Maar soos 'n Kaapse kollega vir my sê: "Dis nie Izak de Villiers se regse koerant wat groei nie, dis Zelda Jongbloed se Kleurlinguitgawe van *Rapport*."

**HIER IS NOG** 'n voorbeeld van 'n wanbalans: hoeveel ruimte en aandag bestee die media aan die Pan Africanist Congress en die Azanian People's Organisation? Bitter, bitter min - net so nou en dan is daar redaksionele kommentaar wat hulle uitmaak as die lunatic fringe. (Gaan ons binnekort weer selfondersoek doen oor hoekom ons die swart bewussynsgroepe ook onnodig gedemoniseer het?) Eers toe Apla begin witmense skiet, het koerante weer 'n slag na dié groepe gekyk. Tog dui alle meningspeilings daarop dat die PAC en Azapo net soveel of meer ondersteuners het as die Konserwatiewe Party, en sekerlik baie meer as die AWB. En hoe domineer dié regse groepies nie die nuusblaaie en uitsaaityd nie?

Juis dié week kom TV1 se *Agenda* met 'n dokumentêr oor die regses en beskuldig die media daarvan dat hulle wanvoorstellings die wêreld ingestuur het.

Dit is nogal waar. Te oordeel na mediadekking moet Eugene TerreBlanche een van die mees prominente politieke leiers in die land wees en die AWB 'n magtige organisasie. Ons het ons laat verlei deur die lekker quotes en die sexy foto's van dikgewrig-Boere met kakieklere, kamaste, klapmusse en swastika's. En die ouens wat toe uiteindelik die moeilikheid maak, het ons nooit aan die lesers bekend gestel nie.

**KOM ONS KEER TERUG** na Ken Owen en sy aanklag dat koerante só winsbehep geraak het dat hulle nie meer hul primêre funksie vervul nie.

Hier staan Owen op stewiger grond om beskuldigings te slinger. Hy het 'n ding reggekry wat min redakteurs nog reggekry het: hy het die *Sunday Times* meer diepte gegee, meer politiek ingesit, die sensasie effens getemper en boonop vir die kaal meisies meer klere laat aantrek - en tog die verkope laat styg.

Maar nou ja, hy het darem ook die hulp gehad van die hoogs gewilde en peperduur Finders Keepers-kompetisie. Aan die ander kant, byna elke koerant het mos deesdae 'n kompetisie om sirkulasie te laat styg: towerkaarte en scratch cards en lucky numbers en *Rapport*-skatkis en lucky card games en wat ook al.

Dis alles rook en spieëls om met groter syfers by die adverteerders en die advertensie-agentskappe te gaan goël. Dit is 'n korttermyn-inspuiting wat nie 'n jota gaan help om meer Suid-Afrikaners gereelder koerantlesers te maak nie.

Koerantbase - en die magtige advertensie-agentskappe wat die koek moet opsny - het ná al die jare nog nie mooi geleer wat elke vrou weet nie: Size is not everything. Dis wat jy daarmee maak. Hoeveel keer sien 'n mens nie op 'n koerant se voorblad 'n gespogtery met hoeveel duisend dié koerant die laaste bygekry het nie. Dit is 'n totale obsessie. 'n Redakteur se waarde word bloot beoordeel volgens die hoeveelheid koerante wat onder sy beheer verkoop word.

'n Voorbeeld van dié verskynsel is die *Sun* in Brittanje wat baie groter as *The Times* is, maar 'n mens koop die Sun net vir seks en skinder, terwyl *The Times* vol betroubare inligting en insigte is. Die een is vermaak, die ander een is 'n koerant. Van die beste publikasies in die wêreld is die heel kleinste, soos *The Nation* in New York, wat kleiner is as die meeste provinsiale koerante in Suid-Afrika.

Maar, en dit weet vroue ook, jy kan darem ook nie té klein wees nie, al is jy hoe goed. Dit beteken doodeenvoudig jy gaan nie advertensies kry nie, wat beteken jou verkoopprys moet baie hoog wees om jou koste te delg. En as jou verkoopprys te hoog is, kan mense nie die publikasie bekostig nie. (Vra vir my, *VWB* het genoeg ervaring hiervan.)

Dit is die balans waaroor dit gaan. En ek dink in Suid-Afrika was koerantbase en -redakteurs tot dusver só behep met meer lesers en meer wins dat ek met Owen saamstem: Wanneer ons 'n demokrasie kry, gaan die pers die swak skakel wees wat dit gaan laat struikel.

EX
LINGUA
AFRICANAE
SEMPER
ALIQUID
NOVI

HOU DIÉ RUIMTE DOP

## OP BAAS HENDRIK SE PLAAS:

# 'As 'n mens 'n skaap was, was dit beter'

Suid-Afrika se boere is kwaad, baie kwaad. Vir die "kommuniste" wat hulle vermoor en hulle plase wil vat. Hulle woede is verstaanbaar, maar daar is 'n ander kant aan die verhaal. Van wit boere wat vir jare hulle swart werkers vertrap en verneder het en nou hul vuiste bal en gewere laai. **JACQUES PAUW** se huishulp, **Roos Skosana**, is op 'n wit plaas gebore en moes as plaasarbeider soos twee geslagte Skosanas bitter hard werk vir bitter min. Sy vertel haar verhaal

**ROOS SKOSANA** is my huishulp. Soos so baie ander swart vroue in Johannesburg maak sy my huis skoon, was en stryk, kook kos en help so tussendeur kind grootmaak.

Ek weet nie of sy ooit iets anders as huishulp sal kan wees nie. Want sy kan nie lees of skryf nie. Daardie groot, wonderlike wêreld wat die geskrewe woord oopmaak, was nog altyd vir haar verbode.

Want 'n boer van Lydenburg het Roos en haar ouers, boeties en sussies in slawerny gedompel en geweier dat hulle leer. Die meide en kaffers moes werk vir die eer om op sy plaas Afgrond te kon woon.

Elke oggend, ure voor ander kinders opgestaan en hulle uniforms aangetrek en skooltasse gepak het, het Roos al voor die koolstoof gestaan en pap roer.

Want Hendrik Grobbelaar het daarvan gehou dat sy pap teen dagbreek reeds goed deurgekook moes wees.

Roos, jongste van sowat tien kinders, en haar familie het nie lone ontvang nie. Ook nie kos of klere nie. Hulle het nie name gehad nie.

Hulle moes smeek vir 'n stuk rou boerseep om mee te was. Die kinders het velle en stukke materiaal op die plaas gedra om hulself te bedek. Daar was nie skoene of truie vir die bittere koue nie.

Vir twee geslagte lank was die Skosanas niks anders nie as Grobbelaar se persoonlike eiendom. Hy het hulle geslaan en mishandel. Hulle moes letterlik in die nag van die plaas af vlug om hulle lot te ontsnap.

Geen enkele Skosana bly of werk meer vir Grobbelaar nie. Almal het weggevlug. Vandag is die broers en susters oor die lengte en breedte van Transvaal versprei waar hulle eenvoudige arbeiders is.

Roos probeer nou op die ouderdom van 37 jaar vir die eerste keer leer. Elke weeksaand skuins ná sesuur kry die vrou met die groot bruin oë en vriendelike glimlag koers Nuweland toe om Learn and Teach Adult Literacy Organisation se nagskool by te woon.

Saam met ander huishulpe leer sy die alfabet en van klinkers en medeklinkers. Basiese kennis wat sy 30 jaar gelede al in die grade moes geleer het.

Later sal sy leer van die mees basiese geskiedenis van haar land. Van 'n wye, vreemde wêreld daar buite. Van die aarde wat rond is en van Boesmans en ander volke.

Vir die eerste keer kan Roos nou haar eie naam en haar pa en ma en oompie se name skryf. Sy kan al so bietjie lees.

Roos dra geen haat in haar hart jeens Grobbelaar nie. Sy is bitter ja, wil hom nooit weer sien nie, maar wens hom ook nie wraak toe nie.

Daar is ook baie uit haar kinderjare wat steeds vir haar mooi en goed is en wat sy altyd sal koester en onthou.

Dis immers op die plaas Afgrond waar haar familie se voorvaders begrawe is en waarheen hulle soms nog steeds teruggaan om blommetjies op die graf te gaan sit.

**HIER IS ROOS SE VERHAAL:**

My pa Jack is op Afgrond gebore en het sy hele lewe lank vir baas Hendrik gewerk. Daarvoor het hy nooit 'n sent gekry nie. My boeties en sussies moes almal op die plaas werk as arbeiders.

Tot ek so elf jaar oud was, het ek by my ma en pa in hulle huisie gebly. Dit het 'n kombuis en twee kamers gehad. Daar het ons almal gebly. Daar was nooit water of elektrisiteit nie. Ons het by die rivier water geskep.

Toe ek elf was, is ek gestuur om by die Grobbelaars in die huis te gaan werk. Ek het saam met my ander twee susters, Betty en Lea, gewerk. Omdat ek die kleinste was, moes ek baie tuinwerk doen. Ek moes skoffel, die jaart vee en hout kap vir die koolstoof.

Soos ek groter geword het, het ek in die kombuis begin werk. Ek het die huis skoongemaak, wasgoed gestryk en gekook.

Ons het in die kombuis geslaap. In die aande nadat ons skottelgoed gewas het, moes ons eers in die pakkamer langs die huis gaan sit en wag tot die twee mense gaan slaap. Miesies Anna het klere in die kombuis gemaak en ons moes wag tot sy gaan slaap.

In die pakkamer was skape se medisyne en mieliemeelsakke. Ons het sommer op die sakke gesit en wag. Ons het baie keer sommer daar aan die slaap geraak omdat miesies Anna nie vir ons gesê het as sy gaan slaap nie. Dit was baie koud.

Ons het gewoonlik op die vloer in die kombuis op matjies geslaap. Daar was nie matrasse nie. Ons het elkeen een kombers gehad wat ons van die huis af saamgebring het. Hulle het nie vir ons komberse of kussings gegee nie.

Die baas het baie vroeg opgestaan en dan moes sy pap al klaar wees. Hy het gehou van pap wat baie lank gekook het. Ons moes opstaan as dit nog pikdonker was. Ons het nie 'n wekker gehad nie en nooit geweet hoe laat dit is nie.

Baie keer het een van ons wakker geskrik en nie geweet hoe laat dit is nie. Dan het ons maar opgestaan en begin vuur maak, water kook en pap maak. Maar partykeer was die hout opgebrand en dan het dit nog nie lig geword buite nie. Ons was te bang om hulle te vra vir 'n wekker.




Foto: SALLY SHORKEND

**BAAS HENDRIK WAS** altyd kwaai met ons. Hy't baie met ons geraas, sommer oor enige ding. Hy wou nie luister as ons met hom wil praat nie. Hy het het die werkers baie klappe gegee. Dit het hulle nog dommer gemaak.

Miesies Anna het ook altyd geraas en gedreig om vir die oubaas te vertel. Sy het nooit omgegee vir ons nie. Sy was baie kwaai. Ons mag nie koffie of tee gedrink het nie.

Niemand is ooit betaal nie. Nie my pa of my ma of enige van ons is betaal nie. Ons wat in die kombuis werk, het mieliemeel en melk en jam gekry. Soms het ons vleis gekry.

My pa-hulle het nie kos gekry nie. Ons het ons eie stukkie land gehad waar ons self mielies moes plant. My pa het lobolabeeste gehad, maar baas Hendrik het gekla hulle eet te veel gras en toe mos ons dit verkoop.

Die baas het my pa-hulle ses maande van elke jaar tyd gegee om te gaan uitwerk by ander mense om geld te kry. Ons moes van daai geld leef. Maar baie keer kon my pa nie op ander plase werk kry nie.

Ons het nie geld vir enigiets gehad nie. Die bietjie geld wat my pa buite gekry het, moes gebruik word om vir elkeen van ons nou en dan 'n rok te koop.

Die rok was net vir spesiale tye. By die huis self het ons stukkie materiaal gedra met krale wat my ma gemaak het. My pa het vir my boeties velle gemaak. Hulle het net broeke gehad vir spesiale tye wanneer ons uitgekom het.

Toe ek groter word, kon ons met oestyd op ander plase gaan werk waarvoor ons een of twee rand gekry het. Ek kon dan 'n stukkie materiaal koop en 'n rok maak.

Later van tyd het baas Hendrik vir my boeties overalls gekoop om mee te werk. Maar ons in die kombuis het niks gekry nie. Ons moes werk met daai kleertjies wat ons self moes maak.

Ons het kaalvoet geloop winter en somer. En Lydenburg word baie koud. Ons het ook nie truie gehad nie. Miesies Anna het nooit vir ons gevra hoe dit gaan en of ons koudkry nie. Dit het baie keer gekapok.

Ons het ook nie seep gekry nie. Ons het miesies Anna Saterdae vir seep gevra om die wasgoed te was, maar baie keer wou sy nie. Sy het net vir ons boerseep gegee waarmee ons ook ons gesigte moes was. Ons het nooit vaseline gehad nie. Ons het partykeer ons bene met karolie gesmeer omdat ons self nie geld gehad het nie.

As ons siek geword het, het miesies Anna vir ons medisyne gegee wat sy met olie gemeng het wat soos Dettol ruik. Niemand is ooit dokter toe gevat nie.

Baas Hendrik het ons kaffers en meide genoem. Ons het later nie name gehad nie. Hulle het my eers "Kleintjie" genoem en gepraat van "daai een van Jack".

By Bosfontein en Enkeldoring was daar skole, maar ons is nie toegelaat om te gaan nie. Van my boeties en sussies se kinders op die plaas het later jare begin skool toe gaan, maar baas Hendrik was kwaad daaroor want hy wou dit nie gehad het nie. Hy het hulle op die plaas gesoek om te werk.

**TOE ONS LATER** ouer word en op die dorp vir geld wou gaan werk, wou hy dit ook nie gehad het nie. Hy het later gesê ons kan vir vier maande van die jaar op die dorp gaan werk.

Om te kon werk, moes ons passe reggemaak word. Baas Hendrik wou baie keer nie die vorm teken nie. Dit het maklik 'n maand geneem om werk te kry, en dan het jy net drie maande oor. Baie mense wou ons nie vat nie want ons papiere was nie reg nie. Dit het met my boeties ook so gebeur.

Joyce het werk op Lydenburg gekry, al was haar papiere nie reg nie. Die nuwe vrou het het saam met haar plaas toe gegaan om die papiere te probeer regkry. Baas Hendrik het geweier om te teken. Hy wou nie eens met die vrou gepraat het nie.

Die vrou het toe self die papiere reggemaak. Maar na die vier maande verby was moes Joyce teruggaan. Joyce het geweier en haar nuwe miesies het gesê sy moet nie teruggaan nie.

Baas Hendrik het dorp toe gegaan om haar te gaan haal. Joyce wou nie inklim nie. Die baas het my ma gaan haal, maar Joyce het steeds geweier. Baas Hendrik het na die polisiestasie toe gegaan. Hulle het Joyce hof toe gevat om te gaan vertel hoekom sy nie wil teruggaan plaas toe nie.

Joyce het vir die hof vertel sy moet verniet werk sonder kos of klere. Die hof het gesê as baas Hendrik nie vir Joyce betaal nie, hoef sy nie terug te gaan plaas toe nie. Toe sê baas Hendrik hy sal betaal en Joyce gaan toe terug plaas toe. Toe betaal baas Hendrik ons elkeen R10 per maand.

Ons mag nie op die dorp gaan kuier het nie. Ons was net heeltyd op die plaas. Ons moes jol met die ouens op die plase langsaan.

Soos die jare aangegaan het, het my sussies óf getrou óf weggeloop van die plaas af. Bettie het weggeloop Middelburg toe en nooit weer teruggekom nie.

My boeties Isak, Petrus en Simon het ook weggeloop. Op die ou end was net ek en Joyce en my ma en pa op die plaas oor. My pa is 1979 dood.

**DIE STUKKIE LAND** wat ons bewerk het, wou naderhand nie meer mielies dra nie. Baas Hendrik vat toe die land en gee ons in ruil daarvoor 'n paar sakkies mielies. Omdat Petrus weggeloop het en nie weer wou terugkom plaas toe nie, was baas Hendrik kwaad en wou nie meer die sakkies mielies vir ons gee nie. My boetie moes vir ons geld stuur om meel mee te koop.

Ons was ver van die dorp af en moes baas Hendrik vra om die meel te gaan koop. My ma moes hom gaan vra en dan het hy haar vreeslik gevloek. My ma, wat toe al baie oud was, moes eers gaan skoffel voor hy dit gedoen het. Partykeer het ons nie meel gehad nie.

Die Grobbelaars het lande gehad met pampoene, boontjies, appels en perskes. Die appels en perskes het vrot geword want daar was te baie. Die baas en miesies het nooit gesê ons kon iets kry nie. Ons moes dit gesteel het. Die varke het van die pampoene gekry, maar ons het dit nie gekry nie.

Die lewe was te swaar. My ma het die hel gehad omdat my boeties en sussies nie wou terugkom nie. My ma moes swaar dra aan alles. Baas Hendrik het later geweier dat my boeties plaas toe kom om vir ons te kom kuier en geld en kos te bring.

Ons het besluit om te trek. My ma het vir baas Hendrik gaan sê ons gaan trek omdat die kinders nie meer op die plaas wil werk nie. Hy het gesê dis reg so want ons wil in elk geval nie werk nie.

Ek is eers in 1980 van die plaas af. Ek was toe 24 jaar oud. Toe werk ek steeds in die kombuis in die huis. Ek was toe alleen in die huis omdat die ander weg was. Ek het toe baie hard gewerk. Ek het R10 'n maand gekry.

Dit was maklik om te trek want ons het niks meubels gehad nie. Ons het 'n kombuiskas en 'n tafel met vier stoele gehad en een bed. Dis al wat ons gehad het.

Ons het na die trust toe in Groblersdal getrek. My ma bly nou nog daar en kyk na my en Joyce se kinders.

**EK HET IN** 1981 by Bessie van der Merwe op Lydenburg begin werk. Sy was baie goed en baie lief vir my en my kinders. Dit was soveel beter as die plaas. Ek het baas Hendrik en sy vrou soms in die dorp gesien, maar hulle nooit nie gegroet nie. Hulle het my ook nie gegroet nie.

Daar is nie vandag 'n enkele Skosana op die plaas oor nie. Party het sommer in die nag weggetrek sonder om die witmense te groet. My pa se graf is nog op die plaas. Ons gaan soms terug om te gaan blommetjies opsit of om te gaan praat. Dan groet ons baas Hendrik.

Behalwe die Skosanas het baie ander mense ook van die plaas af getrek. Niemand wou meer vir hom werk nie.

Ek voel baie bitter teenoor hulle want ek kry nou baie swaar. As ek al daai tyd geld begin kry het, het ek vandag iets gehad. As ek skool gegaan het, kon ek myself gehelp het. Nou kan ek myself nie help nie want ek is nie geleer nie.

My pa het twee vrouens en altesame sestien kinders gehad wat almal verniet vir baas Hendrik gewerk het. Hulle het hom ryk gehad. Ons het nooit iets by hom gekry nie. Ons het net gewerk, gewerk, gewerk. Hy kon vir ons gesorg het.

Dit was beter om 'n skaap en bees op sy plaas te gewees het. Hy kyk baie goed na sy diere. Ons moes baie hard werk sodat dit goed kon gaan met die diere. Hulle het darem altyd kos gehad om te eet.

Ek wil hê my kinders moet leer, maar ek kan hulle nie help nie want ek self het nie geleer nie. Ek woon nou in Johannesburg, maar ek weet nie altyd waarheen om te gaan nie want ek kan nie strate se name lees nie en weet nie op watter busse om te klim nie. As ek verdwaal, kan ek nie bel en sê waar ek is nie, want ek kan nie lees nie.

Ek weet nie wat moet met baas Hendrik gebeur nie. Ek voel ons het ons krag daar opgebruik. Nou is ons oud en ons krag is klaar. Maar ek wil nie hê hy moet sy plaas verloor nie. Hy is nou oud. Die Here sal sien wat sal met hom gebeur.

# Hillary Bashing:

## The travails of a Power Wife

Now that **Hillary Rodham Clinton** is actually ensconced in the White House, the First Lady has become a quasi-pornographic obsession - with critics and gossips attacking everything from her alleged bedroom policies to her thoughts about abortion. Why is the idea of a First Lady having some real clout in national politics so upsetting to so many? American journalist **KATHA POLLITT** comes to her defence

**TED KOPPEL** is not exactly known for in-depth coverage of the issues, but in March he came across a story so big, so urgent, so far-reaching in its implications for democracy that he needed two entire sessions of *Nightline* to reveal its full dimensions to the American people. Atrocities in Angola? One in ten Americans on food stamps? Why Johnny still can't read? Don't be silly. The topic was Hillary Clinton.

Does she have too much power, or what?

Having noted for the record that the First Lady enjoys healthy approval ratings in the polls, and that two-thirds of the population see nothing amiss with her chairing the Administration's task force on health care, and having further noted that most of her critics are white men and Republicans, Koppel devoted the bulk of both shows to conducting a chorus of complaints from members of those overlapping disgruntled minorities.

Soundbites from Mickey Kaus, Rush Limbaugh, Robert Novak, Thomas Mann (the Brookings Institution heavy, not the German novelist) and others built up the now familiar media cartoon: Hillary Rodham Clinton as the overbearing wife with a finger in every slice of goverment pie, a workaholic ideologue accountable to no one but her pussywhipped husband, an "unelected consort" in a "quasi-monarchical relationship", who promotes the hiring of women, like Donna Shalala, from her circle of hyperliberal friends. Kaus noted that her influence is felt even in an "obscure federal agency" like the Resolution Trust Corporation, where people are "scared" of her: "Imagine how strong her influence is on the more obvious agencies!"

"This is not some kind of a woman behind the scenes who's pulling the strings," said Michael Deaver, clearly nostalgic for the astrological management style of his erstwhile employer Nancy Reagan. "This woman's out front pulling the strings."

While Ms Clinton's attackers were prominent figures, named and given plenty of air time, her defences were mostly lightweights (the managing editor of *People*) or anonymous (a Japanese woman, who said through an interpreter, "I hope I can be like her when I reach her age"). Only two women were quoted more than once: the supremely silly Sally Quinn, herself a power wife of note, and feminist columnist Ellen Goodman, both of whom spoke in generalities about marriage.

The whole debate, indeed, was structured as a kind of contest between *Redbook* and *The Wilson Quarterly*, girl talk and fluff versus the threat to the Republic: Should America go down the tubes so that the tea-serving secretaries of Tokyo can have a positive role model? And just in case the viewer might be inclined to say, Sure, why not?, Koppel was quick to sound an ominous note: "When we come back, the question, What if the President thinks the First Lady is doing a bad job?" Short of putting her into an insulin coma, the answer was, He's stuck. After all, they're married.

**POOR H.R.C.** Perhaps she thought her husband's victory would put paid to the nitpicking and bitchiness and ponderous rumblings about the First Lady's "role" which swirled around her during the campaign. All summer long the life-style industry churned out articles with titles like "Are We Ready for a First Lady as First Partner?" (All right, I admit it, I wrote that one, for *Glamour.*) You'd think the election would have answered that question. But no, the media mill grinds on. There was the inaugural hat disaster, the dropping of the strategically assumed adoring gaze at Bill, the readoption of Rodham as a middle name.

What with all the headscratching and thumbsucking that these provoked, you would never know that in the United States today 37 percent of married women do not assume their husband's surname, that 12 percent of the armed forces and 42 percent of law students are women, that 59 percent of married couples have two wage-earners and that in 21 percent of those couples the wife earns more than her husband.

Now that she's actually ensconced in the White House, the First Lady has become a quasi-pornographic obsession, exemplified by *Spy*, which puts her on its cover in leather with a wip and a manic grin: the First Dominatrix. There are dirty jokes, sexist jokes and sexual rumors galore: HRC is a lesbian, currently conducting an affair with a well-known actress; she's got Bill in some incredible sexual stranglehold. Any doubts that the Clinton Administration is the most open in living memory should be assuaged by the fact that *everyone* knows, or thinks he knows, what goes on in the Lincoln Bedroom: the lamp- (or Bible-, or urn-) throwing incident (*Newsweek* actually printed this one), the no-sex-for-the-past-five-years rumor. It was another mom from my daughter's kindergarten who filled me in on the absence of action in the presidential bed. Talk about six degrees of separation. From the White House to the Lab School, it's more like three.

**NOW, AT THIS POINT** I must say that I am no fan of Hillary Rodham Clinton's politics. I'm a single-prayer health care system supporter, myself. I don't like some of the compromises she's made on social issues, either: What kind of children's rights advocate, after all, supports parental notification on abortion? If you pulled out enough of my fingernails, I'd probably admit that I think a wife who takes her husband's name is a wimp, especially if, like Hillary, she does so to make her guy look macho. I'd even admit that there's something sad about the fact that the most powerful woman to emerge from the much-ballyhooed Year of the Woman is a wife. This is the "false feminist" issue raised by Mickey Kaus, who, like most people who raise this objection to Hillary's activism, is no great fan of real feminists. Hillary, by this line, is just piggybacking off Bill instead of relying on her own efforts.

There's no denying that wifehood sometimes confers unfair advantages. But so too does being a husband. Indeed, one of Bill Clinton's likable qualities is that he publicly acknowledges the part his wife's brains and energy have played in his own career. We do not live in a society composed of autonomous monads.

In fact, we live in a society that has in very large measure decided to distribute its goods through the family system, whether it's health insurance, Social Security, money or party invitations. (Well, rumor has it that when Isaac Bashevis Singer won the Nobel Prize in Literature, he flew first-class to Stockholm and made his wife fly coach, but you see my point.) But when a man benefits through his wife, we tend to close our eyes; when a woman benefits through her husband, we assume she's otherwise "unqualified." Marty Peretz and Frances Lear both own magazines bought with their spouse's money. But while Lear was ridiculed in the press when she started *Lear's* with her divorce settlement millions (I remember a rather nasty cartoon in *The Nation*) - she was egomaniac, a greedy alimony queen who knew nothing about magazines, etc, etc - nobody questioned the validity of Peretz's buying *The New Republic* with his wife's inherited wealth or mocked his ambitions as inappropriate for an academic. As it turns out both magazines are quite successful, but only Lear had to overcome a presumption that her position was illegitimate and that she herself was a fool, perhaps because at some level we still believe that marital money is really the husband's, no matter whose name is on the stocks and bonds, and whatever the community property statutes say.

**HILLARY'S DETRACTORS** make a great fuss over the fact that she was not elected. That is true. But no one who serves in a presidential administration is elected except the Vice President. At least with the Clinton Administration the electorate was apprised that Hillary would play some sort of political role, so if people couldn't live with that, they could choose to vote for George and Barbara. With the Reagans, on the other hand, the fact that the First Lady would wield considerable power was actively concealed from the people.

Why is it so dreadful that Hillary helps Bill make his appointments but not that, say, JFK's father - the ex-bootlegger and Nazi sympathizer - helped him compose his Cabinet? (Now, if it had been Rose Kennedy providing the advice, we'd never have heard the end of it.) True, JFK took a lot of flak for naming his brother Attorney General, and Congress promptly passed the anti-nepotism law, which Hillary's own position risks flouting. The two cases aren't really comparable - head





of the health care task force is hardly a Cabinet-level position - but taken together they suggest that we rethink the whole subject. Maybe it isn't worse to give an Administration position to a presidential relative than to a presidential crony or big-money contributer.

Maybe the President should be permitted, as the Constitution says, to take appropriate counsel from those he sees fit to consult. As for the objection that Bill can't fire Hillary, well, sure he can - although it would doubtless be presented to the public as something else. Certainly nobody thinks that Bill would feel compelled to implement the findings of Hillary's task force if, by some bizarre chance, it comes up with a plan he disdains.

**IT'S FUNNY HOW** those who recoil at Hillary's position in the Administration return to the old comic view of marriage, in which any husband more congenial than Genghis Khan is assumed to be putty in the hands of his wife, and any wife less demure than Pat Nixon is assumed to be a shrew.

"We're going to show that Bill Clinton is out of control," said a Republican operative during the campaign. "He can't control his zipper, he can't control his waistline and he can't control his wife." In women, power is always seen as sexual. That's why people can half-believe all the rumors about Hillary, mutually exclusive though they be: let's see, a lamp-throwing lesbian who enslaves her husband by refusing to exercise on his person the amazing sexual power she has over him despite his appetite for other women, with which she is blackmailing him. All this in order to run a policy-wonkery show trial, whose verdict - managed competition, yes! - was in at the start. You'd think the paragon who could pull off this complicated gambit would hold out for Secretary of State.

The sexist attack on Hillary Clinton is partly a lazy way to attack her husband, of course. I doubt Rush Limbaugh would be playing "Hail to the Chief" at the mention of the First Lady's name if she were heading up a presidential task force to abolish affirmative action and build a wall on the Mexican border. Similarly, would Mickey Kaus object to Hillary's interest in the Resolution Trust Corporation if she did not support the "paleoliberal" notion that the property belonging to failed S&Ls should be sold off at modest prices to ordinary people?

**FROM MARIE ANTOINETTE** to Joy Silverman (whom no less a free spirit than Bill Kunstler called a "Republican whore"), misogyny and sexual slurs provide a handy shorthand with which to express one's hostility to a woman's - or her husband's - politics. But it is also true that the politics and the image of the Clinton Administration are closely bound up with issues of gender: the social shift to more egalitarian marriages; the growing political power of women, who voted for Bill Clinton by an eight-point margin, two and a half times that of male voters; and a wellspring of support, disproportionately female, for renewed government activism in the domestic sphere - what conservatives, interestingly, like to deride as "the nanny state."

Attacking HRC is a way of attacking these broad social and political transformations without actually making a case against them. Because, as we saw from the reaction to Marilyn Quayle's speech about women's "essential nature" and Pat Buchanan's call for a cultural war, that case has already been lost.

The fact is, as even Ted Koppel admitted, HRC is an immensely popular figure: The issue of *People* with her picture on the cover sold more copies than any other issue in 1992. Even *Ladies' Home Journal* touts her for ushering in the "Age of the Smart Woman." So who has a Hillary problem? The media.

"It makes me sick the way journalists go after Hillary," one male *Newsday* editor told me. "And what's weird about it is they're baby boomers - sophisticated guys who've lived with feminism for twenty years." There is a Freudian explanation for the media's zeal: The Clintons are the first First Family from the boomers' own generation, thus freeing forty-somethings to express their envy and hostility toward those in power: Who do the Clintons think they are? And there's a political explanation: The Reagan/Bush years moved the press in an increasingly rightward direction - the metamorphosis of Joe Klein from sympathetic Woody Guthrie biographer to "Family values" harrumpher is the paradigmatic case - which, like the path of an ocean liner, it will take ages to reverse.

**AND THEN THERE'S** my own pet theory: The anti-Hillary media types, for the most part men, are protecting their turf. (The female snipers are just jealous.) Despite its reputation as *la carriere ouverte aux talents*, journalism is actually one of the last bastions of old-fashioned irrational male privilege.

This year, as in past years, the research project Women, Men & Media found that newspapers and television news programs overwhelmingly featured male reporters, male commentators, male experts and interviewees. The table of contents of virtually every magazine of news and opinion tells the same story. While women have managed to take out a small preserve in feminist-oriented Op-Ed columns - Anna Quindlen, Ellen Goodman, Judy Mann and many others - the Big Beats belong to the big boys. There is no female counterpart to the phony-proletarian big-city-ethnic columnists like Jimmy Breslin, Mike Royko, Mike McAlary and Mike Barnicle (although Amy Pagnozzi tries); no female opinionmeister with the week-in, week-out visibility and clout of Joe Klein or Mickey Kaus or Michael Kinsley or John Leo or John Taylor.

Journalism, of course, is hardly the only male-dominated profession. But it's the only one that has no official credentialing system by which women can either be kept out (major league sports, the priesthood) or insist on admittance (law, medicine, the Protestant clergy). Journalism degrees are an industry joke; everyone knows all you need is a talent for quick opinions and clever phrases and an ability to meet a deadline, gifts even their most ardent detractors concede women have in spades! There's no good reason that women shouldn't assume the same prominent position in journalism that they now have in the world of books - think of all the new women novelists, poets, essayists, editors. The more women excel in other fields the harder it is to explain their marginality in the press as anything but what it is - sex discrimination.

Could it be that the anti-Hillary pundits and talking heads are motivated by status anxiety and fear for their jobs? She may not have been elected, but what if nobody cares? She's a lot more qualified than most of the people giving her advice in the media. She just might usher in that Age of the Smart Woman. And where will the Joe Kleins and Mickey Kauses be then?

Ted Koppel worries about what Bill will do if Hillary does a bad job. He ought to be worrying about what he himself will do if she does a good job, and Cokie Roberts decides she'd like a shot at his.

© *The Nation* News Service.

# briewe

## SKISOFRENE SUID-AFRIKA



Barend Strydom

**ADA SERFONTEIN VAN KROONSTAD SKRYF:**

Ek lees elke week hierdie koerant om te sien wat in die land aangaan (veral in mense se koppe). Hoera vir 'n weekblad wat vry genoeg is dat ek bv daarin kan lees dat Koos Prinsloo (wat hom al op hulp van die hemel beroep het) mense doelbewus van hulle geloof wil beroof, en dat dit vir hom verskriklik lekker is om 'n heiden te wees (VWB 5 Maart 1993). Die geloof beroof en die heiden-wees kan uit sy tekste afgelei word, maar dat dit lekker is in die Slagplaas moet ek in die VWB lees.

VWB van 30 April 1993 is weer eens 'n baie goeie weergawe van die skisofrenie waaraan hierdie land homself oorgegee het. Uiteindelik kom die redakteur so ver om te erken dat ons op ons knieë moet gaan en bid om 'n bloedbad te voorkom, en dat die Here ons (moet?) help. Amen! Sal hy asseblief ook nou vir ons sê wat die Naam van hierdie Here is: die Drie-enige God van die Bybel wat homself openbaar het in sy Seun Jesus Christus, wat volgens Hand. 4:12 en Tim. 2:5 die enigste Verlosser en Middelaar is, of 'n ander onpersoonlike god aan wie geen naam gegee mag word om sodoende nie aan iemand wat dalk anders glo, aanstoot te gee nie?

(Ek sou seker nog moontlikhede kon noem.)

In dieselfde uitgawe stuur Johann de Lange in 'n homo-bevooroordeelde brief (waarin hy ook 'n beroep doen op die hemel om ons te behoed) die Afrikaanse Skrywersgilde na Hades in 'n ontblotende beskuldiging van morele korrupsie (sic) wat so ver gaan dat dit moeilik is om te glo. (Miskien ook nie, want soveel tekste dop die toets van Jesus in Matt. 12:34: Hoe kan julle wat sleg is, iets goeds sê? Waar die hart van vol is, loop die mond van oor. :35: Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart; die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge in sy hart.)

Die skisofrenie loop ook regdeur die politieke spektrum. Het ek reg gehoor: het die selferkende ateïs Joe Slovo net ná die rampspoedige moord op die selferkende ateïs Chris Hani (wat met 'n godsdienstige seremonie begrawe is) op TV gevra dat mense nou moet bid vir vrede? 1 Tim. 2:1-4 sê hoe en waarom daar gebid moet word vir vrede. Rom. 13:1-13 handel oor die onderwerping aan gesag en die owerheid se reg en plig om die kwaaddoener te straf.

'n Owerheid wat 'n moordenaar soos Barend Strydom (wat in dieselfde uitgawe aangehaal word dat hy sê hy is 'n soldaat in diens van sy God!) vrylaat, staan self aangekla voor God. Waar in die Skrif word 'n onderskeid getref tussen 'n politieke moord en 'n gewone een?

Dit is nie te laat vir God om 'n wonderwerk te doen in hierdie land nie. Maar dan sal hierdie volk moet sê wie sy God is.

My versugting is dieselfde as Max du Preez s'n: Die Here help ons.

(Brief verkort - red.)

## KINDERLIKE ONSKULD

**VASGEVANG VAN MONDEOR SKRYF:**

Die probleem is dit: ons gesin lees nie *Huisgenoot* nie. Ons kan dit nie bekostig nie. Nou het my kinders nooit prentjies vir hulle take nie. Hulle is in die laerskool hier om die draai, want 'n privaat skool is te duur.

Ek het gewonder of dit nie vir u blad moontlik sal wees om so 'n ekstra kinderbylae by te heg nie met prentjies oor Suid-Afrika en so aan. Ek sal u 'n voorbeeld gee van die werk wat gedoen word:

"Zoeloes woon in grashuise. Zoeloes wat in die stad woon, bly in die lokasie. Ons moet die Zoeloes respekteer."

Ek sal so bly wees as u en u personeel die saak in oorweging kan neem.

## GROOT BEGRAFNIS

**DR JM SMALBERGER VAN LAMPRECHT MEDIESE SENTRUM SKRYF:**

As sake voortgaan soos nou, hoef ons ons nie te bekommer oor die toekoms van Afrikaans nie, maar eerder voorbereidings begin tref vir die begrafnis van die Afrikaner.

Om een of ander rede wil die Afrikaner die swartes nie aan sy kant kry nie. Konfrontasie is altyd voorop.

'n Goeie voorbeeld is die beleg van Transkei wat ons miljoene rande kos en die dividend is nog 'n paar spykers in die Afrikaner se doodskis.

## TAALGRAF

**GERRIT BRAND VAN PRETORIA SKRYF:**

Theo van der Merwe probeer in sy brief (VWB 2-8 April 1993) die indruk skep dat hy baie besorg is oor die toekoms van Afrikaans. Waarom verkrag hy dan ons taal so verskriklik? Neem nou maar dié sin as voorbeeld: "U naïewe idealisme en wensdenkery help grawe die graf van ons taal."

Mnr Van der Merwe, u ondeurdagte formulerings en anglisismes help die graf van ons taal grawe. Die eerste voorwaarde vir die voortbestaan van 'n taal is dat daar nog mense is wat dit kan praat!

## AGGE NEE

**GERT VAN DER WALT VAN BLOEMFONTEIN SKRYF:**

Agge nee! So kan dit waaragtig nie aangaan nie! Dis net bloed en vleis al die pad. En nou kom Johann de Lange ook nog met sy private aches. Daarom, uit beswaar teen al hierdie totnietganery, 'n klein ode:

'n Retoriese Rympie Op 'n Ou Wysie
- The season of violence is over -

Rooi blink seisoene ver oor die land
swart trek die rook uit die driftige vlam
vas lê die AK in die comrade se hand
die witman se huis staan in ligtende brand.

Ek wonder of jy soms wanneer rookkolomme
oor die townships seil en geel casspirs lompe esse om
smeulende buitebande gooi
ook nog dink aan vroeër dae
o Vaderlander
Vroeër dae toe dit ons s'n was
vroeër toe ons apart gekniel het.
Wys my die plek waar ek eens gestaan het;
gekyk het oor die wit sand langs 'n blou see
'n land
'n plot
'n plaas
wat net myne was.
Dink jy nog daaraan
o Vaderlander?
Noudat seisoene van geweld oor ons donder en
dooies alledaags word soos bene vir
honde.

Daar trek 'n koeël met spoed met spoed
Hy's nat met Afrika se bloed;
Hy kom van Afrika se boer en
swart die boodskap wat hy roer:

Nog eenmaal wil ek in dié skemerland
weer by ons dorp se wit woonbuurt staan -
Met my AK op in die roetlug skiet
en
- al maak dit dood en seer -
luister
hoe dit dof en ver
uit beroete lug in 'n wit hart plof!

## LET'S DEBATE

**ANDREW BENNET DAVID NEL OF JOHANNESBURG WRITES:**

Considering both Charles Fourie's remarks published in *Vrye Weekblad* (30 April - 6 May 1993), and the fact that our dispute is a matter finally to be settled in a court of law - where I believe that true justice will eventually prevail, I would not wish to pass comment that would either pre-empt, of prejudice such judgement. But I would like to extend my sincere hope that this matter does not become distorted into a racial issue, as some members of the press already seem to want to suggest. Here I specifically refer to the subtle suggestions made by the reporter Gillian Ainstey, in the article published in the *Sunday Times* of the 25th of April 1993.

If Charles Fourie is truly concerned about his integrity then I challenge him to abstain from the use of social cliches such as those he employed in his statement published by *Vrye Weekblad*. For it is very easy for either of us to hide behind the smoke screens of our racial differences, rather than keep a true perspective on the matter, which is in the final analysis is a dispute between myself and him and not an excuse for racial conflict.

Since both mine and Charles Fourie's credibility and integrity is at stake here, there are some questions that deserve his public response:

The first is why he waited so long to respond to my alleged claims?

Next is: why hasn't he made Professor Olivier's report available to me yet, before going to *Beeld* with it, as was done with Mr Andries Oliphant's report before it was submitted to *New Nation*?

Also if he is so assured of his case and since he feels that his "integrity" is being assaulted, why hasn't he yet brought charges against me? Or against Mr Oliphant and *New Nation*, since he threatened the latter with legal action should they print the article dated 5 March 1993?

Lastly, why did he refuse to submit a copy of his text to Cosaw when this was suggested to him by Keith Adams (not Anderson) on the 17th of November 1992 - would this not have been a testimony to his credibility and integrity?

In conclusion I eagerly await Charles Fourie's response to these questions, which I am sure would end uninformed public speculation and forward a legal resolution of the dispute.

PS. I have just received an edited version of Professor Olivier's report and based on this I would like to challenge Charles Fourie to an open public debate.

## NOT A TAP

**SEAN BOZALEK OF CAPE TOWN WRITES:**

The staging of mass marches throughout the major cities of South Africa following the assassination of Chris Hani has led to violence, looting, death and has placed many people's lives in jeopardy.

The self-congratulations made by the tri-partite alliance on its success is a dangerous self-delusion. It actually calls into serious doubt the ability of certain alliance leaders to make rational judgements.

No one can question the power of such protests and the right to protest peacefully. Unfortunately, mass action is a double edged sword which can equally retard negotiations and polarise the extreme right and left wing when it goes wrong.

In testimony of the multi-national panel regarding lawful

control of demonstrations before Justice Goldstone the most effective way to prevent violence or other destructive behaviour during a demonstration is to rely on the leaders and marshalls to exercise control.

The obvious case in point being the Cape Town march, where the leaders failed to exercise the necessary control over their supporters.

Indeed the militant secretary general of the ANC in the Western Cape, Tony Yengeni, was in the forefront of whipping up emotions prior to the march thereby seriously embarrassing his superiors in the ANC. Trevor Manuel on the ANC NEC was punched in the face for attempting to stop youths looting shops in Cape Town city centre.

The idea that mass action can be turned on and off like a tap without properly considering its consequences is over. Its time the alliance realizes that it can no longer guarantee that it has the ability to exercise full control of its mass action once unleashed.

## GIVE ME HOPE

**TRACEY MOLLINK FROM PRETORIA WRITES:**

I am sitting at home. It is Monday, 19 April 1993. I'm waiting for CCV to start with Chris Hani's funeral. In a way I'm glad that I've been booked off from work. I've always considered myself as pro black, feeling that they had a raw deal. So I sit on the couch in my safe little house and feel so moved and proud as I watch millions of blacks show their respect for a man who wanted peace, who maybe could have helped us all to form a good understanding for each other.

My first feelings of unsettlement came when they asked for doctors, then the announcement that the people throwing stones and burning houses should please stop. Optimist that I am, I thought it was a wonderfully peaceful funeral. The TV didn't show me what was actually happening outside. I was quite angry when I heard that the AWB was standing armed around houses. I mean, what are they armed about!

The leaders asked their comrades to please prove to the government that there could be a mass gathering of blacks without violence. I felt that it could be done. Prove them wrong, I thought, show them pride and respect for a man who wanted to help, a man who wanted peace.

Maybe I'm too much of an optimist, maybe I had more pride for these comrades than they did - a show of disrespect for Chris - what would he have thought looking down on his people, desecrating gravestones,all while his body is slowly being put to rest?

Was it a bad omen when the doves of peace fluttered its wings and in slow motion fell into the grave with Chris? Did hope for peace die with them? I ask Mr Mandela and Mr FW De Klerk to please tell us white South Africans what are we suppose to do. Mr Mandela, I believe in what you want. I too would like to see that 4% VAT scrapped, free education, having one man, one vote!

Perhaps you could explain to me if your fight is with the whites and the government of SA. Why is it that it's mostly blacks dying by their own people's hands? I can understand your anger and frustration in trying to solve the problems that come with trying to change a land that needs to re-evaluate its principles.

One man one vote. I used to think in my naive way: Yes, it could work. Yes if we all work together we could really turn this beautiful country into something fantastic. But watching the blacks put the fear of God into me. What will happen to the handful of whites compared to the millions of blacks? Will you trample us down in your march for what you believe, will you kill us all?

How angry I used to get when anybody spoke to me about the AWB. How can they be anti-black? I mean, you were here before us. But maybe they are also afraid for their lives.

I don't agree with their policy either. They also stand for violence and violence is not the way. So, would you or Mr De Klerk advise me to get married and have children and settle in South Africa - or would you advise me to run for my life? Please tell me soon so that I know if I must leave my only home and roots and friends for a country that won't mean as much as this one.

All I can say is please, let's try to find a way out. Try to find peace.

From the bottom of my heart I beg you Mr Mandela and you Mr De Klerk: find a Peaceful Way.

**Briewe korter as 300 woorde geniet voorkeur. Rig briewe aan:**
Die Brieweredakteur
VWB
Posbus 177
Newtown
2113


# African National Congress

The Elections Fundraising Office of the ANC is seeking people to fill three newly created positions:

**1. ADMINISTRATOR**

Main Functions:
To oversee the smooth running of the Elections Fundraising Office by controlling information flow, answering telephones, organising meetings and managing the diary.

*Requirements:*
- Good typing and the ability to use a word processing package
- General administrative skills and experience
- Ability to read and balance budgets
- Ability to deal with the public at all levels
- Ability to speak a number of South African languages
- At least 10 years working experience

Previous fundraising experience is an advantage and will ensure that you are an integral part of the team. Must be able to work under pressure and be willing to put in extra time when needed, especially towards the last lap of the election.

**2. DATABASE MANAGER**

Main functions:
To design, maintain and manage a database of donors and income, to categorise data, generate reports and respond to queries.

*Requirements:*
- Very sound knowledge of a database package. Preferably at least 5 years experience
- Sound knowledge of DOS, Wordperfect, Windows, Lotus and Spreadsheets
- Reliable, efficient and detail-orientated
- Ability to take initiative
- Strong organising ability

Must be able to work under pressure

**3. NATIONAL/REGIONAL ELECTIONS FUNDRAISING CO-ORDINATOR**

Main Functions:
To co-ordinate the implementation of the national fundraising strategy in all ANC regions. To organise national fundraising events such as dinners and raffles and to assist with regional fundraising plans and efforts. To publicise the need for voter education. To oversee good communication and public relations with existing and potential donors.

Requirements:
- Previous fundraising experience
- A working knowledge of fundraising dynamics in South Africa
- Wide contact base
- Ability to deal with ANC regional leadership
- General public relations skills and public speaking
- Good writing ability and good communicator
- At least 10 years experience of liaising on a national scale
- Excellent organiser
- Fluency in a number of South African languages

Please apply, together with your curriculum vitae, to
The Co-ordinator
Personnel Section
Office of the Secretary General
African National Congress
9th floor
Plein Street Building
51 Plein Street
Marshalltown 2107
Johannesburg

All applications will be treated with the strictest confidence.
Closing date for applications Saturday May 29th, 1993

# ONS IS ALMAL SO. IS JY?

## WIE IS ONS EN WAT IS SO?

Ons is 'n groep Afrikaners wat keelvol is daarvoor om oor dieselfde kam geskeer te word as 'n klein groepie radikale regses. Ons is moeg vir die haat en onverdraagsaamheid wat van 'n hemelse land 'n helse gemors gemaak het. En ons had genoeg van die gesloer wat steeds besig is om geld, moed, hoop en lewens te kos.

## WAT WIL ONS HÊ

1
ONS WIL HÊ DAAR MOET NÓÚ 'N DEMOKRATIESE VERKIESING PLAASVIND.

2
ONS WIL HÊ DIE REGERING MOET DIE REGSE AANHITSERS VAN GEWELD VASVAT.

3
ONS WIL HÊ DIE REGERING MOET VERSTAAN DAT ONS NIE VIR HÚLLE (ÓF DIE REGSES) AS ONS MONDSTUK AANVAAR NIE.

4
ONS WIL HÊ ALMAL MOET WEET ONS GLO AAN DIE TOEKOMS VAN SUID-AFRIKA. DIT KÁN EN DIT GÁÁN WERK AS ONS ÁLMAL SAAMSTAAN.

5.
ONS WIL HÊ JY MOET EENDAG JOU KINDERS* IN DIE OË KAN KYK AS HULLE JOU VRA WAT JY GEDOEN HET OM DIE DEMOKRASIE HIER TE HELP SKEP.

WILHELM VERWOERD
MELANIE VERWOERD
PROF SAMPIE TERREBLANCHE
CHRISTELLE TERREBLANCHE
BRAAM VILJOEN
LOUISE TREURNICHT
JAN DE KLERK
LOCHNER DE KOCK
ANTON GOOSEN
JOHANNES KERKORREL
JOOS TONTELDOOS
RICHARD VAN DER WESTHUIZEN
AMANDA STRYDOM
PROF BOET KOTZE
DR KEES VAN DER WAAL
THEUNIS ENGELBRECHT
ANTJIE KROG
NELIA SCHOLTZ
MARLENE VAN NIEKERK
JEANNE GOOSEN
JENNIFER FERGUSON
RYK HATTINGH
GERRIT OLIVIER
TIENIE DU PLESSIS
INGRID GOUWS (LETTIE VILJOEN)
CHRISTO LEACH
GRETHE FOX
CASPER DE VRIES
DAWID MINNAAR
ALETTA BEZUIDENHOUT
LOURENS CILLIERS
ANDRÉ ODENDAAL
BRAAM KRUGER
DR JOHAN F PRINS
ANSIE KAMFFER
DESMOND THOMPSON
BOKKA DU TOIT

PETE ALEXANDER LE ROUX
ADRIAAN VAN DEN BERG
DANIE PIETERSE
ANTON BASSON
JP SAMUEL
HANNALIE BEKKER
MURRAY LA VITA
DEIRDRÉ VENTER
MARIE HUMAN
JOHNNY FLEETWOOD
JOEY FLEETWOOD
NEL ERASMUS
LOUIS VAN WYK
CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN
ESMA ANDERSON
A MAARTENS
JAN VERMEULEN
ISABELLA SMOEK
JOHAN BOTHA
HEIDI BOTHA
HEDWIG BARRY
THOMAS BARRY
HELEEN FOURIE
BEYERS NAUDÉ
CARL NIEHAUS
ANTON STEENKAMP
JOHAN DE WAAL
LOURENS ACKERMANN
MARITA VAN DER VYVER
MARÉ NORVAL
WILHELM LIEBENBERG
JACQUES PAUW
CAS HUMAN
ELZABÉ WESSELS
CHARLES LEONARD
MARIAAN DE JONGH
ALIDA VAN DER WESTHUIZEN

KARIEN ERASMUS
ANTON SASSENBERG
ELIZE VILJOEN
CHARL BLIGNAUT
NICOLETTE VILJOEN
LAETITIA POPLE
JOHAN VORSTER
KENNETH MAKATEES
JENNY OLIVIER
DUDLEY TROLLOPE
HENNIE HARTZENBERG
IRENE HAROLDT
RENIER GROBBELAAR
JACO BEZUIDENHOUT
JACKIE FLEETWOOD
ANDRÉ BOTES
DORIS SCIARONE
ADELE SCIARONE
BEE TUCKER
JG KAMFFER
HANS PIENAAR
CORNÉ PIENAAR
VICTOR MUNNIK
DEON MAREE
MARGUERITE ROBINSON
BARRIE HOUGH
PROF WILLEM SAAYMAN
PROF KLIPPIES KRITZINGER
ANDRIES NEL
JANNIE MOMBERG
JAN VAN ECK
PIERRE CRONJÉ
JANSIE NIEHAUS
TONY VAN DYCK
JOHANNES BRUWER
JOHAN MINNAAR
MARCEL VAN HEERDEN

* En kleinkinders en agterkleinkinders.

Moenie toelaat dat enigiemand jou in 'n hoek dryf nie.
Knip die een uit en laat weet as jy voel soos ons.

NAAM: ..........................................................................................

ONS IS ALMAL SO
POSBUS 91905
AUCKLANDPARK
2006.


# brolloks

## PIK DIE HELDERSIENDE

**'N MEVROU** Kingsley van Edenburg skryf laasweek in 'n koerantbrief sy kom die ander dag op 'n toneelprogram van 1955 af. Die Nasionale Toneelgeselskap van Pretoria het *Sophokles* opgevoer, en raai wie het die rol van Teiresias die Heldersiende vertolk? Ons eie Pik Botha. Hy en Eugene TerreBlanche, eens hoof van die polisie se toneelgeselskap, moet 'n klub van veteraan-akteurs stig!

Brolloks het 'n vermoede die mevrou hou van regs af nie van Pik nie. Maar hy stem nogal saam met haar kommentaar: "Ongelukkig is sy heldersiendheid niks anders as horende doof en siende blind nie... Miskien is Madeira vir jou aanloklik en gee jy nie om wat van Suid-Afrika en sy mense word nie."

## SELFS DIE NATTES

**GEPRAAT** van briewe aan koerante: 'n brief wat al lank overdue is, het eindelik in *Rapport* verskyn - 'n Nasionale Party LP wat kla oor dié blad se agterlike verkramptheid.

Die brief kom toe van Chris Fismer, LP vir Rissik en lid van die Vredesekretariaat. Hy skryf onder meer: "*Rapport* se hoofartikel van 25 April toon 'n ontstellende gebrek aan begrip en aanvoeling vir die gebeure ná Chris Hani se dood. Veral u begrip van dit waaroor baie mense dankbaar voel ná die begrafnis is misplaas en word in 'n totaal verkeerde konteks beoordeel. As *Rapport* dalk meer begrip gehad het vir die statuur van Chris Hani onder miljoene Suid-Afrikaners, as *Rapport* dalk meer begrip gehad het vir emosie voortspruitend uit die omstandighede van die moord, as Rapport dalk beter besef wat is die potensiaal van onrus onder 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse jeug; dan moes Rapport besef het dat die moord op Chris Hani Suid-Afrika nie onaangeraak sou laat nie."

Sê hom.

## KAPTEIN CAPRIVI

**AL** gehoor van die uitdrukking "botter kan nie in sy mond smelt nie"? Die definisie daarvan was Leon Mellet, fotoboekie-held wat 'n polisie-generaal geword het, nou die aand op *Agenda* toe hy sê die polisie martel g'n niemand g'n nêrens nie. En dié kere wat dit gebeur, tree die polisie sterk op.

Al gehoor van hoe Steve Biko dood is, kaptein Caprivi? Het iemand jou al vertel wat oor die jare by Brixton Moord en Roof aangaan?

## WENSDENKERY

**EN** al gehoor van die uitdrukking "wishful thinking"? Die definisie daarvan was Nelson Mandela wat in Duitsland in Brittanje vir almal wat wil luister vra om in Suid-Afrika te kom belê. En dit terwyl dit hier lyk soos dit lyk? As Brolloks 'n Duitser was, sou hy nie 'n sent Suid-Afrika toe gestuur het nie.

## DIT BLY WAAR

**DIE** Kaapse ANC is dik die duiwel in vir *Vrye Weekblad* oor die ewige gekarring oor Tony Yengeni wat sy tong uitsteek vir die ANC-leierskap en besig is om die Kaap in 'n Beiroet te omskep.

Maar dit is interessant dat die enigste plek waar die kinders nie na die leiers se oproep om terug skool toe te gaan geluister het nie, die Wes-Kaap was.

Ook interssant dat dit juis daar was waar 'n klein snotneus-diktatortjie van Cosas dié week op TV oor sy leier gesê het: "Comrade Boesak is ill-informed."

Die ANC moet maar begin om dié wilde bliksems uit te skop, Yengeni inkluis. Nie eens die PAC of Azapo wil sulke unguided missiles wat geen begrip van strategie en taktiek het nie, meer hê nie.

## WAT IS DIE VERSKIL?

**MEER** as 20 000 Suid-Afrikaners is verlede jaar vermoor, sê Hernus Kriel dié week in die parlement.

Dit bring Brolloks by 'n teer puntjie, maar nogtans 'n belangrike een, en een waaroor die perspektief lelik skeef geraak het die laaste weke: die opblaas tot 'n sensasionele voorbladstorie van elke boer wat vermoor word. Dit is nie vreemd nie om op TV-nuus eers te hoor van 'n boer wat op sy plaas aangeval is, en heel onder-aan die bulletin word terloops vermeld van sewe mense wat in die townships of in Natal gesterf het. Van die winkeleienaars en gewone mense wat in die loop van misdadigheid in die stede en dorpe en woonbuurte gesterf het, hoor ons nie eens nie. Die punt word nie helder en duidelik gemaak nie dat roof, met ander woorde gewone misdadigheid, met een of twee uitsonderinge die motief agter al die aanvalle op boere was.

En hoekom is misdadigheid op plase meer nuuswaardig as misdadigheid in die woonbuurte van dorpe en stede? Dit gaan oor armoede, werkloosheid en polisiëring, nie oor onderhandelinge of party-politiek nie.

Hoeveel van dié 20 000 vermoordes was boere? Minder as 0,005 persent.

# FYNPROE
## MET NETTIE PIKEUR

# tamaryn, pruime en lemoenblare verleen fyn geur aan varkvleis

**VANDEESWEEK** drentel ons so half mistroostig in die supermark rond op soek na iets lekkers vir aandete. Daar's nie tyd om rond te shop in slagterye of die groentemark nie - alles moet nou, hier gekoop word, die wyn inkluis.

Om sake te vererger word Mies Pikeur weer eens die teiken van 'n nuwe soort bedelaar: baba op die rug staan sy by die vleistoonbank en vra vir twee rand om vleis mee te koop. Dit bring alweer die ou, bekende beklemming om die hart mee, presies nes die een wat ek kry as straatkinders aan my motorvenster klop, kardoes gom in die een hand, die ander hand smekend uitgesteek: Wat de hel doen jy?

Die antwoord ontwyk my nou nog, maar van pure bedremmeldheid loop kry ek eers uie en aartappels voor ek teruggaan vleistoonbank toe, hopende sy's weg. *Right*. En pleks van die stukkie filet wat ek in die oog had, koop ek varkvleis. Nie dat dit veel goedkoper was nie - maar terug by die huis, glas whisky in die hand om die beeld van 'n bedelaar in 'n supermark uit my geestesoog te vee, konsentreer ek op die tjops, kassler, en stuk lendevleis wat ek gekoop het.


Toe onthou ek van Chinese kos: hulle maak varkvleis mos so lekker gaar, met soetsuur groente, rissies en sojasous, Pamela Harlech se ou *Vogue Book of Menus* het sulke lekker resepte vir half Oosterse kos, en dié paar is aan haar inspirasie.

Onthou, vrugte soos pruimedante, appels, pere en kwepers is heerlik by varkvleis. Moet ook nie vergeet van tamarynsaad, die klewerige, soetsuur pasta wat jy in water oplos en by kerriegeregte gooi nie. Of 'n paar repies vars lemoenblare. Een gunsteling is nog steeds kassler-tjops gebraai in olyfolie, bedien dan met appelringe of stukkies peer in dieselfde pansappe gebraai, of met 'n skeut sojasous, of heuning.

Hier is 'n heerlike stir-fry met repies varkvleis, effens Kantonees in smaak, maar ek gaan nie maak asof dit eg-Chinees is nie. Gebruik 'n wok as jy een het, anders sommer 'n swaarboompan.

### VARKVLEIS MET BROCCOLI

Sny sowat 2 koppies kraakvars broccoli in langwerpige stukkies. Verhit 2 lepels olie in jou pan en braai 'n fyngekapte



huisie knoffel, ditto stukkie gemmer en die broccoli in die olie. Voeg 1 teelepel suiker by en braai 3-5 minute. Skep uit.

In dieselfde pan braai jy repies varkvleis - enige vleis, van stukkies lende tot tjops of skouer, sowat twee handevol - en braai tot bruin. Voeg 1 eetlepels sjerrie, 2 eetlepels sojasous, nog 'n eetlepel of wat olie en sout en peper na smaak by.

Voeg die broccoli-mengsel by met 'n skrapie neutmuskaat, en 'n lepelvol sesaamsaad. Roer aanhoudend en maak blitswarm. Skep oor rys in 'n bakkie en drup nog sojasous oor as jy daarvan hou.

Ons gooi 'n lang draai en kom by Indonesië uit. Nog heerlike smake, effens anders.

### VARKSOSATIES UIT INDONESIË

Meng in 'n vlak bak: halwe koppie gemaalde amandels of ander neut, 3 eetlepels heel koljander, fyngestamp in jou vysel, 2 huisies fyn knoffel, 1 klein ui, fyngekap, peper, 1 teelepel sout, sap van 2 suurlemoene en 4 eetlepels sojasous.

Sny sowat 1 kg varkvleis - weer eens, wat ookal beskikbaar is - in blokkies en voeg roer by die mengsel. Marineer minstens 4 uur. Wanneer jy reg is om te kook, skil 2 Engelse komkommers en sny in blokkies. Ryg die varkvleis en komkommer op sosatiepenne en braai oor die vuur of onder die rooster vir 30 minute en bedruip met lekker sous en gesmelte botter, al om die beurt.

Ek het dit nog nie probeer nie, maar as ek die sakie so kyk, kan jy waarskynlik 'n eetlepel of twee grondboontjiebotter by die marinade voeg, dit opkook en by die sous bedien.

Jy kan omtrent dieselfde metode gebruik om Portugese varkvleis te maak, maar jou marinade is wonderlik anders. En jy druip dit oor sosaties, of 'n gerolde stuk varkvleis, of oor ribbetjies, nes jy wil.

### PORTUGESE MARINADE

Marineer in 'n erdebak jou vleis in dié mengsel, hoeveelhede maak nie saak nie, dis na smaak: gekapte uie, knoffel, sout en peper, Tabasco-sous, 'n tikkie borrie, halwe teelepel fyn komynsaad, rissiepoeier, lourierblaar, 1 koppie rooiwyn, 1 koppie wynasyn.

As jy wil, bak die vleis in die marinade, of druip dit oor die ribbes op die kole. Ek sou self nie peri-peri-sous bygooi nie, maar dis jou eie indaba.

Probeer dan hierdie ongewone gereg, sowaar uit eie bodem. Lynn Bedford Hall maak lekker, maklike resepte, en dis uit haar Suid-Afrikaanse kookgids.

### VARKTJOPS IN ROOIWYN

Braai sowat 1 kg varktjops tot mooi bruin. Flambé met 'n skeut brandewyn en plaas in 'n bakskottel. Braai 12 uitjies in die pan en voeg by die tjops. Roer by 1 eetlepel meel en 1 koppie rooiwyn. Roer tot glad en voeg by kruie na smaak, soos oreganum of salie, 1 lourierblaar, 'n handvol rosyne, 1 eetlepel bruinsuiker, 'n knippie sout en 1 koppie hoenderstock.

Roer tot dik en gooi die sous oor die tjops. Lynn sê die rooiwyn maak nie die tjops rooi nie. Dis vir my ietwat teleurstellend. Maar vul dié gebrek aan deur rooikool met appels hierby te bedien, eers gebraai in botter en dan gaargestoom sodat als nog crunchy is.

En natuurlik rooiwyn hierby. Ek gryp in dieselfde senutergende supermark 'n bottel St Raphael, die rooi boetie van St Vincent en St Morand, 'n ietsie meer as R7 per bottel, delicious stuff.

En die volgende oggend was die seemeeue in Bantrybaai verheug oor die tjop-bene wat ek vir hulle die venster uitgegooi het.

HOW LOW CAN YOU GO?
OUR FRESH PRODUCE COMES FROM BELOW C-LEVEL
Sfuzy's
SEAFOOD RESTAURANT
Seekosrestaurant
MILPARK
TEL 7265803 / 7268406

vir die patriargale mentaliteit van ons samelewing?

Homoseksualiteit word deur dié mentaliteit nie net as 'n ongewenste afwyking beskou nie, maar boonop as iets boos, onpatrioties en ondermynend, 'n bedreiging wat sommige selfs met wortel en tak probeer uitroei - soos die Amerikaanse marines wat by voorbaat uitgaan om gays te donder net om te wys hulle gaan nie welkom wees nie, selfs al kry Clinton dit reg om die verbod teen homoseksuele in hul weermag op te hef.

Die patriargale moraliteit regverdig die aggressiewe afwysing van homoseksualiteit deur te beweer dat dit 'n "abnormale" verskynsel is wat indruis teen die vaste wette van die natuur. Volgens dié siening word die natuurwette regstreeks verteenwoordig deur die morele wette van die patriargale kultuur en die sedelike norme waarvolgens dit 'n bepaalde heteroseksuele identiteit en seksuele gedragskode aan man en vrou voorskryf. So word die illusie geskep dat die seksuele norme van die patriargale moraliteit nie die arbitrêre en veranderlike voorskrifte van 'n bepaalde ideologie behels nie, maar die "ewige" en "onveranderlike" orde van die "natuur" verteenwoordig.

Deur 'n uitsluitend biologiese funksie aan seksualiteit toe te dig, versterk die patriargale moraliteit die ontkenning dat ideologie enigiets te doen het met die seksuele gedragspatrone wat dit voorskryf en selfs deur wette afdwing. Daar is volgens dié siening geen ander geldige - dit wil sê biologies funksionele - rede om seks te hê nie as om kinders te maak. En siende dat dit 'n man en 'n vrou is wat saam 'n kind maak, is dit net tussen man en vrou dat seks biologies funksioneel en geldig is. En dan verkieslik binne die huwelik - want die "natuurlike" orde wat die patriargale moraliteit verteenwoordig, staan afsydig en selfs afkeurend teenoor buite-egtelike kinders.

Deur die bepaalde seksuele norme wat dit voorskryf só op 'n "biologiese" grondslag te rasionaliseer, regverdig die patriargale moraliteit die perke wat dit aan seksuele handelinge stel as so noodwendig soos die perke wat natuurwette aan menslike handelinge stel en dus onbevraagtekenbaar.

**DIE ILLUSIE DAT** dit onveranderlike biologiese en natuurwette verteenwoordig, is een van die patriargale moraliteit se kragtigste wapens. Niemand wil "onnatuurlik" of "defek" wees nie, want dit skaad jou selfbeeld. Nog 'n kragtige wapen is die enkeling se drang tot liefde en goedkeuring deur die groep. Die gebruik van dié twee kragtige wapens dryf talle enkelinge geslaag daartoe om hul eie seksuele begeertes deur repressie aan te pas om te voldoen aan die morele norme van die groep. Freud het in die begin van die eeu al die sielkundige meganismes uitgewys wat dit moontlik maak.

In die proses word die feit vir talle mense verskuil dat die "morele" norme waarmee hulle konformeer in werklikheid ook ideologiese en politieke norme is; dat seksuele verhoudinge beheer word om terselfdertyd medemenslike verhoudinge te beheer, om bepaalde magshiërargieë te vestig tussen man en vrou, tussen man en man, tussen ouer en kind, tussen groep en groep, en so meer.

In Suid-Afrika weet ons miskien beter as elders hoe die patriargale moraliteit se voorskriftelike beheer oor seksuele verhoudinge ingespan kan word om die politieke doeleindes van 'n bepaalde ideologie te dien. Die verbod op seks tussen swart en wit is destyds óók geregverdig op grond van 'n beweerde "natuurlike orde". Tog moes streng en onmenslike wette ironies uitgevaardig word om dié "natuurlike orde" te bewerkstellig - net soos die patriargale moraliteit ook streng wette en kragtige taboes teen die mens se polimorfe seksuele natuur moet inspan om te verseker dat mense se seksuele handelinge voldoen aan die "natuurlike orde" wat dié moraliteit voorskryf.

Homoseksuele ervaring bedreig die geloofwaardigheid van die gebruik van die patriargale moraliteit om bepaalde interpersoonlike en magsverhoudinge in 'n samelewing te bewerkstellig en te verskans deur die dwang van wet en taboe - en dié verhoudinge dan as "natuurlik" voor te hou. Homoseksuele ervaring ontken naamlik regstreeks dat menslike seksualiteit gereduseer kan word tot 'n suiwer "biologiese" funksie. Dit ontken dat voortplanting uit die enkeling se oogpunt die primêre funksie van seksuele verhoudinge is. In die homoseksuele ervaring word die klem teruggeplaas op die funksie van seksualiteit as middel tot identifikasie tussen enkelinge, wat hulle subjektief vereenselwig met mekaar se liggaamlike plesier.

Die homoseksuele ervaring dreig in dié verband om al hoe meer te onthul dat die seksuele beheer wat die patriargale moraliteit uitoefen, daarop gemik is om identifikasie tussen bepaalde enkelinge, groepe en selfs klasse te verhinder. Die homoseksuele ervaring, en die openbare reaksie op die uitbeelding daarvan, onthul die verskuilde ideologiese funksie van seksuele moraliteit. Dit onthul dat seks politiek is.

# skakel jou tv af



**POSSESSION**
A Romance
Vintage R39, 99
Deur AS Byatt

**CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN**

***POSSESSION*** is 'n boek vir die jare negentig: Byatt is terdeë bewus van al daai aspirant-lesers wat vasgenael voor hul flikkerende TV's sit. Sy wéét poësie vind in die negentigerjare nie juis byval by die massas nie - nog minder Victoriaanse poësie.

'n Boek se storielyn moet fyn uitgekalwe wees voor die volk dit sal lees in dié tyd van maklik-vermaaklike elektroniese beelde. Die karakters moet duidelik omskryf wees: die skurk, die held. Avontuur en liefde, misterie - die leser moet vasgevang word in die geleidelike ontknoping van die Geheim.

En *Possession* bevat al die bestanddele plus stewige dosisse hoogdrawende Victoriaanse digkuns: Byatt smokkel dit behendig tussen die dramatiese gegewens in.

Die gevolg is dat selfs lesers in ons tyd hulle met oorgawe kan begewe in dié intense verhaal van onmoontlike liefde tussen twee Victoriaanse digters - en die amper onbegaanbare historiese pad wat deur hedendaagse akademici oopgespeur word.

Die leser word vir 'n oomblik in twee wêrelde gedompel: dié van negentiende eeuse digters en mislukte skrywers; en die hede waar gefrustreerde skrywers akademici word en hul lewens wy aan die studie van 'n enkele aangrypende figuur in die letterkunde. (In *Possession* is daar net twee soorte mense: diegene wat kán skryf, en diegene wat nié kan skryf nié.)



**BYATT VANG DIE** negentiende eeuse Engelse verwysingsraamwerk geloofwaardig vas. Dis 'n tyd toe die intellektuele ontluiking van vroue toenemend gesien is. Die trae ontwikkeling van sosio-ekonomiese magsverhoudinge word in oënskou geneem: die dilemma om (ekonomies) onafhanklik van die man te lewe, word belig. (Sodoende bied sy amper ongemerk 'n verklaring vir vroue se afwesigheid in die geskiedenis aan.)

Die verskille tussen die aanslag van feministe en ander letterkundiges word onder die loep gebring: Byatt steek die draak met feministiese vertolkings van vroue-digters en -skrywers se werke - maar wys ook die vooroordeel wat bestaan jeens vroulike skrywers uit.

"Possession" is 'n uiters gepaste titel: die benepe, pikareske professor Mortimer Cropper is behep met die digter Randolph Henry Ash en die gedagte om die uitsluitlike eienaar van al Ash se persoonlike besittings en manuskripte te wees.

Ook: die akademici se selflose toewyding aan die uitpluising van die digters se werke asook die naspeuring van hul daaglikse handel en wandel neig na "possession", in die sin dat hulle so te sê "possess" word deur die akademici - die akademici "lewe" só deur die digters dat hulle met tye wonder oor hul eie identiteit.

Dan die kwessie om iemand seksueel te "besit": die rasionele Ash word betower deur sy mede-digter, die mistieke Christabel LaMotte; die droë akademikus Roland Mitchell slaag langsaam daarin om die bleek beskutte skanse van sy mede-akademikus (Maud Bailey) binne te dring. (Dié twee word byeengebring deur die blink visioen van 'n wit smettelose bed wat hulle in gemeen het.)

Geleidelik ontrafel Byatt 'n geheim wat langer as 'n honderd jaar in die newels van die geskiedenis gelê het: met ingehoue asem volg die leser elke ligte skudding in die ingewikkelde, ontwykende fiktiewe waarheid; die leser word meegesleur deur die karakters se ywerige/gierige begeestering om die finale ontsluiering van die Geheim te sien.

# the *fundamental* orange exercise

**Barney Simon** is one of the kingpins in the South African theatre story - workshop guru, artistic director of the Market Theatre, renowned playwright, actor's kind of director, sometimes even a film scriptwriter and lyricist. His latest play, *Silent Movie*, is still running its course at the Market Theatre. **CHARL BLIGNAUT** went to have tea on the stoep and **SALLY SHORKEND** braved the dogs to get some pictures

**SOMEWHERE** between the dogs' affections, tea, olive bread and sounds from the park next door, I find I've launched into a soliloquy on the tenuous state of local cultural politics, soon to realise that the man I'm speaking to is not a political creature.

"You see, I have such a history. I started off in theatre when multi-racial theatre was not legal. The only way to do it was in private. We were playing in back yards next door to men under house arrest so that they could watch over the fence. I worked in advertising and I financed my productions. I worked until we were ready. Then I invited people. I rented chairs from caterers and I had runs. I found it was totally legal to have blacks and whites together as long as I didn't serve liquor. You know what I mean, my first twelve years I ignored the system and just proceeded and that's the way I live my life. I've avoided the constrictions of politics and just proceeded."

And that's the way the still fledgling history of local theatre was developed by the Athol Fugards, the Gibson Kentes and the Barney Simons. "We started with nothing but the lives of the people and I suppose that brought with it an immediacy. I had my actors go out and find the stories they wanted to tell."

## SOMEBODY ELSE WAS WATCHING CNN ON TV

**SOME DECADES ON** and Simon's method still concentrates on discovering the same core. He accounts the birth process of his latest work, *Silent Movie*. The play emulates the style of pre-talkie film and its ominous industrial context. It's a love story set in a beat-up VW Beetle next to a South African highway.

"Basically the whole thing, gesture by gesture, was created in one month. From me only knowing that I had a Beetle and a runaway bride. The two guys, I didn't know what their skills would be. It's a lot of work to do in one month, it's unheard of anywhere else in the world."

And the inspiration for the play? "Well, I was sitting here, I think it was with Jennifer Ferguson, at the kitchen table, and somebody else was watching CNN on TV. It was about Yugoslavia and there was a heavy sound of gunfire and then the person swapped channels and managed to hit some sort of *Rambo* thing on M-Net and all these sounds of violence were coming through. You know, effects and bodies splattering and all the belongings of pop art. I thought about it, we were living with that as if it were here, as if it was the sound of birds and children in the park. We've become so accustomed to the sounds of violence that I wanted to return to a kind of beginning - what people feel about each other.

"I'm also a film buff and I'm very interested in the silent movies, particularly because of how they happened and when they happened. Chaplin and Keaton at their peaks were working in a world that was as torn apart as our world is now. Depression years heading for World War II. And they were excited by their new medium. They were excited by something that was alive. I've learnt a lot from them. And, say, from living with animals, how they're alive. You know, on how to centre."

## I THINK IN THESE TIMES WE NEED A MANTRA

**"I THINK IN** these times we need a mantra. A mantra is a focal point. Have you ever tried to meditate? Like when a ballerina spins, when she's pirouetting and like doing a thousand voltes, in order to maintain a balance and in order not to get dizzy, she actually has to fix her eye on one point and spin. So her head preceeds her body. I wanted to give people something that begins with fundamentals, with a joy that is there from the start."

Working with that precept, Barney Simon has become famous for his workshop method and its ability to give communal birth to a South African text. I mean, this is the man that workshopped *Woza Albert*, *Born in the RSA*, *Cincinatti...*

"One thing I've never done is write for a black man. I might have written with a black man, but never for. I think one of the most important things about workshop theatre is language. In South Africa we have something like eleven vernacular languages and we can't always understand one another. So English is the best common language.

"At one time I was editor of the *Classic* magazine, dealing with black writing, dealing with a number of aspirant writers. You find that blacks, because of bantu education, have been ill-equipped to write a structured play in a western mode. You find that people use dictionaries more than their imagination. They feel they should put in longer words. They're often seem concerned with doing what has worked for other people. To me what is exciting about workshop is that you begin to use the spoken language. What you are giving people in workshop is the gift of themselves."

## NOBODY HAS YOUR FINGERPRINTS

**BARNEY SIMON WAS** born in 1933 in Johannesburg and grew up in working class Troyeville in the Forties, hanging out at the movie house as a starstruck youth. He went to Jeppe Hebrew School, "which was very difficult because the Afrikaans boys used to ambush us on our way to school." He became interested in photography and started writing short stories. After matriculating from Jeppe Boys High, he went to Wits, eager to discover kindred spirits, but only stayed for six weeks. Then he became an architect's draftsman and then tried Natal University. Two years later he was working in a factory. When he'd saved enough money he went to Britain and stayed for four years.

He was twenty years old and got a job working backstage for Joan Littlewood, the mother of the modern workshop. He couldn't stay long - the company was so impoverished that the actors were sleeping in the theatre. Simon himself had been cleaning floors in institutions to survive.

"When I saw her work it was like coming home. What was important about her was the freedom that she brought to the work. She dealt with the life of the piece as opposed to the literature of the piece and I believe in that."

Returning to South Africa in the early Sixties, he saw Fugard's *No Good Friday* and felt the same feeling about his work. They were later to work together at Dorkay House and Simon was to direct the 1965 international première of *Hello and Goodbye*, with Fugard playing in it.

Amongst others, Simon also did an all-black version of Steinbeck's *Of Mice And Men* and an Afrikaans production called *Begeerte*. He became an advertising copywriter and swiftly moved to the forefront of the profession as a creative director. Continuing to stage productions and edit *Classic* magazine, he left to live in America for eight years. He directed off-Broadway, worked with the Theatre Company of Boston, was associate editor of the *New American Review*, earned himself a green card.

When his father died in 1970 he returned to South Africa. He'd been working with a group in East Harlem staging community projects. Ex-junkies and homeboys, they set up rehabilitation centres and theatre spaces for community productions. "I realised that nobody has your fingerprints, before or after, nobody has your biography. Everybody is capable of storytelling and everybody has a story to tell and a point of view."

## THE METAMORPHOSIS OF ALL THINGS

**HE FURTHERED HIS** method in the early Seventies in the Transkei and soon after that in Zululand, working with black nurses, nuns, high school students, nutritionists, turning them on to themselves and then sending them out incognito.

"The nurses had been trained by white doctors to be white nurses in white situations. They were traditional people and this knowledge was totally irrelevant to them. They were not nurses by vocation, but because there were so few jobs of prestige or challenge for black women. I spent time in missionary hospitals, I wrote a book, *Kingdom of the Lost*. It was the autobiography of Dugmore Boetie. I spent two years exorcising the book from him. It's his book. He was dying of cancer and didn't know it, so I took him to a missionary hospital and I became aware of the lack of preventative medication.

"So I began to run workshops for black nurses, just consciousness-raising workshops. I have a fundamental exercise which I do with an orange. It's based, actually, on a statement by Braque. He said he began to understand the nature of art during the first World War when he saw a black man take a bucket which had carried water, punch holes into it, and transform it into a brazier in which to carry fire.

"It was that potential for the metamorphosis of all things

# Klipoog oor die week se *tv*

## Uit die boonste rakke kom daar soms ook vermaak

**DIE** glimlag wat so 'n punt daarvan maak om aan die einde van 'n *Agenda* om Freek Robinson se mondhoeke te speel, het Woensdagaand nie daarom gespeel nie, maar soort van geskuifel. Dit was ook nie sardonies nie, maar so effens suur (as Klipoog se verbeelding nou nie te erg oordryf nie).

En dis te verstane. Toerisme en die Olimpiese Spele kán potensieel baie boeiende onderwerpe wees, maar toe besluit die diverse hoëlui en toerisme-verteenwoordigers hulle gaan nie vir die avontuur nie, maar vir die gemoedelike sundowner - soos ou Freek aan die einde stemmig sê, 'n besonder positiewe gesprek, "in 'n ligter trant as gewoonlik vir *Agenda*".

Wat hom natuurlik so suur gemaak het oor dié boring geklets, was hoe sleg dit afgesteek het by die scoop waarmee CCV se *Newsline* hom dié aand skalks gekamuffel het: die SAUK se eerste onderhoud met Winnie Mandela. (Net om te wys David Frost was nie die laaste verrassing in die mou nie, al het dié na die einde se kant effens sikofanties begin raak.)

Dit was vir Klipoog boeiend om Winnie Mandela so van aangesig tot aangesig te ontmoet - maar tog het Klipoog haar nie werklik leer ken nie. En daarvoor blameer Klipoog nie die onderhoudvoerder, Mkhokeli Thanda, nie - want hoewel baie beleef, was sy vrae lateraan al hoe meer uitlokkend: veral oor die spanning tussen haar en wat sy noem die "ouer" garde in die ANC wat met "jonger" bloed vervang moet word, en die beweerde bewering wat na bewering deur 'n Londense koerant aan haar toegeskryf is dat Chris Hani se moord straks van binne die ANC beplan sou kon gewees het.

Dis net dat sy haar gedagtes nie reguit laat lees nie. Klipoog het nog selde iemand gesien wat só vernuftig kan antwoord dat jy op die ou end nie seker is of sy iets ontken of erken het nie (soos die antwoord op die beweerde bewering). Sy is geen wilde spreker nie, maar deurdink haar woorde duidelik deeglik vooraf.

Naas haar meesterlik suggestiewe stellings, is Klipoog ook geboei deur die jeugdige voorkoms wat dié eens beeldskone vrou behou het, en natuurlik ook deur ander visuele aspekte: die weelderige omgewing van vandag teenoor die ontberings van vroeër jare, ens.

Noudat die ys gebreek is, kan hulle mev Mandela gerus meer dikwels by TV-debatte probeer betrek (ter wille van die spanner in the works-effek).

### NEUREMBERG?

**DIE** ander fassinerende ervaring Woensdagaand was die naaste wat Klipoog nog ooit daaraan gekom het om 'n Neuremberg-verhoor by te woon - die arme Christo Viljoen ("Ja, ek bely: die SAUK was bevooroordeeld - maar dit was voor my tyd") wat so lekker gebraai word deur daardie paneel wat die kandidate vir die SAUK-raad in die openbaar ondervra. En dit nogal op die agtuurnuus op TV1.

Klipoog vermoed die panneellede het hulle buitengewoon verlustig in dié besondere kandidaat (op die oomblik nog voorsitter vir 'n wyle van die raad), want Klipoog kon hier en daar 'n sardoniese glimlag om mondhoeke sien speel (as Klipoog se verbeelding nou nie te erg oordryf nie).

Hoe meer Viljoen homself as die pionier van 'n nuwe era verdedig het, hoe meer is hy daarop gewys dat dié era min of meer toevallig saamgeval het met FW se nuwe koers sedert begin 1990, so was hy nie tog maar net 'n nuwe master's voice nie? En so aan.



Casper de Vries

Ja, dis seker pynlik. 'n Mens het amper gevoel jy kyk voyeuristies na intieme skandes, maar dit het Klipoog nie verhinder om gefassineer te word deur die blosende eierdans nie. TV-vermaak letterlik uit die boonste rakke, by wyse van spreke.

### VADERTJIE TOG

**SOMMIGE** programme sit Klipoog op so 'n manier af dat Klipoog dit liewer nooit weer aansit nie. En sommige programme sit Klipoog op so 'n ongelooflike manier af dat Klipoog dit af en toe wéér aansit - net om te sien of dit werklik so afsitterig kan wees.

Een so 'n program is *Devries*, wat Klipoog dié week weer aangesit het. Hoe op dees aarde die nimlike Casper in die ding beland het, kan Klipoog net in die wildste vlug van die verbeelding vermoed, maar dis makaber, hoor, werklik surrealisties (Klipoog vermy op goeie advies woorde soos "Kafkaesk"), om te aanskou hoe so 'n talentvolle kabaret-arties homself laat verrinneweer tot dié vlak van sottemy.

Is dit sado-masochisme of wat, ou Casper? Ja en nou kan jy seker nie uit die ding uit kom voor dit oor is nie.

As 'n mens so kyk na *America's Funniest Home Video's* lyk dit seker na 'n goeie idee, maar dan moet jy ook onthou daai ouens kan uit 250 miljoen mense se tuisvideo's kies, so hul keuse is effens groter as tussen 'n hoender wat gehipnotiseer word en 'n hoender wat sokker speel.

Ag wat, Klipoog wil dit nie invryf nie. Al wat Klipoog wil sê, is Klipoog gaan dit liewers nie weer aansit nie, want dit het 'n ontstellende uitwerking op Klipoog se kat. Toe Klipoog die volgend oggend wakker word, staan dié op die punt van 'n snoekerstok langs die bed gebalanseer met 'n tregter voor die mond en sing 'n nabootsing van Casper se nabootsing van jy weet wie:

My oom noem my tannie 'n ou masjien
en pomp haar vol met diesalien
En hy kyk na my tannie met sy lighter in die hand
en hy sê: My skat, nou steek ek jou aan die brand...

Klipoog het dit nogal onrusbarend gevind, want Klipoog het nie eens 'n kat nie.

### GUTEN ABEND, BROER

**KLIPOOG** kry die indruk dat die Amerikaners se sitcoms baie mensliker is as hul rolprente, maar dat die situasie eienaardig omgekeerd is in Europa: terwyl die rolprente uit dié vasteland gewoonlik baie mensliker is as dié uit Amerika, is die sitcoms baie onmensliker.

Is dit 'n illusie? Klipoog weet nie. Maar Klipoog loop maar lig vir die Europese TV-reekse wat so lustig in Afrikaans oorgeklank word, want as hulle nie afgryslik kunsmatig is nie, is hulle kunsmatig afgryslik (*Baaspeurder Faber* en dié soort van ding).

Tog wil Klipoog 'n lansie breek vir een besondere program wat 'n mens maar met 'n geruste hart kan aanskakel, al is dit om middernag op 'n Vrydag: die reeks Vir die Verdediging, wat die pittige avonture uitbeeld van advokaat Liebling (die kwastig-maar-dierbare ou korrelkop wat sy regstudie in die tronk voltooi het).

Klipoog geniet dié Duitse soort humor - saaklik en ongeërg, maar tog deernisvol en koddig snaaks. Dit laat jou sommer lekkerder slaap met die wete dat mense aan die ander kant van die aarbol ook kan glimlag.

**MARKET THEATRE**
832-1641
DAVID KRAMER AND TALIEP PETERSEN'S *FAIRYLAND*
ONS IS READY VIRRIE JO'BURG
DIRECT FROM A 2 YEAR SELLOUT SEASON IN CAPE TOWN
ENDS 28 MAY

**LAAGER THEATRE**
832 1641
*VRYGROND* - AMSTEL AWARD WINNING PLAY '92
"VRYGROND IS FULL-BLOODED THEATRE ..." - *STAR*
WRITTEN AND DIRECTED BY CHARLES FOURIE
WITH CHRIS GXALABA, NATIE RULA, RICK RUDOLPH, VICKY RENTE, TINA JAXA AND WILLEM VAN DER WALT
ENDS 22 MAY

**UPSTAIRS THEATRE**
832 1641
*SILENT MOVIE*
WITH SEPUTLA SEBOGODI, LEILA HENRIQUES AND RICHARD CARTER
CONCEIVED AND DIRECTED BY BARNEY SIMON
"THIS IS THE MAGIC OUR THEATRE NEEDS" BARRY RONGE
ENDS 29 MAY

**KIPPIES**
KIPPIE'S THE HOTTEST JAZZ SPOT IN JOHANNESBURG!!!
WEEKEND DOUBLE BILL
FOR SOMETHING DIFFERENT JOIN MEGAN KRUSKAL, LYNNE MAREE AND BO PETERSEN IN EROS DOES EROTICA.
11 - 22 MAY
AND
BARNEY RACHABANE WILL APPEAR LIVE THIS WEEKEND AND NEXT WEEKEND.

**FLEA MARKET**
SPEND YOUR SATURDAYS AT THE ORIGINAL JOHANNESBURG FLEA MARKET WHERE YOU CAN ENJOY LIVE ENTERTAINMENT WHILE YOU BROWSE BARGAIN HUNT IN OUR EXCITING SELECTION OF STORES.

**GRAMADOELAS RESTAURANT**
SERVING AN ASSORTMENT OF DELECTABLE, SPICY, AROMATIC DISHES FROM THE WHOLE AFRICAN CONTINENT.
NOW OPEN ON MONDAYS AND CLOSED ON SUNDAYS.
PHONE: 838 6960

**MARKET THEATRE GALLERIES**
DIANA PAGE'S GOING HOME PAINTINGS AND DRAWINGS
THE EXIBITION WILL BE OPENED BY MIRA FASSLER KAMSTRA
ENDS 20 MAY



Tanja Graafland (Sylphide) en Johnny Bovang (James) in *La Sylphide*

# patos, **afsku,** *verworpenheid,* weerwraak, waardigheid **en** finesse

Truk Ballet se herfsprogram bestaan uit 'n Franse stuk, *Conservatoire,* uit die middel-negentiende eeu en die Spaanse *La Sylphide*, wat destyds 'n balletrevolusie veroorsaak het. Bravo, sê **FRED VAN STADEN**, nadat hy die opvoerings twee aande in 'n ry gaan kyk het

**TRUK-BALLET** se weergawe van *Conservatoire* het gesprankel. Dié eenbedryf besing die tegniese kundigheid van die Franse danstradisie in die middel van die negentiende eeu. Dit speel in 'n ou Paryse oefensaal waar 'n klompie talentvolle leerlinge 'n balletklas neem.

Die balletmeester en twee jong ballerinas is die hoofkarakters in dié lighartige, maar sterk gedissiplineerde stuk. Die ontluikende talente van Leticia Müller en Ann Wixley word met uitbundige dansolo's ten toon gestel terwyl Kimbrian Bergh in die mars-solo en die Spaanse driepas bewys dat hy die kollig verdien. Nigel Hannah is ten volle in beheer van die karakter van die balletmeester en bind die verskillende bewegings oortuigend saam. Dié werk het soos 'n glasie wyn voor die maal gevonkel en 'n mens voorberei vir die hoofgereg wat sou volg.

**IN DIE TWEEDE** deel van die program is 'n ware feesmaal vir oog en oor opgetower. *La Sylphide* vertel die hartseer verhaal van 'n jong man wat die pad na vervulling byster raak deur 'n illusie na te jaag en dit in 'n werklikheid te probeer omskep. Met dié 1832-opening van *La Sylphide* in Parys is die eerste volwaardige romantiese ballet aan die wêreld bekend gestel. Ballerinas het op die punt van hul tone begin dans en wit klokvormige tutus begin aantrek. Dié merkwaardige ballet, wat 'n bloeityd vir die ballet ingelei het, verdien om in die repertoire van enige volbloed balletgeselskap lewend gehou te word.

Tanja Graafland lewer 'n volmaak gebalanseerde uitbeelding van 'n verleidelike, maar ook onbereikbare silf - 'n eteriese wese wat slegs in 'n verbeeldingsvlug vasgevang kan word. Graafland vertolk die rol asof dit vir haar bedoel is - as 'n swewende illusie van verleidelikheid wat haar minnaar en die gehoor voortdurend aan haar voete het.

In die rol van James Reuben, 'n Skotse jongman wat op die vooraand van sy huwelik besluit om 'n droom na te volg, skep Johnny Bovang 'n karakter wat desperaat meegevoer word deur die visioen van die bo-aardse silf. Met gevoelvolle gesigsuitdrukkings en gebarespel verander sy verwondering in obsessie. Bovang is duidelik in sy element. Sy karakterisering is oortuigend genuanseerd en tegnies is daar min wat verbeter kan word. Die finale tweepas van Graafland en Bovang is asemrowend en het met die openingsaand dawerend applous ontlok.


**DIE HEKSAGTIGE** Madge speel 'n sleutelrol: dit is sy wat James daartoe lei om sy droom te vernietig en terug te keer na 'n wêreld van vlees en bloed en verspeelde kanse. Die rol pas Nigel Hannah soos 'n handskoen. Hy vleg komiese momente, patos, afsku, verworpenheid en weerwraak vernuftig saam in een karakter wat tegelyk simpatie en weersin by 'n mens wek. Bravo Hannah! Met die volgende aand se opvoering het Bruce Simpson, nou beter bekend as balletmeester, dié rol vertolk en dit was 'n plesier om hom weer op die verhoog te sien. Met al die ervaring wat hy deur die jare opgedoen het, is dit jammer dat gehore nie veel meer van hom te siene kry nie.

Verder het Christopher Montague se lewendige uitbeelding van Gurn, James se broer, sekerlik nou sy kritici se monde gesnoer. Van sy eerste tree op die verhoog tot met die laaste verbytog van die huweliksgeselskap vloei die emosie. Met die tweede opvoering het Iain Macdonald se debuut in dié rol 'n mens laat regop sit. Die toekoms hou belofte vir hierdie jong man in.

Anna, die ryk weduwee, is statig vertolk deur Mari Jooste. Soos met haar uitbeelding van die Koningin in *Swanemeer*, het sy die karakterrol met waardigheid en finesse gevul.

**DIT IS EGTER** die balletkorps wat die hoogste lof verdien vir hul ensemblespel, gedissiplineerde groeperings en inkleding van die storie wat hom voor hulle ontvou. Selfs die kinders wat in sommige van die groepdanse gebruik is, is perfek afgerond.

Hoewel die Pretoria-speelvak al verby is, kan dié uitsonderlike produksie nog op 21 en 22 Mei in Springs se Stadsteater of op 5 Junie in Vereeniging se Stadsteater bygewoon word.



PIC: SALLY SHORKEND

# the cult of the hero

by charl blignaut

**KENDELL GEERS was born in 1967 and grew up in Germiston's working class suburb of Leondale, opposite the freeway to Katlehong. Later his family moved to Boksburg. With no formal knowledge of art, he decided to study fine art at Wits between the years 1984 - 1988. One of his final practicals caused the kind of controversy that has marked his career and been spurned by his own outspoken approach to the subject of art. It was called "cross my heart and hope to die" and he did just that: cut a cross over his heart with a razor blade.**

**His first solo exhibition, Mediations, was held at the Goodman Gallery in 1988 and sold surprisingly well. It earned him a Vita Quarterly and overall Vita Merit award. He moved to New York to defy his army conscription, and there worked with established artists and discovered the mechanics of the gallery system. On his return he exhibited on various group shows, particularly with the FIG gallery, and curated the show Aids: The Exhibition. His second solo show, Threshold, opens at the Everard Read Contemporary Gallery in Rosebank tomorrow.**

**My editor says I must keep this short because you're over-exposed.**

That's a matter of opinion. I think there's this funny misconception that artists have to live in the garrets, not make money, and not be seen in public places. If anything, my work's about that - reflecting on the morality and media situation.

**Isn't everything about your work contrary to the South African art experience?**

Yes, but I don't think it's contrary to the South African experience. I think that South African art has for far too long now been a hobbyist pursuit with a bunch of hobbyist artists who go round subscribing to nineteenth century values and nineteenth century models of artist and subject and conception. But this is the twenty-first century.

**But the new young artists have formed their own buddy system - it's like a little avant-garde club for young whitie conceptualists.**

There are four or five really bright young artists. I think that a lot of the work is bandwagon stuff, with the rest just jumping aboard. I think it's a generation of artists who grew up on M-Net, it's a generation of artists who've grown up with computers, reading magazines. It's an exposed generation. We cannot claim ignorance any longer.

**So what about people that say you climbed the New York bandwagon - the slogans, photocopies, mona lisas, Benetton adverts, the odd Duchamp rip-off?**

It's the age I live in. I think people that would try to dismiss my work as being too internationalist miss the fact that we read *Vogue, Vanity Fair, Interview magazine, Face magazine* - and we buy them here. We go to the same movies that everybody else goes to. We listen to music from the rest of the world. But all of that is infused with a localised vision for art.

**The icons, the media symbols in your new work - they're all imported.**

I can't help that. That's my value system. I was brought up on an imported value system. My one grandfather is Dutch, the other one is British and since day dot at school I was placed and educated within a certain morality system. I'm responding to that and this show's about questioning what does it mean to be doing that in this context. For instance, one looks at Mantegna or Corbet or the statue of liberty and immediately, in South Africa, the irony is that we know these images, but we've never seen them in the flesh, we've seen reproductions, slides, catalogues and photocopies of them. I'm examining the meaning or the nature of the value in that image to reproduce form.

**Reprocessing, reprocessing, reprocessing. What is the South African experience that you bring to the work?**

I'm emphasising the mediated, the photocopied, the reproduced nature of these images. I'm attacking them, defacing them, which is a comment on art history and iconoclasm in terms of the avant-garde, but also a reflection on the society of violence that we're living in. Look at the newspapers to see how we're bashing things up.

**Why did you bash up the Mona Lisa?**

[Part one is shown in the photo above. Part two has pieces torn from that and placed on a canvas behind plastic. Part three features pieces of the Mona Lisa torn up and stuffed into a plastic seal bag.] How far can you go? How far can you destroy a reproduction of a reproduction of a reproduction of a painting before it stops becoming that painting? I'm not saying one way is right or wrong, I'm saying that this is about art.

**Have you included any South African artists**

I thought about it and I searched, but there isn't, for me, one single South African painting or image that takes on iconic proportion. Perhaps Pierneef, but that's not an icon to me, I don't respond to that work. It's not about my value system, but somebody else's value systems. In the same way I haven't included any ethnic motifs.

**You're reworking a lot of Duchamp?**

Just about the entire exhibition is derived from a Marcel Duchamp work called *Etant Donne* and it's a door and you look through this door and you look at a woman who is lying there with her legs open, holding up a light. The viewer becomes the voyeur and you cross the threshold of the gallery space and once you're in that space, the outside world ceases to exist, whether you like it or not. And you're confronted by a work which is ideologically coded and you're a witness. For instance many of the works were the scene of a crime and you're looking onto the scene. And you're arriving at a position, aesthetic, moral, ideological, which reflects your own status.

**You rely quite a lot on the tradition of the artist selling the idea of the artist and not just selling the idea of the work. I couldn't imagine that South Africa is particularly conducive to that - we've had no Warhol or Koons tradition?**

I don't know if we've even had what one would refer to as a modern artist. And I keep saying that, but the majority of South African artists - even our greats - are stuck in an archaic tradition. It doesn't feel like they've made the transition to the twentieth century, where you find the cult of the individual, the cult of the hero, the cult of the artist.

**Are the press uneducated?**

Indeed, that some people will claim I'm over-exposed. That's a value judgement that says more about their position than mine. I don't believe I'm over-exposed at all. There's a criticism of an ego-centred approach, but it happens in politics, it happens in music, even in theatre. The closest we came in art was Walter Battiss, but from an entirely different perspective.

**And the issue of art and morality?**

See, I believe that morality is coded in art. Either it affirms it - anything from traditional African art through to most of the illustrative type of art we get. Or else it undermines it and subverts it - that I see as the avant-garde. I'm interested in how art, specifically, manifests reality and how art, specifically, is able to undermine that morality by recycling something old, and in so doing changing the meaning, changing the context, ultimately changing the value.

**Don't you get tired of intellectualising a social or cultural materialist placement of the work? I mean, do you think the work you do has any value outside of its time and place?**

Yes, but it won't have the same meaning. The work will continue to exist, but a change in context is a change in meaning - that's what this work is about. And I think with my specific intention the works have about a five year lifespan, thereafter they become public property with any meaning attached to them.

**Why five years, why not fifteen minutes?**

That's been my experience - about five years. We don't have the same media structure that Andy Warhol was exposed to, therefore you cannot be over-exposed even if you tried.

**Your contradiction is that you'd like to deny a kind of art historical approach - or say bringing social and intellectual burdens to the work. But at the same time you draw on that incredibly strongly to manufacture and defend your work.**

That's a contradiction that exists in creating. I think South Africa has become a place where there's no room for contradictions. I think that's wrong. We need to not only be allowed to, but be encouraged to contradict ourselves. Irony, sarcasm, wit, humour are becoming absent from our art.

**Why did you decide to start critting art?**

Because there was nobody out there. In South Africa you have artists, collectors and one or two dealers, but we don't have curators and critics and people who make a career manufactured around the art. Which is why I also work as a curator and a critic. I don't personally think that a work of art ever just stands on its own, it needs a specific translator.

**You've been bought by some of the bigger collections, but you're not really bought by the public?**

There's nothing like collectors here. For some reason people would rather spend a thousand rand on a piece of antique furniture. And when it gets to the major leagues they'd rather go overseas and buy an international artist. I think the lack of support by collectors is partly what's responsible for art being held back here. They still conceive of art as material, they're not concerned with concepts. They can be powerful - look at Koons, he was made by the collectors.

**OK, but Koons recently said in an interview that now for the first time does he feel like people are taking him seriously as an artist. It's hardly surprising - I mean, this is a man who sends instructions to factories to produce his work. His latest feat is posing naked with Cicciolina in erotic, kitsch statuettes and photos...**

You know, when an art dealer came up to me one day, and said, 'Kendell, why don't you stop playing the fool and make art...'.

**Do you think that's because you don't paint? [One of the works displays only a French phrase which is translated as: As Dumb as a Painter.]**

Yes. She wanted me to buy brushes and canvasses and paint. I know I can paint, I went through four years at Wits fine art department.

# Foster en Gere kan

## *Sommersby* nie red nie

*Sommersby* is die Amerikaanse weergawe van 'n Franse kunsfilm. **CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN** meen die Amerikaners moet eerder die Franse se films uitlos



Jodie Foster en haar bravade-en-gekweste-kyk-kombinasie



Richard Gere sonder die lean mean hungry look

**DINGE** was effens vaag maar nie onhanteerbaar nie. Daar was twee Jack Sommersby's in *Sommersby* - dit was net 'n kwessie van wie is wie. Of so het mens gedink tot Laurel (Jodie Foster) haarself óók as Jack Sommersby geïdentifiseer het - soos in "Mrs Jack Sommersby".

Foster-fans kan dié film maar 'n mis gee as hulle dink hulle gaan haar in 'n tipiese rol sien: die sielkundig geskende dog sterk vrou (soos gesien in *The Accused* en *Silence of the Lambs*). Nou is sy die stoere boerevrou met haar hande in die grond en haar voete stewig op die aarde geplant (tog vreemd dat sy in haar keurigste uitrustings skoffel...). Ná jare keer haar eggenoot terug van nêrens - nie meer heeltemal dieselfde mens nie.

Haar trouplanne met die afbeen-buurman val oombliklik deur die mat - tot sy intense teleurstelling maar nie hare nie: na 'n deurpriemende tuur in sy oë, flikflooi Laurel sonder skroom by manlief (Richard Gere).

En dinge gaan voor die wind. Ou Jack is nie meer wat hy was nie: hy is nou 'n innoverende vent met allerlei dapper idees oor hoe die post-oorlog blues (en geldelike probleme) afgeskud kan word.

**DIS TYD VIR** die warm gevoel van kommunaliteit: saam sing en dans en werk die burgers - op so 'n joviaal Amerikaanse manier. 'n Politieke kleurtjie slaan deur: heelparty van die burgers voel steeds 'n nigger is 'n nigger en die Ku Klux Klan plant 'n brandende kruis voor Sommersby se huis. Maar aan mannemoed is daar geen gebrek by hom nie: eiehandig jaag hy die spookruiters weg.

Die oomblik van waarheid moet nou haas aanbreek: is Jack Sommersby Jack Sommersby? Om die kwessie uit te pluis, verskuif ons na 'n hofsaal om dit in *My Cousin Vinny*-styl op te los. Jack dank dus sy advokaat af en neem die verrigtinge oor. Maar voor dít kan gebeur, moet daar eers nóg 'n nie te subtiele politieke statement gemaak word: die hofgangers snak na hul asems toe 'n swart regter die hof binnekóm. Ja, swartes kan óók regters wees...

Die toneel sloer aan terwyl Jack Laurel probeer oortuig dat hy wel Jáck is. Jou grootse bate is oënskynlik 'n goeie naam - en Jack, wat nie eintlik Jack is nie maar een of ander onderduimse kansvatter, is bereid om te sterf daarvoor.

***SOMMERSBY*** is die Amerikaanse weergawe van die Franse kunsfilm *The Return of Martin Guerre*. Regisseur Jon Amiel het die film veramerikaniseer met talle Hollywood-truuks maar die oorspronklike einde behou. Die gevolg is 'n aanloop tot 'n *Robin Hood Prince of Thieves*-einde maar in stede 'n hoogs teleurstellende óngelukkige einde. Geen pyl deurklief die galgtou nie, ek's bevrees.

Ook word die film gebruik om beuselagtige statements oor rassisme te maak met die Ku Klux Klan-toneel en die hoogs onwaarskynlike verskyning van die swart regter. (Die irriterende James Earl Jones duik altyd as die token swart verrassing op.)

Om dié powere storie te laat verkoop, is Foster en Gere (albei toevallig bekend vir polities korrekte opmerkings) ingesleep. Foster speel vir die eerste keer 'n vrou. Ja, van die gewone, stereotipiese soort: rokkies, kindertjies, 'n man, 'n huis ens. Vandaar dan talle onoortuigende tonele waar sy liefdevolle woordjies in haar man se ore koer en babas naarstiglik vasklem. Die bravade bedek steeds daai gekweste kyk (beroemd gemaak in *Silence of the Lambs*) net-net - maar dié keer spruit laasgenoemde eerder uit pure verbouereerdheid.

Gere het sy lean mean hungry look van *American Gigolo* helaas verloor. Nou is hy 'n goedige gladdegesigman met heelwat sjarme. Sy uitbeelding van *Sommersby* is meer oortuigend as Foster se Laurel. Die aard van die draaiboek verhoed egter enige werklike karakterontwikkeling.

Die volgende Amerikaanse weergawe van 'n Franse film is *Point of No Return* - oorspronklik *La Femme Nikita*. Ek ril by die gedagte...



Shirley MacLaine ... "lack of facial expression"

# Blend of the bland and the garish

*Used People* relies chiefly on clichés says **MARIANNE FOURIE**

**THE** love drama that unfolds between Pearl Berman, a Jewish widow, and an Italian widower, Joe Meledandri, is the central intrigue of Beeban Kidron's *Used People*. It is set in Queens, New York, in 1969, a year renowned for its magical quality. Neil Armstrong steps onto the moon, long-haired youth roll on the grass in the park, and an unconvincing hippy priest and an equally unconvincing hippy rabbi preside over the wedding at the end of the film.

This is the year of new chances and choices. Shirley MacLaine is Pearl, whose husband has died. At his funeral appears Joe (Marcello Mastroianni), conspicuous in the midst of the large Jewish family. He professes to have been a friend of her late husband, and Pearl agrees to drink coffee with him - to the consternation of the anything but grief-stricken relatives. They meet in the Italian part of town where Joe reveals how in 1946 he persuaded her husband not to abandon her and their two children. Pearl's husband loved her, but was unable to express his love and felt intimidated by her: an unmatched couple. The Italian's advice: dance with her, I'll teach you how. But when he watched them dancing, Joe promptly fell in love with Pearl - and now after twenty-three years asks her to marry him.

**THE WEDDING AT** the end of the film contrasts with the funeral in the beginning. The message is obvious - it is never too late to start afresh. All the second-hand people, used by life, come to terms with their various problems and choose spiritual revitalisation. The last scenes are improbable and silly. Pearl's schizophrenic daughter is miraculously cured; the other daughter has learned to accept her body and has created a new, more glamorous image for herself; the little boy who thinks he is superman finds true love, and so forth.

All these changes have been brought about by the introduction of Joe into the bickering, emotionally manipulative and confused Berman family. As he slowly coaxes the reluctant Pearl into marrying him, he affects, directly and indirectly, the lives of the other family members. However, the character Mastroianni portrays is only moderately charming. Joe's personality is not inspiring and it does not justify the influence he has over the other's lives.

He and Pearl are an excellent match. His blandness of character compliments her lack of facial expression. This film could have been a successful portrayal of a subtle love affair between two mature people, but their relationship and characters are completely dwarfed by the other characters.

**MOST GARISH** is the representation of the schizophrenic daughter Norma (Marcia Gay Harden), who has lost a child and whose husband has abandoned her. During most of the film she acts as a purely comic element. She impersonates movie stars, in one scene donning white wig and dress and acquiring the seductive mannerisms of Marilyn Monroe. She seduces the psychiatrist as Mrs Robinson. He uncovers her game, but remarks that he does not know the film she enacts when she handcuffs him to the bedpost and drips hot candle wax onto his chest. Quite right too, Body of Evidence would not appear for at least another twenty years.

Norma is convincing as the humorous prop we are introduced to, but not as the human being in pain we are asked to accept after a lightning transition towards the end of the film. The change is incongruous, a move from the ridiculous to the ridiculous.

The two old Jewish ladies, Freida (Jessica Tandy) and Becky (Sylvia Sidney), are the most prepossessing characters in the movie.

The clash between two cultures, Jewish and Italian, is almost non-existent even though this is an important factor in the Bermans' unwillingness to accept Joe. The Italians are hardly ever featured. At a catastrophic dinner, the old Italian mama, the epitome of Italian Catholicism, does not seem any different from the old Jewish mama.

Used People relies chiefly on cliches. One constantly has the feeling that one has seen some aspects of character and some situations before in better productions. And like Joe Meledandri, one never doubts how the film will end.



Die Vicomte de Valmont (Colin Firth) speel met 'n jong slagoffer

# 'n tweede blik op dieselfde amoraliteit

Stephen Frears se *Dangerous Liaisons* was óók besig om vervaardig te word toe Milos Forman 'n film genaamd *Valmont* van Laclos se *Les Dangereuses Liaisons* gemaak het. Intussen het Frears se weergawe te midde van vurige lof gekom en gegaan. **CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN** gee 'n voorskou van *Valmont*

**MILOS FORMAN** is nie die enigste regisseur wat 'n film van Choderlos de Laclos se *Les Liaisons Dangereuses* gemaak het nie: behalwe Roger Vadim se 1959-weergawe is twéé films gegrond op Laclos se meesterlike vertelling van aristokratiese hedonisme in 1988 gemaak: deur Milos Forman én Stephen Frears.

Dit was geen toevalligheid nie. Volgens Christopher Hampton, die skrywer van die toneelstuk *Dangerous Liaisons*, het Forman hom in 1987 met die oog op die aankoop van die filmregte genader. 'n Ontmoeting is gereël, maar Forman het nie sy opwagting gemaak nie. Ná 'n ruk van doodse swye is Hampton laat weet Forman beplan om 'n film genaamd *Valmont* van Laclos se boek te maak. Dit sou nie op Hampton se toneelstuk geskoei word nie.

Lorimar - wat die filmregte vir die toneelstuk bekom het - het sonder sukses met Forman probeer onderhandel. Intussen het Stephen Frears ingestem om die regie te behartig. John Malkovich sou die professionele pierewaaier Vicomte de Valmont, en Glenn Close die onderduimse Marquise de Merteuil vertolk. Michelle Pfeiffer is gevra om die skugter, stemmige Madame de Tourvel te speel.

Maar nog was dit het einde niet: Forman het Pfeiffer die rol van die Marquise de Merteuil aangebied. Sy was besluiteloos en het tydens die verfilming van *Tequila Sunrise* met die twee draaiboeke in haar kar rondgery. Soos ons nou weet, het Hampton se weergawe uiteindelik byval gevind. Forman het hom nie laat onderkry nie: hy het Annette Bening vir die rol van die Marquise gekry.

**FORMAN SE WEERGAWE** is dus 'n regstreekse aanpassing van Laclos se enigste belangrike boek. Laclos was 'n soldaat in die Franse leër toe hy *Les Liaisons Dangereuses* in 1781 geskryf het. Die styl van die narratief getuig daarvan: die briewe waarmee die verhaal van aristokratiese promiskuïteit vertel word, is strategies georganiseer - Laclos hanteer sy karakters se liefdesintriges soos militêre operasies.

*Les Liaisons Dangereuses* is deur Jean-Jacques Rousseau se *La Nouvelle Heloïse* geïnspireer: Laclos het Rousseau in denke en skrywe nagevolg. Die gevolg is 'n meesterstuk van die Era van Verligting - 'n verhaal waarin die rede oor emosie seëvier.

Laclos se karakters is geskoei op werklike individue in die adellike kringe van sy tyd. Die herkenbaarheid van die karakters het opskuddings in pre-revolusionêre Frankryk veroorsaak. Dit was 'n tyd van socialites wat - salig onbewus van die naderkruipende skadu van die guillotine - hul plomp wange bepoeier het en hulle aan die sondes van die vlees vergryp het.

Laclos se twee hoofkarakters, Valmont en Merteuil, bewimpel slinkse planne van verleiding waarmee hulle die preutse, die onervare, die jeugdige tot oorgawe dwing. Hul kille magspel - met die korrupsie van deug as doelwit - neem onheilspellende proporsies aan wanneer hulle hul taktieke téén mekaar inspan.

In Frears se weergawe word geen morele prekies afgesteek nie. Merteuil en Valmont se aptyt vir die vernietiging van andere word ysingwekkend aangebied. Die gewigtigheid is voelbaar - veral Merteuil se gevoelloosheid maak mens koud.

**NADAT HY UIT** Tsjeggo-Slowakye gevlug het met die Sowjet-inval van 1968, het Forman *Taking Off*, sy eerste Amerikaanse film, gemaak. Wat hom egter as regisseur gevestig het, is sy film van Ken Kesey se *One Flew Over The Cuckoo's Nest*.

Die banale *Hair* het gevolg: 'n sentimentele verhaal van sestigers-idealisme. *Ragtime*, gegrond op EL Doctorow se boek van die Amerika van 1906, word beskou as beter as die boek maar steeds gemiddeld. Met *Amadeus* het Forman flieklieflhebbers weer eens gaande gehad: Mozart se genialiteit, sy ampere kranksinnigheid, sy agteruitgang en Salieri as die haatlike mededinger, is uitstekend uitgebeeld. *Amadeus* is met agt Oscars bekroon.

Hoewel *Valmont* nou eers by ons te sien is, is dit reeds in 1989 uitgereik. Die relatief onbekende Colin Firth het die rol van Valmont ingepalm. Hy is 'n Britse akteur wat meestal teaterwerk gedoen het en in klein rolle in 'n paar obskure films gesien is. Sy belangrikste rol was dié van die hoofkarakter in die teaterproduksie van *Another Country*. (Rupert Everett het met dié rol in die filmweergawe roem verwerf.)

Annette Bening het die Marquise de Merteuil in *Valmont* vertolk net voor haar deurbraak as die nimfomaniese opportunis in Stephen Frears se *The Grifters*. Die karakter ontlok nie juis simpatie nie, maar Bening se uitbeelding van die sletterige verleidster is uiters geslaag.

Sedertdien was daar 'n paar minder inspirerende rolle: in die verhaal van die mobster wat Las Vegas uitgedink het, *Bugsy*, kan haar rol as die koel Virginia teenoor Warren Beatty nie as veeleisend bestempel word nie. Sy het ook nie juis die verbeelding aangegryp teenoor Harrison Ford in die vervelige *Regarding Henry* nie.

Of Bening 'n beter Marquise de Merteuil kan wees as die ysige Close, sal gesien moet word. Sy beskryf haar aanslag deur Hemingway aan te haal: "'All things wicked start from innocence.' I was hoping to bring some humanity to the role. You may not understand her, but I hope you believe her."

Meg Tilly vertolk die rol van Madame de Tourvel. Sy was voorheen in Agnes of God te sien waarvoor sy Oscar- en Golden Globe-nominasies ontvang het.



Annette Bening in *The Grifters*

**IN DIE LIG** van sy indrukwekkende loopbaan wonder mens hoekom Forman voortgegaan het met nóg 'n weergawe van *Les Dangereuses Liaisons*. Hy was ongetwyfeld bewus van Frears se weergawe - *Valmont* is ná *Dangerous Liaisons* uitgereik en is grootliks geïgnoreer as gevolg daarvan. Tog sal dit interessant wees om te sien wat hy met Laclos se studie in amoraliteit gedoen het...

## 'N FILMIESE BIOGRAFIE

- 1932: Milos Forman is naby Praag in Tsjeggo-Slowakye gebore.
- 1941: Ouers deur Gestapo in hegtenis geneem - albei sterf in Nazi-kamp.
- 1955: Gradueer aan die Universiteit van Praag se filminstituut en begin draaiboeke skryf.
- 1963: Eerste film, *Black Peter*, gewild by onder meer die Cannes-filmfees. Goue Era van Tsjeggiese films breek aan met Forman en regisseurs soos Jan Kadar en Jiri Menzel aan die spits.
- 1968: Forman bevind hom in Parys tydens die Sowjet-inname van Tsjeggo-Slowakye.
- 1971: Maak *Taking Off*, sy eerste Amerikaanse film.
- 1975: Groot deurbraak met *One Flew Over The Cuckoo's Nest*.
- 1978: *Hair*
- 1981: *Ragtime*
- 1984: *Amadeus*
- 1989: *Valmont*

